SENSORIESE STIMULASIE VAN DIE LAERSKOOLKIND MET DISLEKSIE

deur

ELSIE SUSANNA ELIZABETH SWART

voorgelê ter gedeeltelike vervulling van die vereistes
vir die graad

MAGISTER DIACONIOLOGIAE
(SPELTERAPIE- RIGTING)

aan die

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

STUDIELEIER: MNR H B GROBLER

NOVEMBER 2005

Verklaring

Ek, die ondergetekende verklaar hiermee dat Sensoriese Stimulasie van die Laerskoolkind met Disleksie my eie werk is en nie in die geheel of gedeeltelik by enige ander universiteit ter verkryging van ‘n graad voorgelê is nie. Alle bronne wat ek gebruik of aangehaal het, is deur middel van volledige verwysings aangedui.

_____ _____

Handtekening **Datum**

(Mev ESE Swart)

Kennisname

Die navorsingsverslag: Sensoriese Stimulasie van die Laerskoolkind met Disleksie bestaan uit vyf hoofstukke en beslaan 129 bladsye.

In hierdie navorsingsverslag word deurgaans na die navorser of manlike geslag verwys. In hoofstuk drie en vier word ook na die navorser as die “spelterapeut” verwys wanneer die waarnemings van die spelterapiesessies beskryf word.

Bronne wat spesifiek oor sensoriese stimulasie en disleksie handel, is beperk omdat min navorsing oor die onderwerp nog gedoen is.

Bedankings

Alle lof, eer en dank aan God wat alles moontlik gemaak het, want sonder Hom sou ek tot niks in staat gewees het nie. Dit was met ‘n seker wete dat dit Sy Wil was, dat ek kon voortgaan.

Ek wil graag die volgende persone bedank :

- Oneindige dank aan my ouers wat my met soveel liefde grootgemaak het.
- Baie dankie aan my wonderlike man, Gerard, wat my soveel ruimte gee en dit in alle opsigte vir my moontlik maak om myself te wees en te groei. Jy help altyd met liefde en is vir ons gesin ‘n stewige rots.
- Baie dankie aan Elsje, my besondere dogter, wat verstaan en bereid is om haar ma te deel met ander kinders wat aandag nodig het.
- Baie dankie aan my studieleier, Herman Grobler, vir sy bekwame leiding, geduld, beskikbaarheid en aanmoediging wanneer ek dit baie nodig gehad het.
- Baie dankie aan Ester Brand wat my vriendin is en help lees het aan die verhandeling.
- Baie dankie aan Etta Coetzee vir die professionele taalversorging.
- Dankie aan die kinders wat so entoesiasties deel geneem het aan die navorsing en hulself ter wille daarvan blootgestel het.
- Baie dankie aan EDUHELP Leersentrum wat altyd bereid was om my te help en die kinders met soveel liefde en begrip leer.
- ‘n Spesiale dankie aan my werkskollegas wat my aangemoedig, gehelp en dit vir my moontlik gemaak het om die verhandeling te voltooi.

Opsomming

Disleksie is ‘n leergeremdheid met baie implikasies vir die kinders en wat kan lei tot emosionele en gedragsprobleme omdat hulle nie altyd aanvaar word deur hul portuurgroep nie. Die vermoede dat kinders met disleksie ook probleme ondervind met sensoriese integrasie, is in die literatuur bevestig.

In hierdie navorsing is Gestaltspelterapie gedoen met drie laerskool kinders met disleksie om die kinders se bewussynsvlak van hulself te verhoog. Inligting is verder ingesamel deur ‘n literatuurstudie, waarneming en semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges en ouers.

Die kwalitatiewe kenmerke wat die sensasies vir die kinders gehad het is waargeneem en dit was duidelik dat die sensoriese stimulasie wat deel van die spelterapiesessies was, aanleiding gegee het tot voorgrondse gedagtes, gevoelens en gedrag. Hierdie waarnemings is in die literatuur bevestig en gevolgtrekkings en aanbevelings is volgens die doelwitte gemaak. Gevolglik het hierdie navorsing ‘n belangrike bydrae gelewer om die sensoriese belewenis van kinders met disleksie beter te verstaan.

Sleutelterme

- Sensoriese stimulasie
- Gestalt
- Laerskoolkind
- Disleksie
- Bewustheid
- Gedragsverandering
- Spelterapie
- Leergeremdheid
- Gevoelens
- Sensoriese integrasie disfunksie

Summary

Dyslexia is a difficulty in learning to read and write, with many implications for the children because of emotional and behavioral problems. The suspicion that they might experience problems with sensory integration as well, is confirmed in the literature.

The purpose of sensory stimulation in Gestalt playtherapy is to raise the level of awareness of themselves and in this research, playtherapy was done with three primary school children with dyslexia. Information was further obtained through a literature study, semi-structured interviews and observations.

It was clear that the sensory stimulation was part of the therapeutic sessions and led to thoughts, feelings, and behaviour. The qualitative characteristics which the sensations had for the children were observed and confirmed by the literature.

Conclusions and recommendations were made according to the objectives of the study and this research made an important contribution to understanding the sensory awareness of children with dyslexia.

Key words

Sensory stimulation
Gestalt
Primary school children
Dyslexia
Awareness
Behavior change
Playtherapy
Learning difficulty
Feelings
Sensory integration dysfunction

Inhoudsopgawe

Verklaring i

Kennisname ii

Bedankings iii

Opsomming iv

Summary v

Hoofstuk 1 : Algemene Inleiding

1.1 Inleiding 1
1.2 Motivering vir keuse van onderwerp
1.2.1 Dienslewering 1 - 2
1.2.2 Lewensfase 2
1.2.3 Emosies, behoeftes en gedrag wat ‘n rol speel 2 - 3
1.2.4 Navorsing 3
1.2.5 Gestaltteoretiese beginsels 3 - 4
1.2.6 Voordele 4 - 5
1.2.7 Persoonlike en professionele motivering vir die studie 5
1.3 Probleemformulering 5
1.4 Doelstellings en doelwitte
1.4.1 Doelstelling 5 - 6
1.4.2 Doelwitte 6
1.5 Navorsingsvraag vir die studie 6
1.6 Navorsingsbenadering 7
1.7 Soort navorsing 7 - 8
1.8 Navorsingstrategie: Kwalitatief 8
1.9 Navorsingsprosedure en werkswyse 9

1.10 Uitvoerbaarheid van die ondersoek
1.10.1 Literatuurstudie 9 - 10
1.10.2 Konsultasie met kundiges 10 - 11
1.10.3 Voorondersoek 11
1.10.4 Universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming 12
1.11 Etiese aspekte 12 - 14
1.12 Definisies van hoofkonsepte
1.12.1 Sensoriese stimulasie 14 - 15
1.12.2 Disleksie 15 – 16
1.12.3 Sensoriese integrasie disfunksie 16 - 17
1.12.4 Gestaltspelterapie 17 - 18
1.12.5 Laerskoolkind 18 - 19
1.13 Indeling van die navorsingsverslag 19 - 20

Hoofstuk 2 : Die voorondersoek

2.1 Inleiding 21
2.2 Die doel van die voorondersoek 21
2.3 Die verloop van die voorondersoek 22
2.4 Belangrike momente van die voorondersoek
2.4.1 Literatuurstudie 22
2.4.1.1 Sensoriese stimulasie in spelterapie 23
2.4.1.1.1 Inleiding 23
2.4.1.1.2 Sensoriese inligting 23 - 24
2.4.1.1.3 Die kind se behoefte aan sensasie 24 - 26
2.4.1.1.4 Die fisiologiese proses 26 - 27
2.4.1.1.4.1 Visie 27 - 28
2.4.1.1.4.2 Gehoor 28 - 30
2.4.1.1.4.3 Tas 30
2.4.1.1.4.4 Reuk 30 - 31
2.4.1.1.4.5 Smaak 31 - 32
2.4.1.1.4.6 Beweging (vestibulêre sintuig) 32

2.4.1.1.4.6.1 Interosepsie 32 - 33
2.4.1.1.4.6.2 Liggaamsposisie (propriosepsie) 33
2.4.1.1.4.6.3 Verwerking en filtrering 33 - 35
2.4.1.1.4.7 Persepsie 36 - 37
2.4.1.1.4.7.1 Persepsie en konstantheid 37 - 38
2.4.1.1.4.7.2 Persepsie van diepte 38 - 39
2.4.1.2 Disleksie 40
2.4.1.2.1 Identifikasie van disleksie 40
2.4.1.2.2 Definisie 41
2.4.1.2.3 Disleksie en sensoriese integrasie 41 - 42
2.4.1.2.4 Die breinstruktuur 42 - 43
2.4.1.2.5 Genetiese ooreenkomste 43 - 44
2.4.1.2.6 Diagnose 44
2.4.1.2.7 Sub-tipes van disleksie 44
2.4.1.2.7.1 Vertraagde ontwikkeling 45
2.4.1.2.7.2 Spesifieke erge fonologiese gebreke 45
2.4.1.2.8 Visuele prosesserings tekort 45
2.4.1.2.9 Visueel persepsuele probleme 46
2.4.1.2.10 Verwante gedrag 46
2.4.1.2.11 Persoonlike gevolge 46 - 47
2.4.1.2.12 Gevolge vir die familielede 47
2.4.1.2.13 Die bestuur van disleksie 47
2.4.2 Die benutting van kundiges 48 - 49
2.4.3 Terapeutiese intervensie 49
2.4.3.1 Praktiese ondervinding in die voorondersoek 49
2.4.3.2 Voorlopige ondersoekende studie 49 - 50
2.4.3.3 Intensiewe studie met die spesifieke groep kinders 50
2.5 Die waarde van die voorondersoek 51
2.6 Evaluasie van die voorondersoek 51 - 52
2.7 Samevatting 52

Hoofstuk 3 : Navorsingsmetodologie : ‘n Empiriese perspektief en integrering van die bevindings

3.1	Inleiding	53
3.2	Navorsingsproses	
3.2.1	Navorsingsvraag	53
3.2.2	Beplanning vir die navorsing	
3.2.2.1	Die voorondersoek	53 - 54
3.2.2.2	Die insameling van inligting	54
3.2.2.3	Spelterapiesessies met die kinders	54
3.2.2.4	Video’s, veldnotas, semi-gestruktureerde onderhoude en waarneming van die kinders	55
3.2.2.5	Semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges, ouers en remediërende onderwysers	55 - 56
3.2.3	Prosessering van die data en navorsingsbevindings	
3.2.3.1	Sensoriese stimulasie met die kinders	56
3.2.3.1.1	Eerste sessie : Kennismaking	56 - 57
3.2.3.1.2	Tweede sessie : Reuksensasie	57 - 64
3.2.3.1.3	Derde sessie: Gehoorsensasie	64 - 72
3.2.3.1.4	Vierde sessie : Smaaksensasie	72 - 78
3.2.3.1.5	Vyfde sessie : Tassensasie	78 - 83
3.2.3.1.6	Sesde sessie : Sigsensasie	84 - 87
3.2.4	Inligting verkry van die ouers van die kinders	87 - 89
3.2.5	Inligting verkry van die remediërende onderwysers	90 - 91
3.2.6	Inligting verkry van die SIPT assesseringsvraelys	91 - 97
3.3	Samevatting	97

Hoofstuk 4 : Literatuurkontrole

4.1	Inleiding	98
4.2	Die bewuswordingsproses	98 - 99
4.2.1	Die dialoogverhouding	99 - 101
4.2.2	Sensoriese bewuswording	101 – 103

4.2.3 Bewustheid van voorgrondse gedagtes, herinneringe en emosies 103 - 104
4.2.4 Bewuswording van die liggaamlike self en gedrags-veranderinge 105 - 108
4.3 Sensoriese stimulasie en disleksie
4.3.1 Tas 108 - 109
4.3.2 Sig en persepsie 109 - 111
4.3.3 Gehoor 111 - 113
4.4 Sensoriese stimulasie en Gestaltspelterapie 113 - 116
4.5 Samevatting 116

Hoofstuk 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding 117
5.2 Navorsingsprobleem en doel van die studie
5.2.1 Navorsingsprobleem 117
5.2.2 Doel van die navorsingsondersoek 117 - 118
5.2.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings volgens die doelwitte van die ondersoek 118
5.2.3.1 Doelwit 1 : Die voorondersoek 118 - 119
5.2.3.2 Doelwit 2 : Literatuurstudie 119
5.2.3.3 Doelwit 3 : Beskrywing van die empiriese ondersoek 120
5.2.3.4 Doelwit 4 : Literatuurkontrole 120 - 121
5.2.3.5 Doelwit 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings 121
5.3 Gevolgtrekking 121 - 122
5.4 Aanbevelings 122 - 123
5.5 Beperkings van hierdie navorsing 123
5.6 Samevatting 123 - 124

Lys van bylae

Bylaag 1.1 : Ingeligte toestemmingsbrief
Bylaag 1.2 : SIPT assesseringskaal
Bylaag 1.3 : Skets van Mac

Bylaag:1.4 : Skets van Nataniël
Bylaag:1.5 : Skets van Nadia
Bylaag:1.6 : Sensoriese speelmediums: musiekinstrumente
Bylaag:1.7: Sensoriese speelmediums: reuk, sig, tas en smaak

Lys van tabelle

Tabel 2.1 35

Tabel 2.2 39

Lys van figure

Figuur 4.1 99

Bronnelys i - vi

Leeslys vi – vii

Hoofstuk 1 : Algemene Inleiding

1.1 Inleiding

Sensoriese stimulasie is ‘n sintuiglike ervaring en deel van die kontakverhouding tussen die Gestaltspelterapeut en die kind met disleksie. Dit impliseer die ontmoeting tussen die kind en die terapeut deur die kind se sintuie.

Die sintuiglike kontak kan beskryf word as die normale neurologiese proses waartydens ’n kind sowel sy eie liggaamsinligting, as dié uit sy omgewing deur sy sintuie ervaar. Dit in ’n eenheid organiseer sodat dit bruikbaar kan wees om response daarby aan te pas en te kan leer en daagliks normaal te kan funksioneer (Kranowitz, 1998:291). Die teendeel kan met ander woorde ook waar wees, naamlik dat kinders met disleksie probleme ervaar om boodskappe vanaf ander, hul eie liggame en die omgewing korrek te interpreteer en te prosesseer.

Die navorser het in hierdie navorsingsondersoek sensoriese stimulasie in Gestaltspelterapie ondersoek deur te fokus op hoe laerskoolkinders met disleksie sensoriese boodskappe interpreteer en prosesseer wat kon lei tot emosionele bewuswording. Hierdie proses van bewuswording is beskryf.

1.2 Motivering vir keuse van onderwerp

Die motivering vir die navorsing kan soos volg beskryf word:

1.2.1 Dienslewering

Kinders met disleksie is dikwels eensaam omdat die probleem onsigbaar is en voor diagnose van die probleem is so ‘n kind moontlik ‘n bron van frustrasie vir die onderwyser, ‘n teleurstelling vir sy ouers en is dit baie moeilik om te bewys dat die kind verstandelik normaal is. Kinders met

disleksie se selfbeeld, emosionele intelligensie en sosiale aanpasbaarheid is dikwels reeds negatief as gevolg van teleurstellings, frustrasies, verwerping en stigmatisering (Hornsby, 1997:1). Die navorser wou deur middel van die navorsinginligting ondersoek of kinders met disleksie, probleme met die interpretasie van sensoriese boodskappe ervaar en hoe dit bewuswording kon verhoog.

Die navorsing wou poog om ‘n bydrae aan ouers, onderwysers, spelterapeute en almal wat met kinders met disleksie werk, te lewer ten einde hierdie kinders se sensoriese ervaring beter te verstaan.

1.2.2 Lewensfase

Die eerste skooljare is die lewensfase waartydens geletterdheidstake soos lees, skryf en wiskundige begrippe bemeester moet word en kinders die meeste verwerping ervaar en gestigmatiseer word indien hulle nie daarin sou slaag om akademies te presteer nie. (vergelyk Hornsby, 1997:1.) Dit is juis vir hierdie redes dat laerskoolkinders gekies is om deel te wees van die navorsing. Uit bogenoemde redes is dit duidelik dat geen ander lewensfase so belangrik kan wees om te weet of kinders met disleksie probleme met die korrekte interpretasie van sensoriese boodskappe ervaar nie.

1.2.3 Emosies, behoeftes en gedrag wat ‘n rol speel

Die navorser gee die kinders erkenning vir hul deelname en lewer positiewe kommentaar op hul reaksies omdat hy graag wil hê dat die spelterapeutiese ervaring vir die kinders ‘n suksesvol en positief moet wees. Volgens Kranowitz (1998:17) is ‘n swak selfbeeld juis een van die simptome van beperkte sensoriese integrasie en is hierdie kinders besonder sensitief vir die negatiewe kommentaar wat hulle van ander mense in hul omgewing ontvang, omdat hulle lomp, dom en in alles wat hulle aanpak ‘n mislukking voorkom.

In hierdie navorsing is sensoriese stimulasie gebruik om die kind op bewustheid van homself en kontak met die hede te rig. Daar kan beweer

word dat dit ‘n ware ervaring van eksperimentering is, wat ook terapeuties van aard sal wees. Dit bied aan die kind die geleentheid om nie bang te wees nie en dat die ervaring meer sal wees as moontlike mislukkings. Daar kan afgelei word dat die spelterapie mediums wat die kind sensories stimuleer, die kind in kontak met sy bewustelike ervaring bring.

Dit is vir die kinders se emosionele behoeftes baie belangrik dat die regte speelmediums gekies word wat hulle wel van hou en sensories sal stimuleer en ‘n gevoel van eiewaarde sal gee.

1.2.4 Navorsing

Die onderwerp is met die Nasionale Navorsings Stigting geverifieer en dit blyk asof hierdie spesifieke onderwerp, in Gestaltspelterapie, nie die afgelope 20 jaar in Suidelike Afrika nagevors is nie. Daar is tot die gevolgtrekking gekom dat ‘n kennis leemte oor sensoriese stimulasie in Gestaltspelterapie met laerskool kinders met disleksie bestaan. Dit kan deur hierdie navorsing aangevul word.

1.2.5 Gestaltteoretiese beginsels

Die sensoriese stimulasie wat in die navorsing gedoen is, vorm deel van die Gestaltspelterapie en kan soos volg in verband met die studie gebring word :

Die verhouding waarbinne die kind en die spelterapeut staan, wat ook die dialoog verhouding is, beskik oor die moontlikheid om in ‘n “I-Thou” ontmoeting te ontwikkel. Die “I-Thou” ontmoeting is dus ook die dialoog verhouding. Die I-Thou ontmoeting impliseer dat die kind wat die “I” is, kontak maak deur middel van die sensoriese stimulasie wat hy ontvang van die spelterapeut, wat die “Thou” persoon is, in die verhouding. Hierdie kontak beteken dat die terapeut teenwoordig moet wees vir die kind in die hier-en-nou. Dit sal dus ‘n bewuste ontmoeting tussen kind en terapeut in die huidige tyd wees. Hierdie stelling word deur Naranjo (2000:57) beklemtoon waarin beweer word dat die doel van Gestaltterapie is om die persoon, uit eie keuse

tot so ‘n mate bewus te maak van die hede dat die verlede die persoon nie bewustelik beïnvloed nie.

Die terapeut is ten volle beskikbaar vir die kind en die reaksie op die kind se deelname en leidrade stel die kind in staat om van sy eie bestaan bewus te raak. (vergelyk Brody, 1995: 6).

Die sensoriese stimulasie in Gestaltspelterapie stem ooreen met die drieledige ideaal van Gestaltterapie soos verduidelik in Naranjo (2000:46), naamlik van “actuality – awareness – responsibility”. Slegs deur bewustheid kan die kind waarlik leef, die ware “ek” ervaar en “myself” wees.

Die kind wat in ‘n ongestruktureerde spelterapie situasie kan kies, word met sy eie keuses gekonfronteer. Hy bepaal self die reëls en is verantwoordelik vir sy eie gedrag. Dit word bevestig deur Naranjo (2000:76) wat beweer dat die terapiesessie geen formele struktuur het nie en dat die bewustheidskontinuum die ruimte is waarbinne die persoon sy begeertes, impulse, en leer uit die gebeure van die oomblik, ervaar en uitleef. Hy doen wat hy wil doen. Hy het ’n keuse en is self vir sy deelname verantwoordelik.

Dit is duidelik dat die navorsing gegrond is in die Gestaltteoretiese beginsels en tot voordeel sal wees vir alle belangstellendes, die navorser en personeel wat reeds Gestaltspelterapie toepas.

1.2.6 **Voordele**

Die uitbreiding van kennis behoort aan verskeie instansies en persone die geleentheid te gee om ’n beter diens aan die kind te bied. Die volgende persone kan by die navorsing baat:

- Die navorser self omdat kinders met leerprobleme ‘n belangstelling en passie is.
- Die remediërende onderwysers van laerskole wat kinders met leerprobleme onderrig.

- Sielkundiges en psigiaters wat terapie met kinders doen.
- Maatskaplike werkers wat ouerleiding doen en kinders met disleksie se unieke probleme moet kan verstaan.
- Jeugwerkers wat projekte vir kinders met leergeremdhede loods.
- Ouers en ander belangstellendes wat bewus van kinders se sensoriese behoeftes en leemtes moet wees.

1.2.7 Persoonlike en professionele motivering vir die studie

Die navorser het ‘n persoonlike belangstelling in kinders met ‘n leergeremdheid en het in die verlede self gekies om Gestaltspelterapie te doen by EDUHELP Leersentrum vir remidiërende onderwys. Die navorser wou met hierdie studie uitvind of kinders met disleksie se bewussynsvlak deur middel van Gestaltspelterapie verhoog kan word en die literatuurstudie oor disleksie en sensoriese stimulasie, het as verdere motivering gedien. Dit blyk asof kinders met disleksie probleme met die prosessering van alle inligting ervaar, wat dan aanleiding tot ernstige leerprobleme gee. Die gebruik van sensoriese stimulasie deur middel van spelterapie mediums in die navorsing het die navorser instaat gestel om sekere afleidings en gevolgtrekkings te maak. Die navorser as spelterapeut kon hierna mediums by kinders met disleksie aanpas sodat ‘n beter profesionele diens gelewer kan word.

1.3 Probleemformulering

Meeste kinders met disleksie ervaar emosionele probleme as gevolg van die neurologiese onvermoë om sensoriese boodskappe te interpreteer.

1.4 Doelstelling en doelwitte

1.4.1 Doelstelling

Die doelstelling van die navorsing was om Gestaltspelterapie mediums wat op sensoriese stimulasie gerig is, op laerskoolkinders met disleksie toe te

pas, ten einde bewusmaking te bevorder, sodat hulle gemotiveerd saamwerk om hul emosionele probleme in die spelterapiesessie aan te spreek wat die terapeutiese proses sal bevorder.

Die navorsingsdoel was ondersoekend en beskrywend van aard omdat die verskynsel van sensoriese begrip by kinders met disleksie ‘n nie-alledaagse verskynsel is wat die navorser, deur die detail van al die elemente van disleksie, wou verstaan. Die waarnemings het as basis vir empiriese kennis gedien. (vergelyk Hart, 1998:47 in Zaaiman, 2002:17).

1.4.2 Doelwitte

Ten einde die doel te bereik, is die volgende stappe gevolg :

- Literatuur oor disleksie is as deel van die voorondersoek verken en beskryf, asook Gestaltspelterapie mediums wat in sensoriese stimulasie met kinders met disleksie gebruik kon word.
- Deur middel van ‘n voorondersoek en steekproefneming is ‘n spesifieke area afgebaken om sekere vrae te toets en aanpassings te maak.
- In die empiriese ondersoek is die sensoriese stimulasie in die terapeutiese proses beskryf waartydens drie kinders in ses spelterapie sessies deel van die navorsing was.
- ‘n Literatuurkontrole is gedoen en die waarnemings is geïntegreer.
- Gevolgtrekkings en aanbevelings is tot voordeel van die terapeutiese proses gemaak.

1.5 Navorsingsvraag vir die studie

Die volgende vraag is oor die beoogde navorsing gevra:

“Hoe kan kinders met disleksie probleme spelterapeuties ondersteun word om sensoriese boodskappe te prosesseer en te interpreteer?”

1.6 Navorsingsbenadering

Die kwalitatiewe metode is in hierdie navorsing gevolg omdat die volgende eienskappe ooreenstem met Fouché & Delport (2002:81).

- Die navorsing het ten doel gehad om ‘n detail beskrywing van sosiale gedrag te gee.
- Induktiewe logiese beredenering is gevolg, want algemene teoretiese gevolgtrekkings van die kinders se reaksies wat waargeneem is, is gemaak.
- Die onderwerp is relatief onbekend en in hierdie navorsing is gepoog om die kind met disleksie se sensoriese ervaring en begrip, soos van toepassing in Gestaltspelterapie, te verstaan.
- Die navorser het in samevloeiing met die kind se taalgebruik en leefwêreld beweeg om hulle beter te kon verstaan.
- Die navorsingstrategie was uniek, buigbaar en is tydens die navorsingsproses ontwikkel. Dit beteken dat geen vooraf opgestelde kliniese stappe neergelê of weer herhaal is nie.
- Die kinders wat in die navorsing gebruik is, het self die hoeveelheid inligting wat hulle met die navorser wou deel, bepaal, en waarnemings is gemaak om beter begrip en kennis van die kinders te verkry.
- Die eenheid van ontleding was holisties en daar is op die verhoudings tussen elemente gefokus, terwyl die geheel die belangrikste was. Die navorser het belanggestel in die gestalt van die kinders, en het op hulle fisiese en emosionele reaksie op verskillende mediums wat sensoriese reaksies ontlok het , gefokus, sonder om die kinders in hulle totaliteit te verloor.

1.7 Soort navorsing

Die probleem wat deur kinders met disleksie ervaar word, is dat hulle dit moeilik vind om boodskappe te interpreteer en te prosesseer en dat hulle moontlik nie sensories intakt sal wees nie (Lerner,1997:243). Deur die

toegepaste navorsingstipe te kies was die plan om oplossings of aanbevelings vir die probleem te bied. Kwalitatiewe data versamelingstegnieke soos deelnemende, semi- gestruktureerde onderhoude en ongestruktureerde waarneming is gebruik. ‘n Literatuurstudie is gedoen en die teoretiese insigte in spelterapie situasies toegepas, waartydens die navorser waarnemings gemaak het en die kinders ook spontaan tydens die sessies kon reageer. Die vrae het op die “hoe en wanneer” gefokus, soos byvoorbeeld; “Hoe het dit vir jou gevoel?”. (vergelyk Zaaiman, 2002:16). Dit was ook die doel van die beskrywende navorsing om die detail van sensoriese stimulasie in Gestaltspelterapie met laerskool kinders met disleksie waar te neem en ’n empiriese basis vir argumentering aan te bied.

Die gevolgtrekkings, aan die einde van die navorsing, is as basis gebruik vir aanbevelings wat gemaak word vir terapeute wat met kinders met disleksie werk, sodat hulle die kinders beter kan begryp.

1.8 Navorsingstrategie : Kwalitatief

Die gevallestudie is gekies as navorsingstrategie en ‘n grondige ondersoek na spesifieke gevalle, naamlik drie laerskool kinders met disleksie, is doelbewus gekies. Die betekenis wat hulle aan die spelterapie mediums gee, is beskryf. In hierdie studie kan dus van ‘n groep-gevallestudie gepraat word, in ’n “bounded system” omdat die navorsing op een plek, naamlik die EDUHELP Leersentrum binne twee maande gedoen is (vergelyk Fouché, 2002:275).

Die in diepte ondersoek en beskrywing van die waarneming het plaasgevind deur detail en in diepte inligtingversamelingsmetodes, wat onder andere semi-gestruktureerde onderhoude, literatuur en spelterapiesessies ingesluit het. Die kinders moes die navorser kon vertrou om die vrymoedigheid te hê om deel te neem en eerlik in hul reaksies te wees. (vergelyk Fouché, 2002:275).

1.9 Navoringsprosedure en werkswyse

Die volgende werkswyse is gevolg:

- Literatuur is as agtergrondsinligting geraadpleeg.
- Die navorser het een-tot-een terapiesessies, waarvolgens die bewustheid van die kinders beskryf kon word, onderneem.
- Semi-gestruktureerde onderhoude is met kundiges en ouers gevoer om ook hul menings en ondervinding oor die kinders in die ondersoek, sowel as die kinders waarmee hulle werk, te verkry.
- Die speelmediums is met elke kind op dieselfde wyse gebruik. Hulle ervaring en reaksie tydens hierdie sessies is beskryf. Die inligting is aangeteken sodat gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak kon word.

Die bekendmaking en publikasie van die inligting deur middel van hierdie navorsingsverslag volg.

1.10 Uitvoerbaarheid van die ondersoek

Die werkswyse wat gevolg is, dui daarop dat die ondersoek uitvoerbaar was, naamlik :

1.10.1 Literatuurstudie

Met die navorser se ondersoek na beskikbare literatuur oor die onderwerp blyk dit dat daar wel genoeg bronne oor speelmediums, die Gestaltteorie, sensoriese integrasie, disleksie en die lewensfase van die laerskoolkindkind bestaan. Daar is baie min bronne wat spesifiek oor die verband tussen disleksie en sensoriese integrasie handel omdat die onderwerp baie min aandag in navorsingsondersoeke geniet.

Die literatuurstudie het die navorser in staat gestel om speelmediums te kon kies, terapeuties te kon werk en die navorsing te kon uitvoer. Vir die studie is

boeke, vakkundige tydskrifte, internet artikels, onderhoude met kundiges en waarnemings gebruik.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Die navorser werk die afgelope jaar by EDUHELP Leersentrum vir remediërende onderrig en is aan die kinders en onderwysers bekend. Die EDUHELP Leersentrum spesialiseer in leermetodes vir disleksie en ander leergeremdhede.

Die volgende kundiges is by die sentrum beskikbaar en is genader deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude :

- Mev Magda Swanepoel is ‘n ervare remediërende onderwyseres, met 20 jaar ervaring van leergeremdheid, sensoriese integrasie en ook kennis van disleksie. Sy is hoof van die sentrum en beskik oor ‘n gevorderde diploma in Gestaltspelterapie.

  Eduhelp Leersentrum
  Kilimanjarostraat 9
  Posbus 733
  Windhoek
  Telefoon: 061 – 255 367

- Fransette Vollgraaff is ‘n ervare remediërende onderwyseres en het gespesialiseerde kennis van disleksie.

  Eduhelp Leersentrum
  Kilimanjarostraat 9
  Posbus 733
  Windhoek
  Telefoon: 061 – 255 367

- Rheta Moore is ‘n remediërende onderwyseres, opvoedkundige sielkundige, psigometris en spesialiseer in ortopedagogiek en kognitiewe opvoedkunde.

Amwasserberg straat
Klein Windhoek
Posbus 828
Windhoek
Telefoon: 0811241256
wmoore@therapinfo.com.na

1.10.3 **Voorondersoek**

Tydens hierdie voorondersoek van die afgelope elf maande is spelterapie met agt kinders by EDUHELP Leersentrum gedoen en die navorser het weeklikse kontak en konsultasie met kundige onderwyspersoneel gehad. Die doel was ook om vas te stel of sensoriese stimulasie in spelterapie met disleksiese sal slaag of nie. ‘n Tweede doel was om te besluit watter ouderdomsfase die kritieke fase sal wees. Dit was duidelik dat die laerskoolfase die fase is waartydens kinders met disleksie emosionele trauma ervaar en Gestaltspelterapie met sensoriese stimulasie as deel van die terapeutieseproses veral van waarde kan wees. Derdens het die terapeut se sukses met die spelterapie, die personeel oortuig om deel te neem aan die navorsing. Die doel om die personeel by die navorsing te betrek, het geslaag.

Die inligting wat verkry is uit die voorondersoek, dui daarop dat nie al die kinders met disleksie, sensoriese boodskappe kon interpreteer en prosesseer nie. Dit was juis hierdie waarneming wat die navorser gemotiveer het om voort te gaan.

1.10.4 Universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming

Volgens Arkava en Lane (in De Vos, et. al, 2002:198) word verwys na ‘n universum as al die subjekte wat potensieel sal kwalifiseer om aan die studie te kan deelneem en vir die doeleindes van hierdie studie was die universum laerskool kinders in Namibië met disleksie. Die populasie waaroor afleidings gemaak is in hierdie navorsing is die kinders, seuns en dogters vanuit verskillende kulture met disleksie in die EDUHELP Leersentrum. Die steekproef is volgens die navorser se eie oordeel, doelgerig toegepas op laerskool kinders met disleksie, omdat hulle oor tipiese eienskappe van die populasie beskik het.

Volgens Strydom & Delport (2002:337) maak steekproefneming dit vir die navorser moontlik om te fokus op ‘n spesifieke area om sekere vrae te toets en aanpassings te maak, sodat kwaliteit onderhoude tydens die hoof ondersoek onderneem kan word. Tydens die sensoriese stimulasie wat deel was van die spelterapie sessies, is die vrae getoets en aanpassings gemaak sodat die regte vrae tydens die hoofondersoek gevra kan word..

Die navorser het die afgelope jaar alreeds ‘n vertrouensverhouding met die kinders sowel as die onderwysers opgebou en toestemming vir die navorsing verkry..

1.11 Etiese aspekte

Die volgende etiese aspekte word volgens ‘n lys in Strydom (2002:63-73) in die navorsing aangespreek:

Persoonlike leed

Dit was die navorser se bedoeling om die kinders wat by die studie betrek is te help en te beskerm teen fisiese of emosionele leed deur slegs veilige speelmateriaal te gebruik. Die kinders het deel van die navorser se

werkslading gevorm en derhalwe bly die profesionele, etiese en werkskode van krag.

Ingeligte toestemming

Die navorser het ‘n skriftelike toestemmingsbrief aan die ouers gestuur waarin die doel en werkswyse van die navorsing verduidelik is sodat hulle ‘n ingeligte besluit kon neem oor hul kind se deelname. Die feit dat geen vergoeding vir die kinders, sowel as die ouers beskikbaar was nie, is ook duidelik uitgespel. Deelname was vrywillig en die kinders kon enige tyd indien hulle so sou voel onttrek.

Deursigtigheid

Die ware doel van die navorsing, wat die kinders moet doen en hul ervarings is vooraf aan die kinders en ouers verduidelik deur middel van persoonlike onderhoude en per brief.

Privaatheid en vertroulikheid

Die navorser het onderneem om al die respondente se privaatheid en vertroulikheid te respekteer deur geheimhouding, alle dokumentasie op lêer te hou en in die kantoor toe te sluit.

Gedrag en optrede van die navorser

Die navorser is ‘n geregistreerde maatskaplike werker by die Social Work and Psychology Council of Namibia en is derhalwe verplig om aan die professionele gedragsreëls, wat ook vir hierdie navorsing geld, te voldoen.

Publikasie van navorsingsbevindinge

Die navorsingsverslag sal aan die Universiteit beskikbaar gestel word en ter insae vir enige belangstellende wees.

Nabetragting

Gesprekke met die kinders en hul ouers (indien benodig) kan gereël word sodat hulle oor hul emosies en ervarings kan praat.

1.12 Definisies van hoofkonsepte

Die hoofkonsepte in die titel, naamlik: sensoriese stimulasie, Gestaltspelterapie, laerskool kind en disleksie word vervolgens bespreek.

1.12.1 Sensoriese stimulasie

Volgens die definisies van sensoriese stimulasie in Santrock (1999:134) en Oxford English Dictionary (2002:1141) is die onderlinge verhouding tussen die sentrale senuweestelsel en die sintuie van kritiese belang. Dit sou ook beskryf kon word as die neurologiese ontvangs van prikkelende inligting van die liggaam self, sowel as uit die omgewing deur die sintuie. Dit is ’n verhouding tussen die neurologiese proses en menslike gedrag deur die drie sensoriese sisteme, naamlik: die taktiele, vestibulêre en proprioseptiewe sisteme wat in Lerner (1997:616) bespreek word.

Die integrasie van hierdie prikkelende inligting beteken dat herrangskikking en betekenisvorming uit hierdie inligting moet plaasvind om gedrag te beplan en daarop te reageer ter wille van aanpassing en daaglikse oorlewing (Kranowitz, 1998:291). Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat sensoriese boodskappe wat nie korrek geprosesseer word nie, probleme ten opsigte van leer, ontwikkeling en gedrag sal veroorsaak.

Vanuit die Gestaltteorie sou dit beskryf kon word as sensoriese-stimulasie-kontak. Dit wil sê enige konkrete sensoriese kontak wat die kind bewus van sy liggaam of die omgewing rondom hom maak. Volgens Buber (in Brody, 1995:5) is die enigste manier waarop ’n persoon die “*ek*” in homself ontwikkel, deur kontak met ‘n ander persoon.

Hierdie kontak is moeilik om te beskryf omdat dit nie noodwendig net die fisiese kontak is wanneer twee persone bymekaar is nie, maar dit is eerder in die verhouding tussen mekaar gesetel.

Die sensoriese stimulasie kan meer wees as net iets wat die spelterapeut aan die kinders doen, maar kan ook kontak wees wat die kind self inisieër of op voorstel van die terapeut doen. Dit kan ook die liggaamstaal of energie vloei wees wat tussen die kind en die terapeut gekommunikeer word. Woorde is dus nie nodig nie. Die kind is van sy eie liggaam se reaksie en energie op die terapeut se aksie bewus.

Die navorser se omskrywing

Sensoriese stimulasie is enige konkrete, of nie-konkrete kontak van neurologies prikkelende inligting vanuit die liggaam self, of uit die omgewing wat deur die sintuie ontvang word. Die inligting word daarna gerangskik, betekenis uit die inligting gevorm en gedrag na aanleiding daarvan beplan en hierna volg reaksie daarop.

1.12.2 **Disleksie**

Disleksie is ‘n leergeremdheid en word in die definisie van Lerner (1997:9) in perspektief geplaas naamlik; kinders met ‘n leergeremdheid:

> .....are those children who have a disorder in one or more of the basic psychological processes involved in the understanding or in using language, spoken or written, which disorder may manifest itself in imperfect ability to listen, think, speak, read, write, spell or to do mathematical calculations. Such disorders include such conditions as perceptual handicaps, brain injury, minimal brain dysfunction, dyslexia and developmental aphasia.

Ander definisies in die Dictionary of Psychology (2001:222) & Kranowitz 1998:282) stem grootliks ooreen, maar voeg by dat probleme in self-regulerende gedrag, sosiale persepsie, interaksie en sensoriese integrasie saam met leergeremdheid mag voorkom, maar is nie die oorsaak daarvan

nie. Uit die werk van Lerner (1997:11) blyk dit ook dat leerprobleme nie ‘n enkele probleem is nie en dat een definisie van leerprobleme nie bereikbaar sou wees nie, omdat die probleem individueel is en aanpasbaar en buigbaar sal moet wees. Leerprobleme kom nie in isolasie voor nie, maar is deel van oorvleuelende of gedeeltelik oorvleuelende probleme.

Dit wil voorkom asof die volgende vier ooreenkomste tussen die verskillende definisies van disleksie in die Dictionary of Psychology (2001:222), Kranowitz 1998:282) & Lerner (1993:11) bestaan:

- Disleksie is waarskynlik die gevolg van ‘n kognitief neurologiese toestand.
- Dit blyk uit bogenoemde definisie dat sensoriese beperkinge saam met leerprobleme soos disleksie kan voorkom en dat dit nie as gevolg van die een of die ander is nie.
- Disleksie het perseptuele, kognitiewe en taal dimensies.
- Disleksie kan aanleiding gee tot probleme op verskeie terreine van ‘n kind se lewe, soos op sosiale en emosionele vlakke.

Die navorser se omskrywing

Disleksie is ‘n leergeremdheid as gevolg van kognitiewe neurologiese beperkinge wat manifesteer in probleme met persepsie en taalgebruik, skryf en om wiskundige berekeninge te kan doen. Sensoriese integrasie disfunksie is nie die gevolg van disleksie nie, maar mag daarmee saam voorkom. Leergeremdheid kom nie in isolasie voor nie, maar gee aanleiding tot sosiale en emosionele probleme.

1.12. 3 **Sensoriese integrasie disfunksie**

Sensoriese integrasie disfunksie beïnvloed kinders wanneer hulle leer, beweeg en sosialiseer (Kranowitz, 1998: 3).

Die definisie van sensoriese integrasie disfunksie is volgens Kranowitz (1998:8) ‘n neurologiese onvermoeë om inligting te prosesseer wat vanaf die

sintuie ontvang word. Die kinders reageer nie altyd betekenisvol en konsekwent op sensoriese inligting nie en het probleme om hul reaksies te beplan en uit te voer. Die gevolg is leer-, ontwikkelings- en gedragsprobleme.

Die definisie van Kokot (2006:2) stem ooreen met bogenoemde en brei verder daarop uit. Die aard van menslike gedrag is ingewikkeld en ontwerp as ‘n geïntegreerde sisteem. Menslike gedrag is ekosistemies en die verskillende sisteme, funksioneer altyd interafhanklik van mekaar. Die sensoriese sisteem is altyd in interaksie met ander sisteme soos voeding, sosalisering, emosies en beweging. ‘n Disfunksionele sisteem, soos sensoriese integrasie disfunksie is nie die enigste swak skakel in kinders se funksionering nie, maar dit het ‘n negatiewe invloed op al die ander sisteme.

Die navorser se omskrywing

Die navorser stem saam met beide outeurs dat sensoriese integrasie disfunksie ‘n neurologiese onvermoeë is om sensoriese boodskappe te prosesseer en gedrag daarvolgens te beplan en uit te voer. Vir hierdie navorsing en die spelterapie is die interafhanklikheid wat bestaan tussen die kinders se prosessering van sensoriese inligting, hul emosionele ervaring daarvan en hoe dit hul gedrag verander, belangrik.

1.12.4 **Gestaltspelterapie**

Volgens Yontef (in Hatcher & Himelstein, 1995:215) is Gestaltspelterapie gebaseer op die Gestaltteorie. Die mens se perseptuele ervaring en motoriese handeling word deur sy mees dominante organismiese behoefte, wat vir ‘n normale persoon ‘n gesonde gestalt is georganiseer. Die individu maak met sy omgewing deur middel van sensories-motoriese gedrag kontak. Die kontak word georganiseer deur figuur-voorgrond, teenoor die veld wat dien as agtergrond. In Gestaltspelterapie is sintuiglike ervaring van die omgewing en motoriese beweging ‘n aktiewe, kontak funksie. Gestaltspelterapie word verder omskryf as ‘n humanistiese, proses-georiënteerde terapie vorm wat die geïntegreerde funksionering van al die

aspekte van ‘n mens se persoon, naamlik: sintuiglik, emosies en intelek, omskryf. (vergelyk met Carroll & Oaklander in O’Conner & Bravermann, 1997:189).

Die navorser se omskrywing

Gestaltspelterapie is gebaseer op die Gestaltteorie en al die konsepte en beginsels van Gestaltteorie is op kinderontwikkeling en terapie met kinders van toepassing. Die spelterapeut se doel is om speelmediums te gebruik om kinders sensories-motories bewus te maak, te laat ervaar en te oefen om ‘n gesonde en geïntegreerde gestalt te vorm. Die speel ervaring is die sensoriese stimulasie waartydens kontak en dialoog met die veld plaasvind. Spelterapie mediums word gebruik om die onvoltooide gestalt van die kinders met disleksie na die voorgrond te bring sodat hulle in kontak met hul onderdrukte emosies kan kom.

1.12.5 **Laerskoolkind**

Volgens Seifert, Hoffnung & Hoffnung (2000:292) word die laerskoolkind as ‘n kind in die middelkinderjare tussen die ouderdom van sewe tot tien jaar beskryf. Dit is ook die fase waartydens fisiese groei stadiger plaasvind en vaardighede wat in ander areas aangeleer word gekonsolideer word. Die skool bied aan die kind geleentheid om sy kognitiewe vaardighede, taal en ander talente en vermoëns te ontwikkel. Dit is ook die arena vir sosiale ontwikkeling; om die selfbeeld en gevoel van eie waarde te ontgin en vaardighede in die verhoudings in die portuurgroep te verken. Die laerskooljare is ’n greep uit ‘n kind se ontwikkelingsverloop en daarom het die navorser gekies om die volgende twee definisies van ontwikkeling in die algemeen met mekaar te vergelyk:

- Die dialektiese model van Brems (2002: 44) fokus op verandering eerder as op ‘n voor-af beskryfde posisie, of fase.
- In Kaplan (1998: 28) word Erickson se definisie van ontwikkeling gegee, naamlik, dat mense ontwikkel volgens ‘n voor-af neergelegde plan. Die

fase teorie van Erickson beskryf ontwikkeling in ouderdomsperiodes wat stapsgewys in volgorde plaasvind en kinders leer algaande meer vaardighede aan. Elke kind vorder deur dieselfde fases en kan nie ‘n fase oorslaan nie.

Die dialektiese model van Brems, is volgens die navorser se mening, meer geskik en pas beter aan by Gestaltspelterapie omdat dit meer ruimte vir individuele groei en ontwikkeling van kinders laat. Dit beklemtoon ‘n evolusionêre ontwikkeling wat nie gekoppel is aan vooraf geprogrammeerde stadiums nie, maar eerder verandering en groei van gedrag en verhoudings. Kinders kan dus in terapie na ‘n totale self of gestalt terugkeer. Die mening word bevestig deur Mortola (2001: 12) se woorde:

> The healthy, uninterrupted development of a child’s organism-senses, body, emotions and intellect – is the underlying basis for the child’s sense of self. As each need surfaces and is met without hindrance, not only is there homeo-stasis and balance, but new levels of growth and development are achieved.

Tog neem beide teorieë ontwikkelingsgedrag waar en probeer elke individuele kind binne sy eie ontwikkelingsperspektief verstaan.

Die navorser se omskrywing

Vir doeleindes van hierdie navorsing is die ontwikkelingsfase die laerskoolkind tussen die ouderdom van sewe en dertien jaar en is ontwikkeling ‘n evolusionêre proses wat op die volgende ontwikkelingsvlakke van fisiese en perseptuele, kognitiewe en sosiaal- en emosionele groei plaasvind.

1.13 Indeling van die navorsingsverslag

Hoofstuk 1 : Algemene Inleiding

‘n Kort oorsig van die beplande navorsing.

Hoofstuk 2 : Die Voorondersoek

‘n Bespreking van die voorondersoek wat onderneem is en ‘n literatuurstudie in die breë oor sensoriese stimulasie, disleksie en die speelmediums wat in die Gestaltspelterapie gebruik word.

Hoofstuk 3 : Navorsingsmetodologie :
‘n Empiriese perspektief en integrering van die bevindings.

‘n Oorsig word gegee van die navorsingsproses en die empiriese bevindings wat daaruit voortspruit.

Hoofstuk 4 : Literatuurkontrole

Die empiriese bevindings wat uit die waarnemings gemaak is, word in die literatuur bevestig.

Hoofstuk 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings

Aan die hand van die doelstellings en doelwitte word gevolgtrekkings en aanbevelings gemaak.

Bronnelys

‘n Lys van die literatuur en kundiges wat gebruik is om die studie te doen.

Leeslys

‘n Addisionele leeslys oor die onderwerp.

Hoofstuk 2 : Die Voorondersoek

2.1 Inleiding

Die voorondersoek is volgens Dunn (1999:193), soos ‘n kleedrepetisie voor ‘n opvoering, omdat die voorondersoek tydens die navorsingsproses net so gevolg word soos dit gedurende die hoofondersoek gedoen word. Dit was ,‘n navorsingstudie in die kleine wat vooraf gedoen is om vas te stel of die gekose prosedure toepaslik, geldig, betroubaar, effektief en so ver moontlik probleemvry sou wees om die ondersoek sonder foute te doen. (vergelyk Strydom, 2002:210). Volgens Heiman (2002:121) is die voorondersoek ‘n toets wat vooraf gedoen word om voorsorg te tref vir enige probleme wat tydens die navorsing kan ontstaan.

2.2 Die doel van die voorondersoek

Die belangrikste doel met die voorondersoek was om vas te stel of laerskoolkinders met disleksie sensoriese boodskappe verstaan en gehelp kan word met Gestaltspelterapie om hulle bewussynsvlakke te verhoog. Wat aanleiding gegee het tot hierdie doel was die waarneming van die navorser wat spelterapie met ses kinders met disleksie gedoen het. Vier van die ses kinders met disleksie was nie sensories intakt nie, met ander woorde hulle het die sensoriese boodskappe in die spelterapie anders interpreteer. In Fouche (2002:96) word hierna verwys as die navorser se waarneming van die realiteit wat lei tot die definiëring van die navorsingsprobleem. In hierdie geval is dit, dat meeste kinders met disleksie emosionele probleme as gevolg van hul onvermoë om sensoriese boodskappe reg te interpreteer ervaar.

Tweedens is dit ook die doel om vas te stel of die beplande werkswyse duidelik uitgespel is, of die spelterapiesessies in die spesifieke tyd voltooi kan word, dit werkbaar, betroubaar en beskryfbare prosedure is.

2.3 Die verloop van die voorondersoek

Die voorondersoek is oor ‘n tydperk van nege maande by EDUHELP Leersentrum gedoen. Die volgende eenvormige terapeutiese patroon is deurlopend gevolg:

Tien tot twaalf spelterapie sessies is, afhangende van die kinders se proses en probleem, met ses laerskoolkinders met disleksie gedoen. Die Schoeman Model (bylaag 1.8) is deurgaans toegepas en sensoriese stimulasie is aan die begin van elke sessie gedoen om die kinders se bewustheidsvlak te verhoog en op die terapie te fokus. Verskillende sensoriese speelmediums wat elke keer ‘n ander sintuig stimuleer, is aan die begin van die Schoeman Model met almal gedoen.

Dit was ‘n oefening om die uitvoerbaarheid van die beplande navorsing te toets aangesien dieselfde prosedure ook in die navorsing gevolg sou word.

2.4 Belangrike momente van die voorondersoek

2.4.1 Literatuurstudie

Die navorser het gedurende die voorondersoek oor die onderwerpe van sensoriese stimulasie, Gestaltspelterapie en disleksie gelees en literatuur met die oog op die studie versamel, maar ook om die ontwikkelingsvlak van die kinders waarmee die spelterapeut gewerk het, beter te kon verstaan. Tydens die voorondersoek is ‘n bibliografie saamgestel met ‘n lys van geskikte bronne wat in die literatuurstudie wat sou volg benut kon word. Volgens Cilliers (in De Vos et al, 2002:212) is die inleidende literatuurstudie nie net belangrik vir die duidelike formulering van die probleem nie, maar ook vir die beplanning en implimentering van die ondersoek. Dit beteken dat die beplanning en die wyse waarop die ondersoek gedoen gaan word, op die aanvanklike literatuurstudie van die navorser gebaseer is.

2.4.1.1 Sensoriese stimulasie in spelterapie

2.4.1.1.1 *Inleiding*

Volgens Coon & Van Deventer (2004:5) bestaan die brein uit senuwees met die funksie om sensorieseinligting (insette) in te neem, te besluit wat belangrik en toepaslik is en die inligting te interpreteer. ‘n Sensasie is die onmiddellike respons in die brein wat deur die prikkeling van ‘n sensoriese orgaan veroorsaak word en daarna word ‘n persepsie gevorm, sodat die persoon ‘n gepaste handeling in reaksie op die insette kan uitvoer. Hierdie insette bereik die brein deur middel van die sintuie en is veronderstel om ‘n geïntegreerde proses te wees (Benjamin, Garman & Funston, 1997:54) & (Louw & Edwards, 1998:121).

Sensoriese stimulasie sou in die spelterapie beskryf kon word as die sintuiglike ervaring wanneer die kind se sintuie reageer op sensasies of stimuli van binne of buite sy liggaam wanneer hy ruik, proe voel of kyk. Die kind vorm ‘n persepsie wanneer hy die inligting selekteer, organiseer en interpreteer, deur daaraan betekenis te gee en daarop te reageer.

2.4.1.1.2 *Sensoriese inligting*

Psigofisika is ‘n studie van die verhouding tussen fisiese stimuli en die psigologiese ervaring daarvan. ‘n Belangrike doelwit daarvan is om die sensitiwiteit van ‘n persoon se sintuie, met ander woorde sy sensoriese drempel op stimuli te meet. (Louw & Edwards, 1998:121). Die volgende basiese beginsels is volgens Louw & Edwards (1998:124-129) op alle sintuie van toepassing:

- *Absolute drempels*

  Die kleinste hoeveelheid energie wat nodig is om ‘n sensasie onder ideale omstandighede te veroorsaak, byvoorbeeld die kleinste

hoeveelheid parfuum wat die kinders in die navorsing sal kan ruik. Die absolute drempel van die verskillende sintuie verskil van mekaar.

- *Sein waarnemingsteorie*

  Dit is nie alleen die intensiteit of die hoeveelheid van ‘n stimulus wat gaan bepaal of ‘n stimulus waargeneem word nie, maar ook ander faktore soos motivering, verwagtings, vorige ondervinding, moegheid en uitputting. Volgens hierdie teorie is daar dus ‘n verskil tussen hoe sensitief die sensoriese organe is, en die besluitnemingsproses wat deel is van persepsie. Dit vorm die basis om die verskillende reaksies op stimuli te verklaar, byvoorbeeld die kinders se hoë vlak van verwagting dat hulle iets gaan hoor, sien, voel of ruik tydens die navorsing.

- *Verskillende sensoriese drempels*

  In sekere situasies is dit nodig om klein verskille tussen stimuli te kan onderskei soos byvoorbeeld die toonhoogtes van die musiekinstrumente wat bespeel word in die navorsing.

- *Verfynde persepsie*

  Dit is die persepsie van ‘n stimuli laer as die absolute drempel, met ander woorde, ‘n sensasie wat ‘n persoon waarneem, maar onbewus is daarvan. Dit word veral in advertensies gebruik om mense te beïnvloed. In hierdie navorsing gaan hierdie persepsie nie beskryf word nie.

2.4.1.1.3 ***Die kind se behoefte aan sensasie***

Spel is die kind se eerste uitdrukking in sy behoefte vir ‘n gevoel van sensasie en die inwendige plesier motiveer kinders om voort te gaan om dit te soek. Die soeke na sensasie neem toe tussen die

ouderdomsgroep van 9 en 14 jaar en piek in die laat adolessente of vroeë twintiger jare, maar dit is nodig om in gedagte te hou dat kinders van mekaar verskil sowel as hoe hul individuele senuweestelsels reageer. Dieselfde sensoriese stimulus sal deur verskillende kinders individueel en anders geïnterpreteer word. (Zuckerman, 1994:66, 370). Die gebruik van sensoriese stimulasie in spelterapie voorsien ook in kinders se basiese en intrinsieke behoefte aan sensasie.

Onderskeid word gemaak tussen hoë en lae sensasie soekende kinders. Hoë sensasie soekende kinders het behoefte aan meer, afwisselende, komplekse en intense sensasies en ervarings en is bereid om fisiese, wetlike en finansiële risiko's ter wille van die sensasie en die ervaring te neem. Die teenoorgestelde geld vir lae sensasie soekende kinders (Zuckerman, 1994:370). Volgens Zuckerman (1994:370) beskik hoë sensasie soekende kinders oor die vermoë om hul volle aandag te fokus op 'n stimulus of 'n taak, selfs al word hulle blootgestel aan meer as een stimulant, terwyl dit nie die geval is met lae sensasie soekende kinders nie. Hoë sensasie soekende kinders kan ook vinniger op stimuli reageer en onderskei tussen voorgrond en agtergrond wisseling. Dit wil blyk asof hoë sensasie soekende kinders meer intense stimulasie, wat veral die ouditiewe sensasies betref, kan tollereer. Dié kinders kan met hul hele lyf, en nie net met hul ore nie, na "*rock*" musiek luister.

Volgens Zuckerman (1994:354) verskil die vlak van sensasie bevrediging van individu tot individu omdat sommige kinders psigobiologiese eienskappe het wat hulle meer avontuurlik en oop vir nuwe en intense sensasie ervarings maak. Dit verklaar waarom sekere kinders voorkeur aan sekere smake, reuke, geluide, teksture, ensovoorts, gee terwyl ander dit nie kan verdra nie. Dit het met die kind se persoonlike vlak van sensasie bevrediging te make. In hoofstuk 4, bladsy 129 word die kinders se sensasie behoeftes bespreek.

Sekere sensoriese stimulante beskik oor die potensiaal om meer of beter effek op 'n kind te hê as ander om sy aandag te trek en 'n fisiese reaksie

te hê. Die verskillende stimulus kwaliteite wat gedrag kan beïnvloed is onder andere; intensiteit, verrassing en nuutheid van die stimulant, die eerste keer, kompleksiteit, verandering, onsekerheid, kleur, grootte, sensoriese modaliteit, emosionele boodskap van die inhoud en assosiasies met beloning en straf, wanneer ‘n persoon byvoorbeeld na ‘n foto van geweld kyk assosieer hy dit met die pyn sensasie omdat hy pyn ken en alreeds voorheen ervaar het (Zuckerman, 1994:370).

2.4.1.1.4 ***Die fisiologiese proses***

Volgens Faure & Richardson (2002:12) is ‘n kind se sensoriese ervaring nie tot insette vanuit die vyf sintuie van gesig, reuk, gehoor, smaak en tas beperk nie, maar ook drie liggaamsintuie verskaf inligting oor die inwendige gewaarwording, naamlik die sintuie van beweging (vestibulêre), liggaamsposisie (pro - priosepsie) en inligting van die organe (intero- sepsie).

Die ontstaan van ‘n senuwee impuls of potensiële aksie in ‘n neuron is die resultaat van sensoriese stimulasie, wat in twee rigtings plaasvind. Optimale bewussyn en akkurate realiteitstoetsing hang van die kind se staat van wakkerheid af, wat weer afhanklik van die konstante stroom van stimuli van die eksterne omgewing is, wat in hierdie geval die speelmedium wat in die spelterapie sessie gebruik word, is (Benjamin, Garman & Funston, 1997:54).

Die sensoriese sensasie wat ‘n kind in spelterapie ervaar is die bewustelike resultaat van breinprosesse wat stimulasie deur die verskillende speelmediums soos klanke, aanraking, sien en smake vanaf sensoriese senuweepunte wat die sentrale senuwee sisteem bereik het ontvang. Dit het hul oorsprong in verskeie periferale strukture soos byvoorbeeld in spiere, die vel, gewrigte, en spesiale organe soos die oë en ore (Benjamin, Garman & Funston, 1997:54). Die organe en strukture wat betrokke by die ontwikkeling van ‘n sensasie is, kan soos volg beskryf word:

- Die ontvanger of eindorgaan is gesetel in die periferie van die sensoriese senuwee eindpunte.
- Die herleidingsenuweeweefsels is in die perifirale senuwee en spinale koord.
- Die talamus is ‘n selstasie en herlei sensasies na die serebrale korteks.
- Die sensoriese ontvangsareas in die brein is met verskillende psigiese areas waar impulse interpreteer en gestoor word, verbind (Benjamin, Garman & Funston, 1997:54).

Die brein ontvang en verwerk die sensasie en projekteer dit dan weer terug na die reseptor van waar die boodskap ontvang is sodat ‘n kind dit in die perifirale omgewing ervaar. Die reseptor van elke sintuig is aangepas om net te reageer op stimulus vir die spesifieke sintuig wat ‘n stimuli ontvang; byvoorbeeld word liggolwe slegs deur die senuweepunte van die oog se retina gelees (Benjamin, Garman & Funston, 1997:54). Volgens die navorser behoort die kind te kan reageer op byvoorbeeld die beeld wat hy in ‘n kaleidoskoop sien en dit te kan identifiseer as ‘n spesifieke stimulus wat hy op die reseptor van die oog ontvang het. Die sensoriese stimuli kan in die volgende kategorieë ingedeel word:

2.4.1.1.4.1 *Visie*

Visie is die mens se dominante sintuig waarmee inligting oor die omliggende omgewing ingesamel word en die stimulus vir visie is lig. Ligstrale reflekteer vanaf sigbare objekte op die retina en in naby sig word dit op die macula gefokus. Waarskynlik vind chemiese veranderinge plaas wanneer die lig op die retina val, wat die eindpunte van die optiese senuweepunte stimuleer. Hierdie stimuli word deur die optiese senuwee na die optiese chiasma vervoer waar sekere van die weefsels kruis en daarna weer terug vervoer na die korteks van die

optiese lob van die brein en word hier verstaanbaar geïnterpreteer (Benjamin, Garman & Funston, 1997:55).

Die oë sien voorwerpe, lig en kleur en as die gesigsintuig goed ontwikkel is kan ‘n persoon van naby tot ver in verskillende kleure sien en het die persoon ook dieptepersepsie en persepsie van dimensie. Hoewel ‘n mens met albei oë apart kan sien, is stereo-skopiese visie net moontlik as ‘n persoon albei oë gelyktydig gebruik (Faure & Richardson, 2002:12; Louw & Edwards, 1998:130). Volgens die navorser kan daar aangeneem word dat speelmediums soos ‘n kaleidoskoop, prente met visueel sterk kleure en dimensies of die kind se eie tekening in spelterapie ‘n sensoriese ervaring sal wees, tensy die kind nie sensories intakt is nie.

2.4.1.1.4.2 *Gehoor*

Klank is die stimulus vir gehoor en klankgolwe word deur reseptore in die oor ontvang en geregistreer (Faure & Richardson, 2002:12). Volgens die Montessori onderrig beginsels moet kinders eers van hul verhouding met ‘n bewegende omgewing wat klanke en geraas maak, bewus gemaak word, want in ‘n rusposisie is daar niks anders as absolute stilte nie. Die gehoorsintuig kan dus slegs stimuli van bewegende subjekte ontvang. Hieruit kan afgelei word dat gehoor stimulasie in spelterapie met kinders begin by stilte en dan vorder na persepsie van klanke en geraas wat deur die speelmediums in die terapiesessie geskep word. ‘n “Stilwees speletjie” kan deel van die sensoriese stimulasie vorm (Standing, 1998:228).

Die gehoororgaan wat klank in die omgewing identifiseer is die volgende:

- Die ouditiewe apparatus is die buite-oor, die middeloor, die interneoor en die ouditiewe senuwee en sentrum in die brein.
- Die doel van die buite-oor is om klankgolwe te ontvang en na die buitenste ouditiewe kanaal te begelei.

- Die middeloor bestaan uit ‘n ketting van klein beentjies (die hamer, aambeeld en stiebeuel) wat die klank golwe na die interne oor aanstuur.
- Die interne oor bestaan uit die vestibule of ingang wat met die cochlea of voorste gehoor orgaan en die half ronde kanale agter kommunikeer. Hierdie het met balans en die positionele gevoel te doen (Benjamin, Garman & Funston, 1997:57).

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat klank as gevolg van golwe of vibrasies in die lug ontstaan en beskik oor die volgende eienskappe:

- Toonhoogte, wat van die frekwensie van die vibrasies afhang - hoe hoër die snelheid van die frekwensie, hoe hoër die toonhoogte van die noot.
- Intensiteit of hardheid hang van die trillingswydte van die vibrasie af en die kwaliteit hou met die kombinasie van die verskillende vibrasies verband. Dit gee aanleiding tot ‘n vermenging van klanke wat harmonie produseer, of glad nie saamsmelt nie (Benjamin, Garman & Funston, 1997:57).
- Voorkeure in klanke vir kinders is individueel en hang van hoë en lae sensasie behoeftes af. Volgens Zuckerman (1994:216) sou ‘n kind wat ‘n hoë sensasie soeker is, voorkeur aan intense, komplekse, vreemde en interessante en selfs vals klanke gee, terwyl lae sensasie soekende kinders voorkeur aan eentonige populêre en klasieke musiek gee.

Dit is die navorser se uitgangspunt dat kinders self moet kies om klanke te maak omdat hulle self moet kan besluit oor die toonhoogte, harmonie en intensiteit van die klanke, veral as die fisiologiese proses van klankherkenning in ag geneem word. Musiekinstrumente soos fluite (riet en panfluit), xilofoon, driehoek, ‘n riet reënmaker en ‘n “bird caller” is voorbeelde van musiekinstrumente waarmee kinders kan

eksperimenteer om klanke wat vir hulle aanvaarbaar en aangenaam is te maak. Die klanke wat die kind in die spelterapiesessie gaan skep, behoort nie alleen ‘n evaluasie van sy sensoriese integrasie te wees nie, maar ook van sy behoefte aan sensasie.

2.4.1.1.4.3 *Tas*

Insette van die tassintuig word deur die vel wat inligting verskaf oor temperatuur, pyn, aanraking en drukking ontvang. As die tassintuig genoegsaam ontwikkel is, ervaar ‘n persoon hoe hard hy aangeraak is en selfs waaraan hy raak. Die tassin maak ‘n persoon van sy liggaam bewus en is nou aan die emosies soos bedreig en gelukkig verbonde (Faure & Richardson, 2002:12; Benjamin, Garman & Funston, 1997:57).

Die sensasie wat deur die vel ervaar word is pyn, temperatuur (warm en koud) en ligte aanraking. In die vel is ‘n netwerk van uiters klein sensoriese areas wat met senuweepunte verbind is, met spesifieke areas vir elk van die verskillende sensasies. Dit is ook so dat een spesifieke area meer sensitief as ‘n ander area is, so byvoorbeeld is die vingerpunte sensitiewer as die gedeelte van die vel op die voor-arm (Benjamin, Garman & Funston,1997:57). Tydens spelterapie wat in die voorondersoek gedoen is, is op die sensoriese areas van die vingerpunte en die hande gefokus. Die kinders is gevra om hul oë toe te maak en verskillende (harde/sagte, lank/kort, ensovoorts), maar bekende voorwerpe uit ‘n blikkie te haal, daarop te konsentreer en dit te probeer beskryf en identifiseer. Dit was duidelik vir die kinders ‘n emosioneel aangename ervaring wat hulle laat lag het as hulle reg of verkeerd was.

2.4.1.1.4.4 *Reuk*

Reuke word chemies deur reseptore van die neus waargeneem Hierdie waarnemings is die enigste wat direk na die emosionele sentrum in die brein gevoer word. Dit verklaar hoekom reuke sulke sterk emosies en

herinneringe ontketen. So kan ‘n persoon onmiddellik teruggevoer word na vroëre herinneringe en ervaring (Faure & Richardson, 2002:12). Volgens Benjamin, Garman & Funston (1997:57) is die reukorgaan van die ontvanger-orgaan, wat die reuksenuwee in die slymvlies membraan van die boonste deel van die nasale opening is, afhanklik.

Stimuli om die reuksintuig te prikkel moet in die vorm van gas wees of baie klein deeltjies wat oplosbaar in die neus se slymvlies is. Hierdie gas of klein deeltjies bereik die neuskanale deur die lug en is gekonsentreerd as ‘n persoon snuif (Benjamin, Garman & Funston,1997: 57). Die reukorgaan kan uiters sensitief wees, maar kan ook baie gou gewoond daaraan raak, byvoorbeeld wanneer ‘n persoon lank aan ‘n reuk blootgestel word, kan hy dit later nie meer ruik of onderskei nie. Reuke word voorts geklassifiseer in aangenaam en onaangenaam en word sterk met die smaaksintuig geassosieer. Die reuksintuig word ook deur ontsteking en die toename van slym wanneer ‘n persoon verkoue het beïnvloed (Benjamin, Garman & Funston 1997:57).

Tydens die voorondersoek het die navorser klein botteltjies met vyf verskillende reuke gebruik. Dit het geblyk dat die verskillende reuke, behalwe vir bekend / onbekend, aangenaam / onaangenaam ook vir die kinders herinneringe en assosiasies opgeroep het en hulle bewus van hul emosies gemaak het.

2.4.1.1.4.5 *Smaak*

Smaak is nou verbonde aan reuk en word chemies deur reseptore op die tong ontvang. Spesiale reseptore op verskillende dele van die tong is sensitief vir onderskeidelik sout, suur, bitter en soet smake. Alle ander smake word deur die reuksintuig ervaar. (Faure & Richardson 2002:12). Die growwe tekstuur van die tong is veelvuldige, klein uitstaande papille wat die reseptore van die smaaksenuwee is en is aan die kante en op, die basis van die tong gekonsentreer. Die sensoriese senuweepunte is om hierdie spesiale selle geplaas. Stowwe moet eers in die waterige

afskeiding van die mond en speeksel kliere oplos, voordat die smaak daarvan identifiseer kan word (Benjamin, Garman & Funston 1997:58).

Die motoriese funksie van die tong is spraak en sluk, terwyl die sensoriese funksies smaak en voel is (Benjamin, Garman & Funston 1997:59). Smaak voor- en –afkeure hang van die intensiteit van die sensasie wat ‘n kind verkry uit smaaklose, subtiele, soet, sagte kos of meer stimulerende, suur, krakerige en gespeseryde kos af. Die kind se persoonlike behoefte aan intense of mindere sensasie, sowel as kultuurverskille gaan in ‘n groot mate ‘n kind se keuse van wat vir hom lekker is, beïnvloed. (Zuckerman 1994:253).

Mac, Nadia en Nataniël is in die voorondersoek blootgestel aan verskillende vrugte geure, wat vir die kinders ‘n aangename ervaring was, maar die navorser het besluit om in die hoofnavorsing meer verteenwoordigende geure soos suur, soet, sout en bitter te kies omdat die kontrasterende sensasies tot bewuswording behoort te lei.

2.4.1.1.4.6 *Beweging (vestibulêre sintuig)*

Reseptore in die binne-oor registreer veranderinge in die persoon se posisie in die ruimte, meer spesifiek die posisie van die kop in die ruimte. As hierdie sintuig goed werk, weet ‘n persoon hoe vinnig en in watter rigting hy beweeg en of hy versnel of stadiger beweeg. As dit optimaal funksioneer, sal hy nie naar word of bedreig voel deur normale beweging nie. (Faure & Richardson, 2002:12; Benjamin, Garman & Funston, 1997:59). Volgens Hoffmann (Kundige, 2005), ‘n sielkundige, het al die kinders wat hy vir disleksie getoets het, probleme met ruimtelike oriëntering ondervind.

2.4.1.1.4.6.1 *Interosepsie*

Die inwendige organe verskaf inligting oor die persoon se gemaklikheidsgraad en behoeftes soos honger, pyn, spysvertering

temperatuur en uitskeiding (Faure & Richardson, 2002:12; Benjamin, Garman & Funston, 1997:59; Bakal, 1999:15).

Introsepsie en propriosepsie word nie in die ondersoek beskryf nie, maar terwille van volledigheid genoem.

2.4.1.1.4.6.2 *Liggaamsposisie (propriosepsie)*

‘n Persoon se spiere en gewrigte maak hom van sy liggaam in die ruimte bewus. Dit help dat ‘n persoon weet, sonder dat hy sy liggaam sien, in watter posisie hy is en hoe sy ledemate beweeg (Faure & Richardson, 2002:12; Benjamin, Garman & Funston, 1997:59; Bakal, 1999:15).

2.4.1.1.4.6.3 *Verwerking en filtrering*

Voordat ‘n persoon bewus van die sensoriese inligting wat ontvang is word, besluit die brein of die inligting belangrik is of nie. Indien dit onbelangrik is, inhibeer of filtreer dit daardie inligting, deurdat dit die bekende inligting herken en besluit om dit nie te registreer of daarop te fokus nie. Hierdie proses word habituasie genoem.

Insette wat gehabitueer word, word geïnhibeer sodat dit nie die bewussyn bereik nie. ‘n Persoon is byvoorbeeld nie permanent van die gevoel van klere aan sy lyf bewus nie. Habituasie is noodsaaklik sodat ‘n persoon op belangrike inligting kan konsentreer sonder om oorgestimuleer te word. Indien die habituasieproses nie reg funksioneer nie, affekteer ‘n groot hoeveelheid onbelangrike inligting die stelsel en veroorsaak dit sensoriese oorlading of oorstimulering (Faure & Richardson, 2002:13).

Hierdie inligting is veral belangrik wanneer kinders sensories in die spelterapie situasie oorlaai is, want dan kan daar aangeneem word dat hulle ‘n kort aandagspan sal hê wat die terapeutiese proses negatief sal

beïnvloed omdat die kind sal sukkel om te fokus en te konsentreer. In die keuse van sensories stimulerende speelmediums van veral musiek-instrumente is dit die navorser se ondervinding dat die teenoorgestelde van bewustheid bereik word as kinders probleme met habituasie ervaar en die kinders oorgestimuleer word.

Wanneer inligting relevant en belangrik is, formuleer die brein binne ‘n breukdeel van ‘n sekonde ‘n reaksie daarop. Die reaksie kan emosioneel wees, soos om te gil wanneer ‘n persoon vir ‘n harde geluid skrik (Faure & Richardson, 2002:13). Opsommend word die sensoriese proses in tabel 2.1 aangedui.



Tabel 2.1 Sensasie Coon en Van Deventer (2004:5)

2.4.1.1.4.7 ***Persepsie***

Soos reeds genoem is sensasie en persepsie ‘n geïntegreerde proses waarvolgens ’n kind betekenis aan die inligting wat hy van sy sintuie ontvang gee. Die inkomende inligting word in ‘n betekenisvolle geheel georganiseer en vorm ‘n belangrike deel van persepsie. Gestalt sielkundiges, en in besonder Wertheimer (Mackewn, 1997:15), het teorieë en beginsels vir persepsie ontwikkel. Dit is veral die mens se behoefte om te voltooi en die proses van voorgrond en agtergrond of “Figure-Ground’ wat so deel van die Gestaltteorie is.

Die konsep van figuur en agtergrond verduidelik die proses waarvolgens kinders tydens die sensoriese stimulasie hul konsepte organiseer om gestalte en betekenis te gee. Hulle neem nie die geheel en alles van hulself in ‘n ononderskeibare massa waar nie, maar kies en fokus op iets wat hul interesseer en hierdie “ding” is dan vir hulle ‘n helder figuur teen ‘n dowwe agtergrond (Mackewn, 1997:16). Hierdie konsep van “Figure-Ground” word na geestes-gesondheid en psigoterapie in Gestalt terapie deurgetrek. Dit kan ook toegepas word om die konsepte van selfregulerende gedrag, kontak, gestalte en onvoltooidhede te verduidelik. So ‘n voorbeeld is wanneer ‘n kind fisiese en emosionele behoefte ervaar en ook ‘n behoefte het om homself te reguleer om in hierdie behoeftes te voorsien. Op ‘n natuurlike wyse sal kinders hul ervarings, sensasies, beelde, energie en belangstellings organiseer om hierdie behoefte te bevredig en dan sal dit in die agtergrond inskuif. Die kind kan dan rus totdat ‘n nuwe behoefte of belangstelling op die voorgrond tree en die proses van vooraf begin (Mackewn, 1997:16).

Die behoefte om te voltooi is duidelik in die wette van **nabyheid** (elemente wat na aan mekaar gegroepeer is, word gewoonlik saam gegroepeer en as ‘n eenheid gesien), **sluiting**, (onvoltooide figure word as voltooid gesien), **gelyksoortigheid** (soortgelyke elemente word saam gegroepeer en as ‘n eenheid waargeneem), **kontinuïeit** (gebroke dele word dikwels op so ‘n manier georganiseer dat die dele lyk asof hulle inmekaar vloei en aaneen is),

gelyktydige beweging (elemente wat saam beweeg word as ‘n eenheid gesien). (vergelyk Louw & Edwards, 1998:124 –129; Ash,1998:225).

Volgens Louw en Edwards (1998:124 -129) bevestig bogenoemde wette die kinders waarmee sensoriese stimulasie gedoen word se behoefte om te voltooi. Kinders sal spontaan en outomaties individuele en onvoltooide items voltooi deur die ontbrekende dele te raai of self te voorsien, in hul poging om betekenis aan die onvoltooide vorm te gee. ‘n Kind sien die voltooide “figuur” of gestalt, wat ook beteken geheel of voltooide patroon wat nie verbreek kan word sonder om die aard te verander nie. Dit is vir hulle belangrik om patrone en geheelbeelde van ervarings te maak in ‘n poging om betekenis aan persepsuele stimuli te gee.

Volgens Mackewn (1997:16) kan die afleiding gemaak word dat kinders ook ‘n sterk inherente behoefte sal hê om hul wêreld op dieselfde wyse te organiseer; deur ervarings in ‘n betekenisvolle geheel te plaas in ‘n poging om hul eie emosies te verstaan en om voltooide “figure” of “gestalte” teen die agtergrond van die res van hul omgewing te sien. Kinders ervaar nou die perseptuele wet van sluiting, en voel geïntegreerd en emosioneel bevredig. Hulle het insig en ‘n gevoel van voltooidheid. Alternatiewelik ervaar hulle die teenoorgestelde van rou; om te laat gaan en af te sluit. Wanneer kinders nie hul ervarings binne ‘n betekenisvolle geheel kan plaas om die sin daarvan raak te sien nie, ervaar hulle ‘n gevoel van ongemak en onvoltooidheid. Volgens Mackewn (1997:17) onthou kinders onvoltooide situasies beter as voltooides en het hulle ook ‘n natuurlike geneigdheid om te wil terug keer na onvoltooide inligting en situasies om die sin en betekenis daarvan te wil verstaan.

2.4.1.1.4.7.1 *Persepsie van konstantheid*

Volgens Louw & Edwards (1998:124 -129) bly persepsies konstant of stabiel ten spyte van radikale veranderings in die sensoriese invoer. Hier kan die voorbeeld gebruik word van ‘n aankomende motorvoertuig. ‘n Persoon vorm van die begin af reeds ‘n persepsie van vorm, kleur en grootte wat vir hom nie

verander as dit nader kom en verbygaan nie. Die navorser is van mening dat dit ook waar kan wees van die speelmediums, soos die musiekinstrumente wat gebruik word. Die kinders vorm reeds voor-af ‘n persepsie van die xilofoon; hulle assosieer en weet vooraf hoe sekere klanke klink, wat nie verander as hy daarop speel nie.

2.4.1.1.4.7.2 *Persepsie van diepte*

Hier word verwys na ‘n persoon se ervaring van hoe ver of hoe naby ‘n voorwerp vir hom is. Dit is die visuele skatting, maar ander sintuie kan saam gebruik word soos byvoorbeeld gehoor en kinestesie, of wanneer ‘n persoon oorleun om aan ‘n voorwerp te raak. Hierdie persepsie is geïntegreer in die kinders se sensoriese ervaring en sal by meeste speelmediums van toepassing wees, maar veral by die kaleidoskoop. Opsommend word persepsie in tabel 2.2 aangedui.



Tabel 2.2 Persepsie
Coon en Van Deventer (2004:6)

2.4.1.2 Disleksie

Volgens Pollock en Waller (in Van Niekerk & Prins, 2001:286) is die term disleksie afgelei van die Grieksie term "*dys"* wat "probleme met" beteken en "*lexis"* wat "woorde" beteken. Disleksie behels probleme met lees, spel, uitspraak, skryf en die verband tussen die betekenis van woorde.

2.4.1.2.1 *Identifikasie van disleksie*

Disleksie word as 'n komplekse sindroom beskou, met individue wat verskillende aspekte van die sindroom, elk op unieke wyse, ervaar. Disleksie kom in 'n ligte graad, gematig of in 'n ernstige graad voor. Dit toon ook geen diskriminasie ten opsigte van sosio-ekonomiese klas, ouderdom of intelligensie nie (Van Niekerk & Prins, 2001:286).

Volgens Hoffmann (Kundige, 2005), sielkundige en kundige van disleksie in Namibië het 'n geskatte 10% van die Namibiese bevolking disleksie en hy neem geen verskille tussen die bevolkingsgroepe waar nie. Volgens sy statistiek toets hy ongeveer honderd kinders per jaar positief vir disleksie. Hierdie kinders se ouers is bewus van hul kinders se probleem en wend pogings aan om hul kinders te help, terwyl die res van die kinders gefrustreerd en sonder hulp deur die skoolsisteem worstel. Wanneer die totale bevolking van Namibië, van twee miljoen waarvan ongeveer 200 000 disleksie sou kon hê, in ag geneem word, dan is die getal kinders wat gespesialiseerde hulp van arbeidsterapeute, sielkundiges, remediërende onderwysers of ander ontvang, baie min. EDUHELP Leersentrum, met 70 leerlinge, is die enigste skool wat in alle leergeremdhede in Namibië spesialiseer. Die Staatskole het om finansiële oorwegings met remediërende klasse weggedoen en waar dit wel nog aangebied word, is dit op die ouers se inisiatief en onkoste.

Daar kan aanvaar word dat in elke skool kinders met disleksie sal wees en daarom is dit belangrik dat veral onderwysers sensitief vir die behoeftes van kinders met disleksie moet wees.

2.4.1.2.2 ***Definisie***

Die definisies van disleksie stem almal sover dit beskryf word as ‘n leergeremdheid ooreen. Volgens Lerner (1997:244) is disleksie ‘n ekstreme vorm van leergeremdheid en is dit belangrik om in gedagte te hou dat nie elke kind met ‘n leergeremdheid disleksie het nie. Dit beteken dat die kind met disleksie, probleme ondervind om te lees, te spel en om sy gedagtes verstaanbaar neer te skryf. Disleksie kan ook simboliese sisteme soos wiskunde en musieknote affekteer. Disleksie kom op die totale intellektuele spektrum voor en kan saam met, maar nie as gevolg van ‘n gebrek aan motivering, emosionele steurnis, gebrekkige sensoriese integrasie of geleenthede wees nie (Hornsby, 1997:3; Van Niekerk & Prins 2001:286). Disleksie kan volgens die skrywers ook tot ‘n groot mate geneties oorerflik wees.

2.4.1.2.3 ***Disleksie en sensoriese integrasie***

Volgens Lerner (1997:262) het persone met disleksie visuele en ouditiewe gebreke, sowel as ‘n onvermoë om inligting in die kognitiewe sisteem in taal te prosesseer. Volgens Chivers (2001:39) mag dit wees dat ten spyte daarvan dat hulle normale ouditiewe funksie het, kinders met disleksie nog ander ouditiewe probleme kan ondervind soos om met aandag en gefokus te luister. Volgens Hoffmann (Kundige, 2005) ondervind kinders met disleksie probleme met sensoriese integrasie van veral die visuele en ouditiewe sintuie en ruimtelike persepsie omdat hulle volgens sy ervaring, nie ‘n direkte kopie van wat hulle sien kan gee nie (Kundige, 2005). In teenstelling met Hoffmann is Venter (Kundige, 2005), van mening dat daar nie noodwendig ‘n verband tussen disleksie en sensoriese integrasie bestaan nie en dat die waarskynlikheid vir ‘n kind met disleksie net so groot as enige ander kind is om sensories swak geïntegreer te wees. Dit is die navorser se mening dat kinders met erge leergeremdhede, soos disleksie, wel probleme kan ervaar met sensoriese integrasie; omdat gebreke in die sintuie van visie en gehoor voorkom. Tog moet daar voorsien word vir menslike faktore soos individualiteit, die ernstigheidsgraad van die leergeremdheid en professionele

hulp soos die van ‘n arbeidsterapeut, wat die kind moontlik alreeds van ‘n vroeë ouderdom ontvang het.

2.4.1.2.4 ***Die breinstruktuur***

Volgens Schoeman (in Van Niekerk & Prins, 2001:287) is taal die funksie van die dominante serebrale hemisfeer. Verskille kom in die linker hemisfeer van kinders met of sonder lees probleme voor. By meeste kinders is die linker parientale lob groter as die regter een, terwyl dit by kinders met disleksie dikwels die teenoorgestelde is (Hornsby, 1997:167). Strukturele afwykings van die brein, soos byvoorbeeld ‘n neurale verskuiwing van die linker parientale kortex, word by kinders met disleksie gevind en verteenwoordig neuronale migrasie defekte (Osmond in Van Niekerk & Prins, 2001:287). Volgens Amen (2001:119) kom die volgende probleme by meeste kinders met linker temporale lod abnormaliteite voor, naamlik: agressie, donker geweldadige gedagtes, ligte paranoïa, probleme om woorde te vind, ouditiewe prosessering, probleme om te lees en emosionele onstabiliteit,.

Volgens Hornsby (1997:164) is kinders met disleksie se breinselle, in ‘n mindere of ‘n meerdere mate anders gerangskik as kinders wat nie leesprobleme ondervind nie. Die EEG van “normale” kinders vertoon mindere alpha ritmes oor die parientale lob terwyl die kind lees, terwyl dit nie die geval by kinders met disleksie is nie. Daar word ook geglo dat ‘n verminderde visuele-persepsie (die regter hemisfeer se vermoë om simbole te herken) ‘n rol in lees geremdheid speel. Navorsing beweer dat die onvermoë om klanke te herken en te onthou die grootste beïnvloedende faktor in disleksie is. Probleme om te diskrimineer tussen letters en woorde (visueel-perseptuele vermoë) mag die situasie vir sommige kinders vererger (Riddick in Van Niekerk & Prins, 2001:287). Voorts kla sommige kinders met disleksie dat klein letters vir hulle minder uitstaan en “swem” terwyl hulle lees. Dit hou verband met onstabiele “binocular eye fixation” en ‘n onvermoë om oogbeweging te beheer. Persone met regter posterieure parientale skade toon dieselfde simptome en daarom bestaan die hipotese dat kinders met disleksie onder ontwikkel in hierdie gedeelte van die brein is (Pelser & Stuart in Van

Niekerk & Prins, 2001:287). Daar moet gemeld word dat dit nie ‘n oorsaak vir disleksie is nie.

2.4.1.2.5 ***Genetiese ooreenkomste***

Volgens Hornsby (1997:164) het 88% van persone met disleksie ten minste een naby familielid met dieselfde simptome. Tweelingstudies bevestig ‘n genetiese komponent vir disleksie met ‘n ooreenstemmende persentasie van 70% vir monosigotiese tweelinge en 43% vir disigotiese tweelinge (Van Niekerk & Prins, 2001:288). Daar word afgelei dat dit nie die leesgebrek is wat oorgeërf word nie, maar die gebrek aan vaardighede in een of meer vaardighede onderliggend aan taal en lees. Navorsers soos Olson, Wise & Connor; Van Niekerk & Prins (2001:288) het bevind dat sommige individue fonologiese gestremdheid oorerf wat hul vermoë om te kan lees nadelig beïnvloed.

Disleksie is nou ‘n erkende ontwikkelings en aangebore toestand. Die oorsaak is nog nie volledig beskryf nie, maar afwykings bring verskillende grade van leergeremdheid mee wanneer woorde en simbole gebruik word om te leer. (Van Niekerk & Prins, 2001:288) Vroeë aanduiders van disleksie is volgens Chivers (2001:11); Hornsby (1997:23); Van Niekerk & Prins (2001:288) onder andere die volgende:

- Vertraagde spraak en stottering
- Links/regs verwarring
- Vind dit moeilik om lang woorde uit te spreek
- Probleme om aftrek somme te maak en tafels aan te leer
- Probleme met opeenvolging soos om die dae van die week/maand/alfabet aan te leer
- Omruiling en verwarring van die “b” en die “d” (vir ‘n langer tydperk as wat kinders van dieselfde ouderdom dit sou doen)
- Sukkel om syfers te onthou
- Familiegeskiedenis van soortgelyke probleme

- Lompheid
- Sukkel om instruksies te onthou
- Aandagafleibaarheid. Volgens Amen (2001:121) kom lees en taal prosesseringsprobleme meestal voor saam met ‘n disfunksie in die linker temporale lob, soos die geval is met aandagafleibaarheid.

2.4.1.2.6 ***Diagnose***

Voor ‘n diagnose gemaak kan word moet alle ander oorsake van swak skoolvordering ondersoek word, soos byvoorbeeld :

- Sensoriese gebreke soos byvoorbeeld visueel en gehoor probleme
- Motoriese probleme soos spierdistrofie en serebrale gestremdheid
- Omgewingsdeprivasie soos swak onderrig, sosiokulturele omstandighede of gereelde skoolafwesigheid
- Emosionele versteuring (Van Niekerk & Prins, 2001:289).

Volgens Van Niekerk & Prins (2001:289) is die diagnose vir disleksie voorheen gemaak wanneer ‘n meetbare verskil bestaan het tussen lees ouderdom en kronologiese ouderdom. Kinders kon daarom eers teen die ouderdom van sewe jaar met disleksie geïdentifiseer word. Tog is bevind dat kinders van drie en vier jaar wat sukkel om te rym, ‘n groter risiko loop om met disleksie gediagnoseer te word. Navorsers soos Singleton (in Van Niekerk & Prins, 2001:289) werk aan ‘n siftingstoets wat gebruik kan word om kinders van voor-lees ouderdom te toets om hoë risiko kinders te identifiseer.

2.4.1.2.7 ***Sub- tipes van disleksie***

Volgens Snowling (in Van Niekerk & Prins, 2001:289) word die volgende twee sub-tipes onderskei:

2.4.1.2.7.1 *Vertraagde ontwikkeling*

Hierdie groep se ontwikkeling is om verskeie redes vertraag en dit beteken dat hulle nie teen die normatiewe ouderdom lees nie. Hierdie kinders het ligte fonologiese probleme.

2.4.1.2.7.2 *Spesifieke erge fonologiese gebreke*

Die disleksie is ontwikkelend van aard en die voorkoms daarvan verander gewoonlik met ouderdom en ervaring.

Volgens Riddick (1996:33) bestaan groeiende konsensus dat fonologiese prosesseringsvaardighede (om letterklanke ouditief te kan herroep) direk met kinders se vermoë om te kan leer lees, verband hou. Hierdie vaardighede behels om na woorde wat uitgespreek word te kan luister en om hierdie kennis, om die geskrewe woorde te dekodeer toe te pas. Kinders leer mettertyd tegnieke om te kompenseer aan, maar die primêre kognitiewe gebrek neig om nie met tyd te verdwyn nie. Dit wil tog voorkom asof kinders met disleksie individuele verskille in die tipes prosesseringsgebreke vertoon; dat dit van kind tot kind mag verskil en dat dit moeilik is om kinders in duidelike kategorieë in te deel. Gewone lesers kan as op ‘n kontinuum gesien word, met sommige wat sterk op ‘n visuele geheelwoord strategie vertrou, terwyl ander weer ‘n fonetiese strategie volg (Van Niekerk & Prins, 2001:289).

2.4.1.2.8 ***Visuele prosesserings tekort***

Soos reeds vermeld, is dit vir sommige geaffekteerde kinders moontlik dat visuele prosesseringsgebreke saam met fonologiese gebreke kan voorkom. Dit beteken dat hulle probleme om letters en getalle te herken ervaar en wanneer hulle lees, woorde verkeerd verstaan, woorde weglaat of vervang met ander wat hulle raai dit moet wees. Die verwarring wat dit vir onderwysers en hulself tot gevolg het, maak hierdie kinders huiwerig om te lees. Die handskrif en spelling kan ook geaffekteer wees met sonderlinge letterformasie (Van Niekerk & Prins, 2001:289.)

2.4.1.2.9 ***Visueel persepsuele probleme***

Volgens Van Niekerk & Prins (2001:289) ondervind ‘n klein persentasie kinders met disleksie dat letters vir hulle dof is en ten spyte van normale visie rond dans.

2.4.1.2.10 ***Verwante gedrag***

Volgens Van Niekerk & Prins (2001:289) vergelyk die kind met disleksie se motoriese vermoëns met die van ‘n heelwat jonger kind, veral wat die fyn motoriese vermoë betref So byvoorbeeld het hierdie kinders ‘n onhandige potloodgreep, sukkel om van die bord af te skryf of om skoenveters vas te maak. Die kinders kan ook lomp met groot motoriese aktiwiteite soos balspele, touspring, om op een been te staan of op ‘n reguit lyn te loop wees. Ses-en- sewentig persent van kinders met disleksie sukkel met links/regs verwarring en is dikwels in hul daaglikse lewe verward en ongeorganiseerd. Hulle weet dikwels nie watter dag van die week dit is nie en sukkel om name te onthou. By baie kinders kom visueel-persepsuele agterstande voor en ten spyte van normale visie, ondervind hulle probleme om te onderskei tussen syfers en dit korrek van ‘n swartbord af te kopieer (Van Niekerk & Prins, 2001:290).

2.4.1.2.11 ***Persoonlike gevolge***

Kinders met disleksie word dikwels beskuldig dat hulle lui, stadig, dom en onnet is. Hierdie tipe terugvoer wat hulle van ander ontvang veroorsaak volgens Van Niekerk & Prins (2001:290) ‘n inherente frustrasie en lei tot woede uitbarstings, wangedrag en selfs jeugmisdaad. Hulle word aggressief of destruktief en bakleierig of onttrek in hulself deur dagdrome en gee voor dat hulle dom is. Sommige kinders raak ernstig depressief en toon gedurende die adolessente jare onttrekkingsimptome. Die frustrasie, verwerping, gevoelens van ontoereikendheid, swak selfvertroue en selfbeeld, is onderliggend aan uitreagerende en selfs kriminele gedrag. Daar kan verwag word dat hierdie gedragsafwykings ‘n meer antisosiale vorm wanneer die kinders ouer word,

sal aanneem. Navorsing bevestig dat kinders met leesprobleme meer tot emosionele en gedragsprobleme geneig is. So byvoorbeeld het navorsers in Van Niekerk & Prins (2001:290) bevind dat 25% van tienjariges met lees vertraging, ook antisosiale gedrag openbaar. Verdere studies deur laasgenoemde skrywer het bevind dat ‘n stygende verband gedurende die laerskooljare tussen leesprobleme en gedragsprobleme ontwikkel. Kinders met disleksie toon simptome van onoplettendheid en rusteloosheid, terwyl “conduct disorder” meer prominent met ouderdom raak.

2.4.1.2.12 ***Gevolge vir die familielede***

Dit is die navorser se mening dat kinders met leerprobleme hoë emosionele eise aan hul ouers stel omdat hulle van bogenoemde gedragsprobleme mag ervaar. Die lang ure, baie aandag en hulp met die skoolwerk is emosioneel dreinerend vir ouers sowel as vir die kinders en lei dikwels tot swak ouer-kind verhoudings omdat die kinders ongemotiveerd raak en die ouers ongeduldig. Die prys van privaat onderrig in klein klasse in privaatskole is dikwels moeilik bekostigbaar. Volgens Van Niekerk & Prins (2001:290) is gesinne wat ‘n kind met disleksie het, se risiko dikwels groot om probleme te ontwikkel, want die volgende emosies naamlik: skuldgevoelens, verkwaliking en verwyte, onsekerheid, frustrasie, ensovoorts kan voorkom.

2.4.1.2.13 ***Die bestuur van disleksie***

Dit blyk dat die sukses van behandeling vir kinders met disleksie afhanklik is van vroeë identifikasie, omdat remediërende onderrig-en taal en spraakterapie ‘n venster periode van effektiwiteit het, waarna baie min vordering moontlik is. Dit is baie belangrik vir ouers om op te tree en hulp te soek sodra hulle agterkom dat die kind se lees- en spelvermoë onder die kind se gemiddelde intellektuele vermoë is. Hierna volg ’n deeglike evaluasie van die situasie, ‘n fisiese ondersoek om ander fisiologiese oorsake uit te skakel en ‘n akademiese evaluasie. (Van Niekerk & Prins, 2001:291).

2.4.2 Die benutting van kundiges

Die doel van die gesprek met kundiges was om hul idees, opinies en hul ervaring met kinders met disleksie te versamel. In hierdie semi-gestruktureerde onderhoude is die respondente kans om met meer vryheid te antwoord op dieselfde vraag gegee. Die vrae het definitiewe antwoorde, maar die skedule laat toe dat die respondente in hul eie woorde kan antwoord. (Hayes, 2000:121).

Volgens Magriet Fourie, arbeidsterapeut van Windhoek (Kundige, 2005) doen die arbeidsterapeute nie ‘n formele toetsing vir disleksie of enige leergeremdheid nie en kan geen statistiese inligting vanuit die praktyk gegee word nie. Haar definisie vir disleksie sou wees wanneer ‘n kind in onvermoë is om sonder persepsuele probleme te lees. Volgens haar is daar ‘n definitiewe verband tussen leerprobleme en sensoriese integrasie, omdat kinders wat nie sensoriese stimulasie kan filtreer nie, nie in die klas situasie kan konsentreer om te kan leer lees nie. Volgens haar word kinders met simptome van disleksie hoofsaaklik na Dr Jurgen Hoffmann wat ‘n kundige ten opsigte van disleksie is, verwys.

‘n Tweede kundige, Dr Jurgen Hoffmann (Kundige, 2005) is van mening dat daar wel ‘n verband tussen disleksie en sensoriese integrasie is, omdat disleksie ‘n sensoriese probleem is, wat veral die oudio-visuele sintuie raak. Volgens sy ervaring het al die kinders met disleksie, wat hy toets, ook ‘n probleem met ruimtelike oriëntering. Die gereelde vergaderings met ouers en onderwysers om terugvoering van die spelterapie te gee, het die navorser oortuig dat kinders met disleksie moontlik probleme om sensoriese boodskappe reg te verstaan ervaar. Die onderwysers, wat almal remediërende ondewysers is, het uit hul eie ervaring met die kinders in die skool, die navorser se vermoede bevestig. Die inligting stem ook met wat die navorser in die breë orientering uit die literatuur gelees het ooreen, naamlik dat kinders met leerprobleme ook dikwels probleme om sensoriese boodskappe te integreer ervaar.

Volgens Cilliers (in De Vos, et al., 2002:213) word die voordele van die gebruik van kundiges in die voorondersoek om die navorsingsonderwerp te verduidelik en om die praktiese implikasies uit te wys, bevestig. Gesprekke met kundiges het die navorser gehelp om die navorsingsprobleem beter te verstaan.

2.4.3 Terapeutiese intervensie

2.4.3.1 Praktiese ondervinding in die voorondersoek

Die klaskamer opset wat in die voorondersoek gebruik is vir spelterapie,, het bewys dat dit nie die mees geskikte ruimte was nie. Dit was nie privaat genoeg nie, en kon moontlik negatiewe assosiasies vir die kinders inhou.

Die tyd wat direk na skool gebruik is vir spelterapie het probleme veroorsaak. Die kinders was moeg en honger en wou graag huis toe gaan. Die probleem sal in die hoofondersoek reg gestel word deurdat die kinders later in die middag, nadat hulle kon rus, in die spelterapeut se goed toegeruste en private speelkamer terapie ontvang.

Dit was vir die navorser waardevol om reeds in die praktyk te kon uitvind watter praktiese en logistieke reëlings uitvoerbaar is en watter faktore die spelterapie- proses kan belemmer.

2.4.3.2 Voorlopige ondersoekende studie

Volgens Strydom (2002:213) is dit bo-en-behalwe die literatuurstudie en gesprekke met kundiges, ook nodig om ‘n oorsig van die praktiese situasie waar die beplande ondersoek sal plaasvind te verkry. Dit is presies wat die navorser oor ‘n tydperk van agt maande gedoen het. Dit kan ook beskou word as ‘n ondersoekende studie wat die navorser vooraf gedoen het en wat aanleiding tot die navorsingsprobleem gegee het. Die navorser het as spelterapeut by EDUHELP Leersentrum in een van die klaskamers, met laerskoolkinders met disleksie, spelterapie gedoen, die Schoeman Model,

bylaag 1.8 gevolg en dieselfde sensoriese speelmediums wat vir die navorsingsondersoek beplan word, toegepas.

Die voorlopige ondersoek het realistiese feite van wat die onkoste ten opsigte van brandstof, telefoon en persoonlike tyd sou wees, uitgewys in die hoofondersoek en dit het die navorser geleentheid gegee om ‘n begroting vir die navorsingsondersoek te kon saamstel (Strydom, 2002:213).

2.4.3.3 Intensiewe studie met die spesifieke groep kinders

Die logiese volgende stap wat die navorser gevolg het was om die spesifieke groep kinders te bestudeer en te ondersoek. Dit het beteken dat spelterapie met laerskool kinders met disleksie, van EDUHELP Leersentrum, gedoen is en dat hierdie ses kinders se reaksie op die sensoriese stimulasie waargeneem en gedokumenteer is. Daar is gevind dat vier van die ses kinders die sensoriese boodskappe nie verstaan het nie. Van hierdie groep was een kind se simptome van disleksie erg en die ander het gewissel tussen matig tot erg.

Dit was ‘n veldtoetsing van ‘n soortgelyke groep kinders wat ook in die hoofondersoek gebruik gaan word. (Strydom, 2002:214). In die hoofondersoek word drie nuwe kinders gekies wat nie spelterapie in die voorondersoek ontvang het nie. Die doel was om die kinders se reaksie op die sensoriese speelmediums wat die navorser gekies het om waar te neem en te evalueer, waar te neem. Die reaksie sou bepaal of die mediums geskik sou wees om weer in die hoofondersoek te gebruik. Die kinders se reaksie het wel bevestig dat dit die kinders met disleksie se vermoëns om sensoriese boodskappe te vertolk, getoets het. Dieselfde speelmediums wat in die voorondersoek gebruik is, kan dus weer in die hoofondersoek gebruik word.

Die kinders wat vir die voorondersoek gebruik is, is deur die klasonderwysers op grond van hul emosionele probleme in die klas of in die portuurgroep gekies, en kan as verteenwoordigend van die kinders met disleksie in die skool beskou word.

2.5 Die waarde van die voorondersoek

Dit was eers na die voorondersoek dat die navorser ‘n duidelike probleem kon identifiseer, dit formuleer en in die navorsingsvoorstel kon besryf. Dit het dus as ‘n leerervaring van die spesifieke terrein wat nagevors gaan word gedien. In die lig daarvan dat die omstandighede met die hoofondersoek ooreenstem, is dit moontlik om die koste, die duur en die uitvoerbaarheid van die navorsing vooraf te bepaal.

Die direkte betrokkenheid van die navorser self by die sensoriese stimulasie tydens die spelterapie sessies, laat ruimte vir subjektiwiteit en vooroordeel, maar die navorser is daarop bedag.

2.6 Evaluasie van die voorondersoek

Die spelterapie wat met die kinders in die voorondersoek gedoen is, was effektief om inligting in te samel en daarom kan die verloop van die spelterapiesessie en die gebruik van die Schoeman Model, bylaag 1.8 in die hoofondersoek dieselfde as in die voorondersoek bly. Dit het resultate waaruit die navorser sekere afleidings en gevolgtrekkings kon maak gelewer. (vergelyk Dunn, 1999:193).

Die voorondersoek word as ‘n oefenlopie gesien en die navorser wil nie aannames maak of met vooropgestelde idees die res van die navorsing aanpak nie (Strydom, 2002:220). Die voorondersoek was sonder vooroordeel gedoen, omdat die kinders wat in die voorondersoek gebruik is, nie weer in die hoofondersoek gebruik sou word nie (Dunn, 1999:193).

‘n Indiepte literatuurstudie is nie vooraf gedoen nie, omdat die navorser nie die risiko van subjektiewe beïnvloeding wou waag nie. Daardeur kon die navorser in die versoeking wees om die inligting uit die literatuur in die empiriese studie te wou bewys. In die lig hiervan word in hierdie voorondersoek ‘n literatuur ondersoek gedoen waar slegs agtergrondinligting oor die belangrikste aspekte van sensoriese stimulasie met laerskoolkinders met disleksie, ingesamel

word. Na die empiriese ondersoek volg ‘n literatuurkontrole om te vergelyk of die bevindinge van die hoofondersoek ooreenstem met dit wat reeds in vorige navorsing beskryf is. Hierdie werkswyse verseker objektiwiteit, omdat dit die navorser instaat stel om sonder vooropgestelde verwagtings die kinders se reaksies te kan waarneem en te beskryf (konsultasie met Grobler, 2005; Strydom, 2002:221).

Dit blyk uit beskikbare literatuur dat reeds baie oor disleksie geskryf is, veral vanuit die remediërende onderwysperspektief omdat remediërende onderrig van kinders met disleksie ‘n groot uitdaging is. Literatuur oor sensoriese integrasie van kinders met disleksie is min en dit wil voorkom asof hierdie studie ‘n unieke geleentheid bied om kinders met disleksie beter te verstaan. Die gebrek aan bekende vorige navorsing maak dit ook moontlik dat die ondersoek meer objektief sal wees, sonder beïnvloeding van vorige bevindinge en navorsingsresultate.

2.7 Samevatting

Sensoriese stimulasie is ‘n fisiologiese proses wat die Gestaltspelterapeut doelbewus gebruik om die kind optimaal bewus te maak sodat hy kan fokus en aan die terapie kan deelneem en wat tot organismiese selfregulering sal lei. Dit is die navorser se mening, dat sensoriese stimulasie nie ‘n doel opsigself is nie, maar ‘n deel van die Gestaltspelterapie proses is en dit is in die voorondersoek so aangewend. Die doel van die literatuurstudie was om meer inligting oor disleksie in te samel, en sensoriese stimulasie met die kinders beter te verstaan.

Die voorondersoek was ‘n oefenlopie om te bepaal of die hoofondersoek wel suksesvol gedoen kan word en volgens die resultate was dit wel die geval. Daar kan met die navorsing voortgegaan word. Die verloop van die voorondersoek is beskryf en verduidelik.

Hoofstuk 3 : Navorsingsmetodologie
‘n Empiriese perspektief en integrering van die bevindings

3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word ‘n oorsig van die navorsingsproses wat met drie laerskoolkinders met disleksie van EDUHELP Leersentrum gedoen is, en die empiriese bevindings wat daaruit voortspruit, gegee. Tydens die navorsingsondersoek is Gestaltspelterapie as ‘n terapeutiese benadering gevolg omdat sensoriese stimulasie juis in gestalt ‘n belangrike rol om kinders se bewussynsvlakke te verhoog vervul. Die sensoriese bewusmaking in die verloop van die spelterapie- sessies is beklemtoon om die waarnemings vir die navorsingsondersoek te kon maak. Die waarnemings tydens die ondersoek fokus op die kinders se gevoelens en hul interpretasie van die sensoriese impulse wanneer hulle in ‘n gestruktureerde spelterapiesituasie aan die speelmediums blootgestel word. Daar word ook slegs verslag van die waarnemings, gedoen omdat sensoriese stimulasie in spelterapie nie ‘n formele toetsing van die kinders se vermoëns is nie.

3.2 Navorsingsproses

3.2.1 Navorsingsvraag

Die navorser wou in die ondersoek op die navorsingsvraag fokus : “Hoe kan kinders met disleksie spelterapeuties ondersteun word om sensoriese boodskappe te prosesseer en te interpreteer?”

3.2.2 Beplanning vir die navorsing

3.2.2.1 Die voorondersoek

Die voorondersoek is afgehandel en in hoofstuk twee volledig beskryf. Die navorser was na afloop van hierdie voorondersoek en na aanleiding van die

inligting wat ingesamel is, oortuig dat die navorsingsondersoek toepaslik en prakties uitvoerbaar is en dat voortgegaan kon word om die ondersoek te doen.

3.2.2.2 Die insameling van inligting

Die navorser het self as terapeut opgetree en die inligting op die volgende wyse ingesamel :

- Ses spelterapiesessies met drie kinders
- Video's, veldnotas, semi-gestruktureerde onderhoude en waarneming van die kinders
- Semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges, ouers en remediërende onderwysers
- Sensoriese integrasie assesseringskaal, (SIPT) van Ayres (1972) in die Sensasieteorie- kursus van die SA Institute for Sensory Integration (1996). Hierdie asseseringskaal is nie as kwalitatiewe evalueringsmetode gebruik nie, maar as opname wat as kontrole en kruisverwysing van uitkomste in terapie gedui het. Verwys na bylaag 1.2.

3.2.2.3 Die spelterapiesessies met die kinders

Die navorser was as die spelterapeut direk by die ondersoek betrokke en het met die drie kinders elkeen ses spelterapiesessies binne die raamwerk van die Schoeman spelterapeutiese model, bylaag 1.8 gedoen, omdat sensoriese bewustheid 'n belangrike komponent van hierdie model is. Die eerste sessie was 'n dialoogontmoeting en om die kinders oor die verloop van die spelterapie en die navorsing in te lig. Vir die daaropvolgende sessies is die vyf sintuie geselekteer en in elke sessie is op net een sintuig in besonder gefokus in die volgorde van reuk, gehoor, smaak, tas en sig. Met al drie die kinders is dieselfde werkswyse vir elke sessie gevolg. Dieselfde speelmediums is by elke kind gebruik en dieselfde semi-gestruktureerde onderhoude is na die tyd gevoer om vas te stel wat hulle gevoelens en interpretasie was van dit wat hulle met hul sintuie ervaar het.

3.2.2.4 Video's, veldnotas, semi-gestrukteerde onderhoude en waarneming van die kinders

Spelterapiemediums is gebruik, die navorser het veldnotas gemaak, die video's gedokumenteer en waarnemings van die kinders se antwoorde, liggaamshouding en gedrag gemaak. Die volgende vrae is tydens die semi-gestruktureerde onderhoude gevra:

- Wat gebeur met jou as jy dit ruik/voel/sien?
- Hoe laat dit jou voel?
- Van watter een hou jy die meeste/minste?

Die navorser het die volgende waarnemings gemaak :

- Neem die kind deel? Huiwerig/Entoesiasties/Onwillig/Vermy die aktiwiteit
- Die kind se gesigsuitdrukking en liggaamstaal

Al die spelterapiesessies is op video opgeneem en die kinders en ouers het toestemming gegee dat die verloop van die sessies opgeneem mag word, dat aantekeninge gedurende die sessies gemaak kan word en dat dit in verslagvorm aan die Universiteit beskikbaar gestel mag word. Die kinders is van die terapeut se vertroulike hantering van die inligting verseker, deurdat skuilname gebruik sal word.

3.2.2.5 Semi-gestruktureerde onderhoude met kundiges, ouers en remediërende onderwysers

Die ouers van die kinders is op die volgende wyses by die studie betrek:

- Die SIPT vraelys van Ayres (1972), 'n Sensasieteorie-kursus van die SA Institute for Sensory Integration, (1996) is deur die ouers ingevul en as 'n assesseringsinstrument gebruik om te bepaal of die kinders sensoriese integrasieprobleme het al dan nie. Sien bylaag 3.1.

- Semi-gestruktureerde onderhoude met die ouers is gevoer om vas te stel of hulle bewus van enige probleme met sensoriese integrasie van hul kinders is en of hulle arbeidsterapie vir die probleem oorweeg het.

Die semi-gestruktureerde onderhoude is met die volgende remediërende onderwysers en kundiges gevoer:

- Fransette Vollgraaff: Remediërende Onderwyseres
- Magda Swanepoel: Hoof van EDUHELP Leersentrum
- Retha Moore: Remediërende onderwyseres en Opvoedkundige Sielkundige

3.2.3 Prosessering van die data en navorsingsbevindings

3.2.3.1 Sensoriese stimulasie met die kinders

Die inligting is van die sensoriese stimulasie wat met die volgende drie kinders in die ondersoek gedoen is, verkry.

- Mac (Elf jaar oud)
- Nataniël (Agt jaar oud)
- Nadia (Dertien jaar oud)

3.2.3.1.1 Eerste sessie : Kennismaking

Die eerste onderhoud se fokus was kennismaking en oriëntering van wat in die sessies gedoen gaan word. Die spelterapeut het die gebruik van sensoriese materiaal en die doel daaragter met die kinders bespreek. Die videokamera was ‘n faktor wat vir die kinders ‘n bedreiging was en die terapeut moes hulle help om daaraan gewoond te raak deur vrae wat hulle gevra het te beantwoord en hulle die geleentheid om deur die lens te kyk, te gee.

Die eerste sessie het op assessering en verhoudingsbou met die doel om ‘n vertrouensverhouding of ‘I-It” verhouding op te bou, gefokus, wat later in ‘n “I-Thou” verhouding met die kinders sou kon ontwikkel. Om die kinders beter te leer ken en meer van hul proses te wete te kom, is almal gevra wat hul drie beste wense is, wie hul sou saamvat maan toe as hul net een persoon mag saamvat en watter dier hulle mee plekke sou wou ruil. Die kinders het die geleentheid gekry om te gesels waaroor hulle wil, vrae te vra en na die speelkamer te kyk. Die ouers is by die eerste deel van die onderhoud waarin hulle ingelig is oor die doel, die verloop en die beplanning van die spelterapiesessies betrek. Hulle is gevra om saam met die kinders ‘n vraelys oor die gesinstruktuur en die gesin se kontakbesonderhede in te vul. Daarna het die ouers die sensoriese integrasie-meetinstrument (SIPT), van Ayres (1972) in Sensasieteorie-kursus van die SA Institute for Sensory Integration (1996) ingevul.

3.2.3.1.2 **Tweede sessie : Reuksensasie**

Die kinders het aan vier verskillende reukbotteltjies geruik. Daarna moes hulle sê hoe hulle voel en ook waarvan hulle die meeste en minste gehou het.

Kinders

<u>Mac</u>

Geure

Vanielje

Hy knyp en vryf van opgewondenheid oor sy maag terwyl die terapeut die botteltjies uitpak. Hy bring die botteltjie stadig na sy neus en ruik versigtig daaraan. Hy lag omdat hy dadelik die reuk herken. Hy ruik weer en weer. Op die terapeut se vraag hoe hy voel as hy daaraan ruik, dink hy eers ‘n rukkie en dan vertel hy dat dit hom aan die kombuis laat dink. Hy hou van die reuk, want hy sê dit *“maak my lekker voel”* en dit laat hom dink aan lekker kos, die

kombuis se reuk en lekker tye saam met sy oudste broer wat ‘n kok is. Hy sê dit gee hom ‘n *“ice cream feeling”* en “*dis waarom ek dadelik geweet het dis vanilla”*. Hy antwoord bevestigend op die terapeut se vraag of hy van roomys hou en dit vir hom ‘n lekker reuk is. Hy lag en vertel entoesiasties terwyl hy handgebare gebruik en oor sy kop vrywe.

Amandel

Hy sê *“ek ken die een!”* en ruik herhaaldelik aan die botteltjie. Aan die manier waarop hy sy kop draai, lyk dit asof hy dink oor die reuk. Hy wonder hardop wat hy ruik, terwyl hy sy kop skeef draai en sy vinger oor sy gesig trek. Hy sê *“I think it is.....”* ‘n paar keer oor, maar voltooi nie die sin nie. *“This must be a tricky one”.* Hy kan die reuk nie identifiseer nie, maar hy sê dit ruik vir hom lekker en laat hom aan kos dink. Wanneer die terapeut vir hom die regte reuk sê, herken hy dit as ‘n reuk uit die kombuis en hy sê *“I like it and it smells nice and makes me feel nice as well”.* Hy en die terapeut gesels oor die kersfeeskoekies wat vir hom na amandel smaak.
Hy sê hy hou daarvan en dit laat hom aangenaam voel en dit is duidelik uit sy hande wat op sy bene rus, dat hy ontspanne is en dat dit vir hom ‘n aangename ervaring is.

Suurlemoen

Hy vat die botteltjie met entoesiasme om daaraan te ruik. Hy rol sy oë en ruik twee keer daaraan en sê dadelik *“lemon!”*. Hy sê dit laat hom aan suurlemoenkoek dink en hy hou nie daarvan nie. Hy vryf oor sy ken. Hy trek sy neus op en sê hy hou niks van die reuk nie en dit laat hom nie lekker voel nie.

Parfuum

Hy ruik, vryf oor sy ken en sê *“ek dink... ek dink....”.* Hy vryf weer oor sy neus, hy draai sy kop skeef en sit sy vinger in sy mond. Hy sê *“dit ruik na parfuum”.* Dit ruik vir hom soos die kas met sy ma se parfuum in die badkamer. Hy

glimlag breed en krap sy kop en maak *"yes, yes"* geluide van plesier omdat hy reg was. Volgens hom hou hy van die reuk en dit laat hom lekker voel.

Ballistol-olie

Hy bring die botteltjie met verwagting na sy neus toe, maar ruk die botteltjie van sy neus af weg, vryf oor sy ken, ruik weer, kyk by die venster uit en dink. Hy vryf sy oë en vra of dit kasterolie is. Hy sê hy weet regtig nie wat dit is nie, maar dit ruik vir hom aaklig. Hy sê dit ruik vir hom so sleg soos kasterolie wat volgens hom 'n baie slegte reuk is en hom naar maak. Hy sê die aaklige reuk laat hom *"awake"* voel. *"Dit gaan by my neus in en deur my hele lyf".* Hy sê dit voel vir hom soos 'n skok in sy lyf en dit het hom sommer lam laat voel, soos iets aakligs wat met hom gebeur.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Vanieljegeur is vir hom die lekkerste reuk omdat dit vir hom aan lekker dinge laat dink en die slegste is die Ballistol-olie omdat dit vir hom sleg ruik en laat gril.

Opmerking

Mac het met konsentrasie op die reuksensasie wat hy ervaar het en sy bewuswording van sy emosies op daardie oomblik gefokus. Die bewustheid van sy emosies wat hy ervaar het, kon hy later tydens die verloop van die spelterapie sessie teken en daaroor gesels. *Sien skets, bylaag 1.3.*

Die parfuum en Ballistol-reuke wat na mekaar aangebied is om te ruik, het in sterk kontras met mekaar gestaan. Mac het sterk bewuswording met veral die Ballistol-olie reuk wat hy fisies kon voel in sy lyf en hom *"awake"* laat voel het, ervaar. Mac het die reuke herken en hy kon vir homself betekenis daaraan gee. Hy het die reuke volgens herinneringe uit ervarings in sy veld, soos met die vanielje en die suurlemoengeur geïnterpreteer. Dit was ook vir hom maklik om die reuke waarvan hy die meeste en minste hou te identifiseer.

Nataniël

Geure

Vanielje

Hy kyk met aandag na die reukbotteltjies wat voor hom uitgepak word, maar hy toon min emosie op sy gesig. Hy sit op die voorpunt van sy stoel. Hy ruik ‘n oomblik daaraan en sit dit dan weer op die tafel neer. Hy skud sy kop heen en weer en sê sonder uitdrukking *“not cool, not nice”.* Op die terapeut se vraag hoe *“not nice”* voel, sê hy weer net *“not nice”.* Hy antwoord net op die terapeut se vrae en vertel niks meer nie.

Amandel

Nadat hy die geurbotteltjie by die terapeut aangevat het en daaraan geruik het, sê hy dit ruik vir hom *“not great”*. Hy vertrek nie ‘n spier nie en sê die sin op een toonhoogte. Op die terapeut se vraag hoe *“not great”* ruik, sê hy dit ruik vir hom na sout en dit voel vir hom *“not nice”*. Hy antwoord bevestigend wanneer die terapeut hom vra of daaruit afgelei kan word dat hy nie van die reuk hou nie.

Suurlemoen

Hy neem gewillig die botteltjie om daaraan te ruik en sê *”I like this one”* van die geur. Hy weet nie wat die naam is nie. Dit laat hom aan lekkers wat hy eet dink. Op die terapeut se vraag of hy van die lekkers hou wat na suurlemoen smaak, antwoord hy net *“ja”.* Hy lyk ontspanne met ‘n glimlag op sy gesig. Op die terapeut se vraag hoe hy nou voel sê hy die reuk laat hom *“nice”* voel.

Parfuum

Hy kyk na die bottel en vat dit aan sonder om iets te sê. Hy sê die geur van parfuum is vir hom *“not good”* en hy dat hy nie daarvan hou nie. Hy ruik

eenkeer aan die bottel en sonder om te wonder gee hy sy opinie. Die geur laat hom aan niks dink nie, hy hou maar net nie van die reuk nie. Hy glimlag en sit op sy een hand, regop op die stoel.

Ballistol-olie

Hy vat die bottel sonder kommentaar en bring dit na sy neus toe. Hy trek sy gesigspiere in weersin asof hy dit nie verder wil ruik nie en draai sy kop weg terwyl hy die bottel vir die terapeut teruggee. Hy sê niks daaroor nie en sit albei sy hande onder sy bene. Albei lag oor sy reaksie op die slegte reuk. Net stilte. Die terapeut vra vir hom of dit baie sleg ruik en hy knik sy kop bevestigend. Hy sê die reuk laat hom *"not nice"* voel en op die terapeut se vraag sê hy dat dit nie lekker in sy neus voel nie.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Suurlemoen is vir hom die aangenaamste reuk en Ballistol-olie die onaangenaamste, maar hy verstrek nie redes daarvoor nie.

Opmerking

Nataniël kan nie sy gevoelens in ander woorde as "cool" en "nice" uitdruk nie en hy toon min uitdrukking van emosie op sy gesig. Tog is die reuk van die Ballistol-olie vir hom so sleg dat hy die weersin op sy gesig duidelik wys. Hy vorm dadelik sy opinie van 'n reuk en wil dit nie herhaal nie.

Die kontras van die Ballistol-olie teenoor die parfuum het by hom 'n sterk emosionele reaksie uitgelok en 'n vlak van bewustheid meegebring.

Die amandelgeur ruik vir hom *"sout"*, maar hy is nie in staat om dit meer breedvoerig te verduidelik nie. Volgens die terapeut is dit 'n vreemde reaksie, maar kan dit ook toegeskryf word aan 'n gebrekkige woordeskat om sy reaksies te beskryf.

Die suurlemoen en vanielje kon hy nie identifiseer nie, maar hy hou net van die suurlemoenreuk maar nie van die vanielje nie.

Nadia

Geure

Vanielje

Sy is baie opgewonde en sê *"aa!"* dis van die vanielje wat sy eerste wil ruik. Sy ruik vir 'n hele paar sekondes, glimlag, draai haar kop heen en weer en sê *"I think it's vanilla"*. Sy sê haar broer gebruik vanielje in die visaas wat hy van mieliepap maak en sy hou van die reuk. Sy sê *"it makes me hungry for sweets".* Sy sit met haar arms gevou, praat rustig en sag en dan vryf sy stadig met lang bewegings oor haar arms. Haar handgebare is kalm.

Amandel

Sy ruik gretig aan die botteltjie en draai dadelik haar gesig weg, maak 'n grilbeweging met haar lyf. Haar liggaamstaal sê sy hou nie van die reuk nie. Sy sê sy herken die reuk omdat dit haar aan kersfeeskoek en potpourie laat dink wat haar ma in die huis brand. Sy hou niks daarvan nie; *"I do not like the smell"*, al is dit deel van hul Duitse Kersfeestradisie. Sy sê dit gee haar "*a funny feeling*". Op die terapeut se reflektering van haar gevoel, sê sy dat sy dit nie kan beskryf nie, sy voel maar net snaaks in haar lyf.

Suurlemoen

Sy vat die botteltjie met entoesiasme. Sy ruik, knyp haar neus toe, herken die reuk en sê *"it feels like lemons"* en dat haar ma dit in koek gebruik. Sy glimlag breed. Volgens haar hou sy baie van hierdie reuk en kry sy 'n aangename gevoel as sy dit ruik.

Parfuum

Sy ruik aan die botteltjie, krap aan haar hande en mimiek hoe sy room aan haar lyf smeer omdat die parfuum vir haar soos room ruik wat haar ma as sy siek is aansmeer. Sy sê dit ruik vir haar soos Puma of soos medisyne. Op ‘n vraag sê sy sy weet nie regtig hoe dit haar laat voel nie. Sy het verskillende gevoelens van lekker en sleg daaroor, omdat dit haar laat dink aan siek wees.

Ballistol-olie

Sy ruik ‘n hele paar sekondes en herhaaldelik daaraan sonder om emosie op haar gesig te wys. Sy sit rustig met haar hande in haar skoot en haar kop gestut teen die muur. Sy sê dit ruik nie vir haar sleg nie, maar sy weet nie waarna dit ruik nie. Dit ruik vir haar bekend, amper soos vloerpolitoer, maar sy kan nie sê waarna dit presies vir haar ruik nie. Sy sê dit gee haar *“a bad headache, a funny feeling”* en ‘n snaakse gevoel wat sy nie kan beskryf nie. Sy wys met haar hande dat dit vir haar voel asof haar neus van die reuk opswel.

Waarvan hou sy die meeste/minste?

Vanieljegeur is haar gunsteling, omdat dit vir haar sulke lekker herinneringe het en vir haar die *“nicest feeling”* gee. Die amandel laat haar nie lekker voel in haar lyf nie, al laat dit haar aan Kersfees dink.

Opmerking

Sy hou die meeste van vanielje omdat dit haar aan haar broer laat dink, maar sy hou ook baie van die suurlemoengeur omdat dit vir haar aan koek laat dink en ‘n lekker gevoel in haar lyf gee. Sy hou nie van die amandelgeur nie, omdat dit die vorige Kersfees ook nie vir haar lekker geruik het nie. Sy hou nie van die reuk van Ballistol-olie nie, maar het nie negatiewe herinneringe van die reuk nie. Dit wil voorkom asof die ervarings in haar veld wat sy met die reuke assosieer belangrik is in haar besluit of sy van die reuk hou of nie. Sy ervaar ‘n

sterk bewustheid soos met die Ballistol-olie wat vir haar hoofpyn gee en dit voel asof dit haar neus laat swel wanneer sy daaraan ruik.

Aan haar liggaamshouding lyk dit asof die reuke haar kalm en rustig maak en sy op haar sensoriese boodskappe gefokus is. Sy besluit om iets te teken wat haar aan die emosie wat sy nou na die sensoriese stimulasie ervaar herinner. *Sien skets, bylaag 1.5.*

3.2.3.1.3 **Derde Sessie : Gehoorsensasie**

Die kinders het met ses verskillende musiekinstrumente gespeel en het hul gevoelens oor die klanke wat hulle gehoor het, beskryf.

Kinders

<u>Mac</u>

Hy sit doodstil en kyk belangstellend as die terapeut die instrumente uithaal. Hy vertel dat hulle ‘n *“keyboard”* by die huis het en dat hy daarop speel. Hy sê hy hou baie van musiek. Hy voel aan die fluite en stel baie belang in die voëlfluit en wil dit graag eerste probeer.

Voëlfluit

Hy vryf oor die fluit, probeer ‘n paar keer daarop blaas, trek die stokkie heen en weer totdat hy die voëlklanke regkry. Hy lag vrolik. Met konsentrasie en al sy aandag gefokus op die instrument probeer hy die verskillende voëlklanke. Hy is baie opgewonde as hy sê *“I can hear it!”.* Hy skud sy kop en hy lyk baie gelukkig.

Op die terapeut se vraag sê hy dit laat hom gelukkig voel as hy dit regkry. Dit is vir hom lekker om daarop te fluit en hy hou van die geluid van voëls.

“Bird caller”

Hy neem die instrument en probeer om ‘n klanke daaruit te draai. Hy konsentreer, sit doodstil en as dit reg kry, sê hy *“ja!”.* Hy kom gou agter dat dit soos voël tjirpgeluide klink. Hy lag en probeer verskillende klanke maak en kry die nuanses van harder en sagter maklik reg. Hy herken van die voëls wat hy ken se tjirpgeluide. Sy liggaamstaal spreek van plesier terwyl hy herhaaldelik eksperimenteer. Hy sê hy hou baie van die “bird caller” en dit gee hom ‘n aangename gevoel.

Japannese houtratelaar

Hy kyk ondersoekend daarna en wonder hardop hoe hy daarop moet speel. Hy skud dit stadig heen en weer en kry dit dadelik reg en kan die verskillende toonhoogtes van mekaar onderskei. Die terapeut vra hom hoe hy voel as hy die geluid hoor, maar moet die vraag vier keer herhaal voordat hy antwoord. Hy hou nie van die geluid nie en hy sê die geluid is vir hom te hard en dit laat hom nie lekker in sy lyf voel nie. Hy skud sy kop heen en weer.

Driehoek

Hy speel daarop en probeer ‘n ritme. Daarna slaan hy dit hard en sag en aan die kante met die stokkie. Hy konsentreer hard om verskillende klanke van die instrument te hoor en sê *“I like it”*. Hy sê hy hou van die klank omdat dit sag is en dit gee hom ‘n *“nice feeling”* van kalmte.

Xilofoon

Hy trek die instrument entoesiasties nader en probeer die klankbord van hoog na laag speel. Hy byt sy lip vas en sê hy is onseker oor watter note die hoogste en watter note die laagste is. Hy sê die lae note is vir hom duidelik en maklik om te hoor. Hy glimlag asof hy baie plesier daaruit put. Hy sê hy hou nog altyd van die xilofoon en dis vir hom ‘n lekker gevoel in sy lyf wanneer hy daarop speel.

Reënmaker

Hy sê dadelik dit klink vir hom na reën. Hy voel met sy vingers oor die riet en hou dit in verskillende posisies om die geluid te kan hoor. Hy konsentreer en fokus op die instrument in sy hande. Hy sê die geluid van reën gee hom ‘n *“nice feeling inside”,* bedoelende sy lyf.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Hy hou die meeste van die voëlfluit, omdat dit vir hom prettig is om die geluide te kan maak en die Japannese ratelaar die minste omdat die klank te hard en skril is.

Opmerking

Die verskillende fluite waarmee hy kan speel om geluide mee te kan maak soos die voëlfluit en die “bird caller”, is vir hom ’n aangename ervaring omdat hy van die geluid en die gebruik daarvan hou en hy geniet die sukses as hyself die tjirpgeluide, wat ‘n hoë frekwensie het, kan hoor. Die harde skril klank van die Japannese ratelaar maak sy ore seer en hy kan dit nie verdra nie. Hy hou meer van die sagter en laer toonhoogtes. Hy hou van klanke en veral as hy dit self kan maak en manipuleer. Hy is gefokus op sy gehoorsensasie en net bewus van die geluide wat hy hoor. Hy ervaar die klanke in sy lyf en is bewus van die sensasie.

<u>Nataniël</u>

Voëlfluit

Hy kyk sonder uitdrukking na die fluit en die ander musiekinstrumente wat voor hom uitgepak word. Hy sit met albei hande op sy skoot en besluit dan self om sy stoel nader te trek en kyk nou geïnteresseerd na die instrumente. Hy tel die fluit op en probeer ‘n geluid daaruit blaas. Die geluid klink soos ‘n voëlklank, maar hy sit die fluit dadelik op die tafel neer. Die terapeut gee hom erkenning

omdat hy dit reggekry het, maar hy hou dit net in sy hande vas. Hy wil nie weer probeer nie. Hy sê die geluid is vir hom *"not nice"* en hy voel ook *"not nice"* oor die klank. Hy kan ook aan niks dink wat so klink nie. Hy hou ook nie van die stokkie waarmee die klank gereguleer en gemanipuleer kan word nie.

"Bird caller"

Hy hou dit in sy hand vas en kyk sonder uitdruking na die instument, maar probeer nie self iets daarmee doen nie. Op aanmoediging en demonstrasie van die terapeut probeer hy dit in die rondte draai. Hy draai dit net totdat hy 'n klank regkry en die terapeut gee hom erkening vir sy sukses, maar hy sit dit onmiddellik weer op die tafel neer. Hy sê hy hou van die "bird caller", maar dit laat hom nie lekker voel nie. Hy hou nie van die klank nie, omdat dit te hard vir hom is. Hy weet nie waarom dit hom nie laat lekker voel nie. Sy antwoord is net *"I do not like the sound".*

Japannese houtratelaar

Hy skud dit heen en weer en lag oopmond oor die geluide wat hy kan maak. Hy hou vir 'n hele ruk daarmee aan en dit lyk asof dit vir hom baie lekker is. Hy sê dit laat hom *"nice"* voel omdat dit 'n geraas maak en omdat dit *"a loud noise is".* Hy herken dit as 'n harde geluid. Op die terapeut se vraag sê hy dat hy van harde geluide hou en dit bo sagte geluide verkies.

Driehoek

Hy speel op aanmoediging van die terapeut op die driehoek en slaan twee houe hard daarop en sê dit het vir hom 'n harde klank, maar hy hou daarvan. Op aanmoediging van die terapeut probeer hy nog 'n paar houe voordat hy die instument neersit. Sy gevoel is 'n bondige *"nice"* en op die terapeut se reflekterende vraag sê hy dit laat hom ook so voel. Hy skud sy kop bevestigend. Op 'n vraag of dit beteken dat hy van die klank hou, knik hy bevestigend. Hy sê hy het al by die skool op 'n driehoek gespeel.

Xilofoon

Hy wys na die xilofoon en sê hy wil nou daarop speel. Die terapeut gee dit vir hom aan en hy slaan hoë en lae note afsonderlik. Op die terapeut se versoek soek hy die note wat vir hom hoog klink en die wat vir hom laag klink. Hy noem die hoë note *"harde note" en* wat hy dan self hard of sag slaan. Die klanke is *"nice"* en hy hou daarvan en dit laat hom *"nice"* voel omdat dit hard klink. Op die terapeut se vraag sê hy dat hy nie van sagte geluide hou nie en herhaal dat hy harde geluide beter kan hoor.

Reënmaker

Op die terapeut se vraag of hy die geluid kan herken, weet hy nie wat so klink nie. Hy weet ook nie waaraan hy dink as hy die geluid hoor nie. Op die terapeut se vraag of dit hom nie dalk aan water laat dink nie, antwoord hy bevestigend. Hy glimlag en sê *"ja*". Hy probeer om dit heen en weer te kantel om dit soos reëndruppels te laat klink. Hy hou van die geluid en dit laat hom lekker voel. Hy is gefokus en konsentreer net op die instrument in sy hande.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Hy hou die meeste van die xilofoon, omdat dit harde geluide kan maak en van die "birdcaller" die minste omdat die geluide is vir hom te hard.

Opmerking

Nataniël sê hy hou van harde geluide soos die ratelaar wat 'n harde en lae toonhoogte het, maar hy hou nie van die "birdcaller" wat 'n hoë toon, soos die tjirpgeluid van 'n voël, het nie. Dit wil voorkom asof dit moontlik 'n spesifieke toonhoogte waarvoor hy sensitief is kan wees. Hy speel met die musiekinstrumente, maar net totdat hy besluit het of hy van die klank hou of nie. Dit wil voorkom asof dit nie vir hom aangenaam is om musiek te maak nie, maar dat hy wel nuuskierig oor die klanke was. Hy speel met die instrumente wanneer die navorser hom vra, maar nie op eie inisiatief nie en ook nie weer

nadat hy die geluid geïdentifiseer het nie. Die ratelaar is die enigste instrument wat hom plesier verskaf het omdat hy dit herhaaldelik opgetel en geskud het en te kenne gegee het dat hy van die geluid hou.

Hy konsentreer en fokus op die geluide en herhaal nie dit wat vir hom onaangenaam is nie, maar dit is duidelik dat hy wel ‘n vlak van bewustheid deur die klanke bereik. Na die xilofoon was sy hande op die tafel en sy gesigspiere het het op so ‘n manier getrek dat dit gelyk het asof hy meer emosie toon as vantevore, wat ‘n teken van sy emosionele betrokkenheid was. Hy was ook entoesiasties om met die ander instrumente wat nie as deel van die navorsingsondersoek gebruik is nie te speel. Sy hele liggaamshouding het verander nadat hy met die musiekinstrumente begin speel het. Hy sit voor op die stoel met sy hande op die tafel en sy oë wat entoesiasties deelneem. Sy stemtoon bly egter sag en op een toonhoogte en sy antwoorde beperk tot *“nice”* en *“not nice”.* Dit is die navorser se waarneming dat hy nie ‘n woordeskat het om homself uit te druk nie.

<u>Nadia</u>

Voëlfluit

Sy sit met haar hande rustig in haar skoot, vryf aan haar arm en help die terapeut die musiekinstrumente uitpak. Die terapeut verduidelik aan haar wat sy moet doen en die vrae wat sy moet beantwoord. Sy tel die fluit gretig op en probeer daarop blaas, maar sy kry nie ‘n geluid daaruit nie. Sy verloor belangstelling en sit die fluit dadelik neer en beweeg na die volgende aan. Op die terapeut se vraag; hoe dit haar laat voel antwoord sy net ongeërg *“na-aa”* en trek haar skouers op. Haar liggaamstaal dui daarop dat sy nie meer verder met die fluit wil speel nie.

“Bird caller”

Sy tel die “bird caller” op en sê *“I wondered what is that”.* Sy draai daaraan en ‘n baie skril klank laat haar die instrument neergooi en haar vingers stokstyf in

die lug wys. Sy sê haar hele lyf is koud van die geluid. Ten spyte van die reaksie probeer sy weer totdat sy dit regkry en dit is duidelik dat die sukses haar goed laat voel en dat sy plesier daaruit kry. Sy hou vir langer as vyf minute aan met speel totdat sy ‘n hele paar voël-tjirpgeluide kan namaak. Sy luister intens na die klanke, glimlag en hou haar kop skeef gedraai. Die hoë toonhoogtes laat haar gril en hoendervleis kry en sy wys hoe al haar armhare regop staan. Sy hou aan al sê sy sy hou nie van die skril klanke nie. Sy sê dit is vir haar baie lekker om die voëlklanke na te maak en sy het nog nooit so ‘n instrument gesien nie.

Japannese houtratelaar

Sy tel dit geïnteresseerd op en skud dit net ‘n paar keer heen en weer en sit dit dan beslis op die tafel neer. Sy druk haar oor toe met haar hand en sê sy hou nie van die geluid nie, *”it is hard and it gives me a headache”.* Sy probeer ‘n tweede keer, maar gooi dit hard op die tafel neer en sê dis *“too loud”* en druk albei haar ore toe. Volgens haar hou sy niks daarvan nie omdat dit te hard is. Sy trek haar gesig op ‘n manier wat lyk asof sy nie daarvan hou nie.

Xilofoon

Op die terapeut se vraag sê sy sy ken die xilofoon en hou baie daarvan, maar kan nie die naam onthou nie. Sy speel ‘n wysie en probeer die toonhoogtes van hoog na laag. Sy slaag daarin om ‘n melodie te speel. Sy glimlag breed en gee dit vir die terapeut aan om saam met haar te speel. Sy hou van die geluid, maar nie van die hoë klanke nie. Sy onthou nou dat sy by haar vorige skool na klanke moes luister en dat dit haar so geïrriteer het dat sy die oorfone van haar ore afgeruk en op die tafel neergegooi het en toe uit die klas uit geloop het. Sy het glo gesê: *“too loud for my ear!”.*

Sy hou nie van hoë harde klanke nie, maar speel tog met opset ‘n harde en hoë noot en gooi dan die stok met mening op die tafel neer. Sy sê dit is *“eeu! to do”* en dat haar gehoor sensitief is. Hoe dit vir haar voel? Sy sê dat sy ‘n geluid

in haar kop hoor en daarom is hoë frekwensies vir haar nog meer hinderlik. Dit is veral in haar regteroor.

Driehoek

Sy tel dit op en begin self daarop speel en luister met aandag na die verskillende klanke. Van die klanke klink vir haar soos ‘n deurklokkie se geluid. Sy slaan met die stokkie op die driehoek en sê die klank vibreer in haar arm op en sy voel die klank fisies in haar lyf. Sy eksperimenteer deur verskillende toonhoogtes hard en sag te speel en sê sy hou van die kontras van stilte en dan weer klank.

Reënmaker

Sy kyk vir ‘n ruk daarna en vra dan wat sy daarmee moet doen. Die terapeut wys hoe dit gebruik kan word en sy sê dit klink vir haar soos iets wat val en herken dan die geluid van water met *“there is the water!”* en lag. Sy konsentreer hard om dit self te doen en die klanke na haar oordeel reg te kry. Sy sê *“it feels funny”* en dit klink vir haar ook soos ‘n stort. Haar hele lyf en kop beweeg met die stok wat kantel saam. Op die vraag hoe sy voel, dink sy eers ‘n rukkie, skud haar kop en sê die instrument is vir haar swaar, maar sy hou baie daarvan, dit laat haar kalm voel. Sy tel weer die “bird caller” op, speel daarmee en vra of sy dit mag kry.

Waarvan hou sy die meeste/minste?

Sy hou van die *“bird caller”* omdat dit pret is om geluide daarmee te probeer maak, maar sy hou net so baie van die reënmaker en kan nie besluit watter een van die twee sy die meeste van hou nie. Die geluid waarvan sy die minste hou is die ratelaar. Sy hou so baie van die *“*bird caller*”* dat sy dit graag wil hê. Sy speel weer aan die einde met al die instrumente en dit is duidelik dat sy baie van die klanke hou. Sy skreeu van frustrasie as sy die voëlfluit nie kan regkry nie en hou die irriterende ratelaar teen haar oor en vryf dan daaroor en sê dat sy nou doof is van die harde geluid.

Opmerking

Sy reageer hewig, asof sy die harde, skril klanke van die ratelaar, die xilofoon en die “bird caller” glad nie kan verdra nie en sy laat dit uit haar liggaamshouding blyk. Nadia beleef bewustheid met die “bird caller”, xilofoon, reënmaker en die driehoek en sy wys hoe sy die klank in haar lyf ervaar, al is sy baie sensitief vir hoë frekwensies. Sy konsentreer intens en fokus vir die oomblik net op die klanksensasie. Van die ratelaar se klank hou sy nie, maar met die xilofoon ervaar sy bewustheid en ‘n eenheid met die klanke waarmee sy ‘n melodie speel. Tog sal sy met opset ‘n klank wat sy nie kan verdra nie, herhaal om die negatiewe ervaring weer en weer te ervaar. Sy verloor gou belangstelling in ‘n aktiwiteit soos die voëlfluit as sy nie dadelik sukses behaal nie en dit het ook nie bewustheid by haar bewerkstellig nie, maar put ooglopend plesier wanneer sy iets weer soos met die “bird caller”, regkry.

3.2.3.1.4 **Vierde sessie : Smaaksensasie**

Die kinders kon vier verskillende eetgoed uit houertjies haal en moes hul gevoelens oor die sensasie wat hulle proe, beskryf.

Kinders

<u>Mac</u>

Rosyne

Hy is ooglopend baie opgewonde, sit voor op die punt van die stoel met sy hande op die tafel en as die lekker in sy hand gesit word, sit hy dit dadelik in sy mond. Die lekker is ‘n rosyntjie met sjokolade en ‘n suikerlaag om. Hy draai sy oë asof hy wonder en konsentreer op die tekstuur en smaak daarvan. Hy sê *“its a raisin!”.* Die terapeut gee hom erkenning. Volgens hom is dit ‘n *“funny”* gevoel, maar dit is tog vir hom lekker. Hy sê die lekker is *“very good”.* Aan die begin was dit nie so lekker nie, maar dit het later lekkerder geword, want hy hou eintlik van rosyne.

Zout Dropje

Hy sit die lekker in sy mond en sy gesigspiere trek onwillekeurig en hy sit sy hand voor sy mond. Dit is duidelik dat hierdie smaak ‘n intense bewustheid van die smaaksensasie bewerkstellig. Die terapeut moes die vraag hoe dit vir hom voel, drie keer herhaal voordat hy antwoord met *“ mm... it tastes awful”.* Hy rol sy oë, trek sy kop in sy skouers in en trek ‘n gesig van afkeur. Hy sê sy eerste reaksie was *“o no!”* en hoe langer hy daaraan kou hoe slegter het dit vir hom geword, totdat hy dit nie langer kon hou nie en dit maar uitgespoeg het. Hy vee oor sy gesig met sy hande en sê dat mens iemand kan straf deur dit vir hom te gee. Hy hou nie daarvan nie en sê dit proe ‘n bietjie soos liquorice, maar net slegter, want dit is sout. Hy vertel van sy maats en dat hy al soortgelyke lekkers by Hollandse kinders in die skool geproe het en toe was dit ook nie vir hom lekker nie.

Suurwurms

Hy sit dit heel in sy mond en hou dadelik baie daarvan en sê dit is sy *“favourite”.* Dit laat hom rondkriewel op die stoel en volgens hom is dit omdat dit so suur is. Die spoeg loop by sy mondhoeke uit. Hy hou sy hand voor sy mond en glimlag breed van plesier. Dit laat hom ook van sy pa onthou wat vir hulle lekkers gaan koop het en dat dit ‘n baie lekker tyd saam met hom was. Hy gebruik groot handgebare as hy van ander baie suurder en groter lekkers vertel wat hy saam met sy suster geëet het, en dat dit ook vir hom baie lekker was. Hy slaan later met sy vuis op die stoel se leuning van opgewondenheid. Hy sê die suur laat hom *“alive”* voel en op die terapeut se vraag wat dit vir hom beteken sê hy dat dit die teenoorgestelde van slaap is; *“you can’t be sleepy when you eat this sweets”.*

Sjokolade

Hy maak *“mmm-m-smaakgeluide”* en sê dit is ‘n bederf. Hy sê dat dit vir hom ‘n verligting is omdat dit vir hom baie lekker is en dat hy baie lief vir sjokolade is. Dit het vir hom ‘n peppermentsmaak en hy hou daarvan. Hy draai sy oë na die

dak om te illustreer hoe baie hy daarvan hou. Hy sê dit laat hom ontspanne voel en hy is bly dit was die laaste smaaksensasie omdat hy dit so intens ervaar het.

Mac kies om te teken. Hy sit sy hand op sy maag en sit vir ‘n paar oomblikke stil, met sy oë toe om sy gevoel te ervaar sodat hy dit binne ‘n sirkel kan teken.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Suurwurms is sy gunsteling en hy koop dit graag. Hy hou die minste van die zout dropje.

Opmerking

Mac het veral met die zout dropje en die suurwurms ‘n intense smaaksensasie ervaar wat hom ‘n gevoel van bewustheid laat ervaar het. Hy ervaar die smaak van die suurwurms in sy lyf en hy sê dit laat hom bewus van die oomblik voel. Die kontrasterende ervarings tussen die rosyntjie waarvoor hy lief is en die zout dropje, wat vir hom baie sleg was, het bygedra tot die bewustheid van emosies en gevoelens oor die smake. Dit was ook duidelik dat hy die smaaksensasie geniet het en hy kon die geure almal identifiseer. Die peppermentsmaak waarmee hy die sjokolade beskryf het, kon toegeskryf word aan smaakvermenging omdat dit die vierde smaak is wat hy na mekaar moes identifiseer.

<u>Nataniël</u>

Rosyne

Die terapeut verduidelik vir hom dat dit in hierdie sessie oor die smaaksensasie gaan en dat hy moet dink aan hoe dit vir hom voel as hy die lekker proe. Hy knik sy kop dat hy verstaan. Sy gesig toon geen emosie nie en hy hou sy hand uit om die lekker te ontvang. Hy gee die lekker ‘n hap, maar spoeg dit dadelik uit. Hy lag en vee die speeksel aan sy mond aan sy klere af en aanvaar die

sneesdoekie om sy hande mee skoon te maak. Hy sê hy hou niks daarvan nie. Hy skud sy kop en sê dis *"nie mooi"* nie. Hy sê hy ken nie die smaak nie. Hy lag en krap aan sy kop. Op die terapeut se vraag oor hoe hy nou voel sê hy dit maak hom ook *"nie mooi"* voel nie. Op die vraag wat *"nie mooi nie"* vir hom beteken, hou hy net aan om dieselfde woorde te herhaal.

Zout dropje

Hy sit op albei sy hande en kyk na die lekker wat na hom uitgehou word. Hy hou sonder veel emosie, gewillig sy hand, maar spoeg weer die lekker uit. Volgens hom is dit *"snaakse goed". "Dit proe nie lekker nie en maak my nie lekker voel op my tong nie".* Hy hou sy tong met sy hand vas.

Suurwurm

Hy sit die heel wurm in sy mond en begin kou. Hy sê die suurwurm smaak vir hom baie lekker. Hy kou dit oopmond totdat dit op is. Op die terapeut se vraag hoe dit hom laat voel, sê hy hy voel niks. Die smaak is vir hom *"sout". "Nee, nie suur of soet nie, sout".* Op 'n vraag of hy van suur of sout lekkers hou, antwoord hy *"sout".*

Sjokolade

Hy hou sy hand uit wanneer hy sien dat dit 'n sjokolade is en sit dit vinnig in sy mond en eet dit gretig en gou op. Sy gesig is sonder emosie terwyl hy dit eet. Op die terapeut se vraag is die smaak vir hom *"mooi"* en laat hom *"lekker"* voel. As hy die smaak tussen soet, sout of bitter moet kies, sê hy "*nee niks, dis net lekker".* Nataniël kies om met die plaasdiere in die sand te speel.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Die sjokolade is sy gunsteling en van die zout dropje hou hy die minste, want dit is nie lekker op sy tong nie.

Opmerking

Hy toon aanvanklik geen emosie op sy gesig nie, maar wanneer die smaak of tekstuur van die lekker in sy mond vir hom onaangenaam is, wys hy dit en spoeg die lekker uit. Hierop reageer hy met emosies soos lag en trek sy gesig om sy afkeur te toon. Hy reageer heftig as die smaak of die tekstuur vir hom onaanvaarbaar is. Hy gee ‘n vreemde identifikasie aan die smake, soos byvoorbeeld die suurwurm wat vir hom sout smaak. Die sout smaak van die zout dropje is vir hom baie sleg en hy reageer intens daarop, terwyl hy sê dat hy baie van die suurwurm hou, maar dit tog ook as sout beskryf. Die moontlikheid bestaan dat hy die smaak nie reg kan beskryf nie of dat hy nie oor die woordeskat beskik om dit reg te benoem nie. Tog weet hy onmiddellik of hy van ‘n smaak hou of nie en hy spoeg dit dadelik uit as die smaak of tekstuur hom nie aanstaan nie. Hy het ook net ‘n paar woorde wat hy elke keer gebruik om ‘n smaak mee te beskryf soos *“mooi, nie mooi nie, sout, lekker”,* ensovoorts. Dit wil voorkom asof hy nie oor die woordeskat beskik om sy gevoel oor die sensasie wat hy ervaar in woorde te beskryf nie.

<u>Nadia</u>

Rosyne

Sy soek ‘n rooi een uit en sê dit gaan ‘n lekker een wees, maar as sy dit kou, sê sy sy hou nie van die smaak nie en dit laat haar ongemaklik voel. *“Something is wrong with it”.* Sy skud haar kop heen en weer en trek gesigte. Volgens haar is dit nie soet of suur nie, dit is taai in die middel en sy sê sy weet nie hoe om dit te beskryf nie. Dit voel ook vir haar soos wondergom omdat die rosyntjie aan haar verhemelte vassit. Sy konsentreer op die smaak en tekstuur in haar mond. Haar hande is in haar skoot en dan vat sy weer aan haar kop. *“It makes me feel uncomfortable”.* Sy sê dit is nie vir haar ‘n aangename gevoel nie en sy is baie bly die lekker is op.

Suurwurms

Sy herken die lekkers en sê *"I want the blue one!"* Sy trek by voorbaat haar gesig op 'n plooi en steek haar gesig in haar knieë weg, maar sy is entoesiasties om te probeer. Sy wip op die stoel rond en kan nie stilsit nie. Sy steek die hele wurm in haar mond en begin eet. Haar oë traan van die suur sensasie en sy trek gesigte en lag uitbundig. Sy sê sy lag altyd as sy iets eet wat suur is en ken die terapeut die gesegde dat *"when you eat lemons it makes you laugh".* Sy knyp haar oë toe en vra vir water en wanneer sy dit drink sê sy dit smaak nou vir haar soos modder. Spelerig kyk sy na die terapeut deur die glas se bodem en lag vir die snaakse figure wat sy sien. Sy bied vir die terapeut ook 'n stukkie van 'n wurm aan om ook te proe hoe suur dit is. Sy trek haar kop in onnatuurlike posisies asof sy haar nek rek. Sy sê die water smaak soos sand. Op terapeut se vraag sê sy dat sy baie sensitief vir smake en geluide is.

Zout dropje

Sy ruik eers daaraan en sê *"oe, aa!"* en sit dit dan in haar mond, maar spoeg dit vinnig weer uit. Sy sê dit brand haar tong; *"it is hot, it burns"* en vee haar tong met haar hemp af. Sy sê sy hou niks van die smaak nie en trek gesigte en vra die terapeut of sy nie ook wil proe nie. Sy sit dit terug in haar mond en dring daarop aan om dit klaar te eet al weet sy dat sy 'n keuse het om dit nie te eet nie. Sy sê sy wil nie water hê nie en sê sy sal dit oorleef. Sy het in die verlede al soortgelyke lekkers geproe, maar dit dadelik uitgespoeg. Sy hou haar neus toe en sê haar ore slaan van die sensasie toe.

Sjokolade

Die terapeut vra vir haar of sy reg is vir die laaste sensasie en sy is entoesiasties en gretig om nog een te probeer. Sy is baie opgewonde om die sjokolade te sien en met 'n *"yes, o yes!"* maak sy handgebare van blydskap en troetel die sjokolade in haar hande asof dit kosbaar is. Sy byt dit stukkie vir stukkie af en eet dit met smaak. Sy sê dit laat haar lekker voel en dit is vir haar

heerlik soet en begin sing. Sy vat nog een omdat dit vir haar so lekker is. Sy dink aan die fliek saam met vriende as sy die sjokolade proe. Nadia besluit om met die plaasdiere in die sandbak ‘n storie te vertel.

Waarvan hou sy die meeste/minste?

Die sjokolade was die lekkerste van almal en die zout dropje is vir haar die slegste omdat dit haar tong brand.

Opmerking

Nadia is sensitief vir smake en teksture soos byvoorbeeld die rosyntjie. Sy ervaar intense emosies as sy byvoorbeeld die suurwurm eet, want haar hele liggaam het op die suur sensasie reageer en sy het bewustheid van die sensasie ervaar. Haar hele lyf het gewriemel, sy het gelag, gesigte getrek, trane in haar oë gehad en haar nek in ‘n onnatuurlike posisie van die suur sensasie getrek. Sy sê dat die zout dropje haar tong brand, sy hou niks van die smaak nie en dit is vir haar so erg dat haar ore daarvan toeslaan, maar ten spyte daarvan dring sy aan daarop om dit klaar te eet. Die lekker soet smaaksensasie van die sjokolade het haar laat sing. Daar kan aanvaar word dat Nadia bewustheid deur die smaaksensasie ervaar het.

3.2.3.1.5 Vyfde sessie : Tassensasie

Die kinders moes hul oë toemaak, hul hande in ‘n blikkie steek en ‘n item uithaal en raai wat hulle in hul hande voel en dit beskryf.

Kinders

<u>Mac</u>

Skurwe bal

Die terapeut vra hom of hy gereed is om te begin en hy lag. Hy maak sy oë toe en al laggende steek hy sy hand in die blik om ‘n item uit te haal. Hy rol die bal tussen sy vingers rond en vryf sy vingers een vir een oor die skurwe punte. Hy is intens van die bal en die tekstuur in sy hande bewus en dit lyk asof hy deur sy vingerpunte daarna kyk. Hy raai dat dit ‘n bal is, reg. Nadat hy sy oë oopgemaak het, rol hy die bal in sy hande rond, knie daaraan en sê dat dit vir hom kielierig voel, hy hou daarvan en dit is ‘n *“nice feeling”.* Hy sê hy hou van die bal se gevoel.

Stokkie

Hy haal die stokkie uit en voel met albei hande daaraan en sê *“it is from ‘n tree”* en rol dit tussen sy twee hande. Hy raai reg en op die terapeut se vraag sê hy dat dit hom “*nice and calm*” laat voel.

Skulp

Nadat hy dit uit die blikkie haal, raai hy reg dat dit ‘n skulp is, reg. Hy lyk dromerig en sit die skulp teen sy oor, krap sy kop, voel en druk daaraan. Hy sê dat dit hom aan die see en die strand laat dink met lekker herinneringe van vakansies in Walvisbaai. Hy het ‘n dromerige uitdrukking op sy gesig en sê hy voel ontspanne.

Watte

Hy haal met toe oë die watte uit en raai weer dadelik reg. Hy hou vir ‘n hele tyd aan om daaraan te voel; eers met die een hand dan met die ander. Kalm en rustig en in ‘n rustige stem sê hy hy hou nie van die gevoel nie. Hy weet nie

waarom nie, hy hou maar net nie daarvan nie. Hy besluit om met die sand te speel en trek met sy vingers patrone in die sand asof hy ‘n intense bewustheid van sy tassensasie ervaar. Hy gebruik ook die monsters om ‘n storie te maak.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Hy hou die meeste van die bal en van die watte hou hy die minste.

Opmerking

Hy kon die items wat hy uit die blikkie gehaal het, elke keer reg identifiseer en dit is nie vir hom moeilik om sy gevoelens oor die voorwerp in sy hand te beskryf nie. Tog was dit vir hom moeilik om met toe oë die detail van elke item waar te neem en te identifiseer. Dit het konsentrasie geverg en het hom bewus van die vorm, tekstuur en sy gevoel daaroor gemaak. Hy hou die meeste van die bal en van die watte die minste.

<u>Nataniël</u>

Skurwe bal

Hy maak sy oë toe sonder om iets te sê en steek sy hand in die blik. Hy raai dat dit ‘n growwe bal is wat hy uitgehaal het, reg. Hy hou nie van die harde en stekelrige punte nie; *“dit voel nie mooi nie”.* Op die terapeut se vraag dat hy sy gevoel moet verduidelik, dink hy eers, voel weer daaroor en dit is duidelik dat hy konsentreer en net op die bal fokus en dan sê hy dit *“voel nie lekker nie”;* dit voel vir hom soos dorings en steek hom seer. Hy hou nie daarvan nie en dit voel nie vir hom “*lekker”* nie.

Stokkie

Hy maak weer sy oë toe en die terapeut moet sy hand in die blikkie begelei. Sonder uitdrukking van emosie op sy gesig, haal hy ‘n stokkie uit die blik en nadat hy stadig daaroor gevoel het, raai hy dat dit ‘n stokkie is, reg. Op die

terapeut se vraag hoe dit vir hom voel, sê hy dit *"voel vir hom mooi"* en wat met hom gebeur is *"lekker".* Hy sê hy weet nie watter gevoel hy nou ervaar nie.

Skulp

Hy maak sy oë toe en haal die skulp uit. Eers raai hy 'n klip, maar identifiseer dit later as 'n skulp. Die terapeut gee hom erkening daarvoor. Hy sê dit voel vir hom *"nie mooi"* nie. Op die terapeut se vraag wat "*nie mooi nie",* beteken, sê hy hy hou nie daarvan nie.

Watte

Hy voel vir 'n lang tyd met sy vingerpunte oor die watte en sê dan dat hy nie weet wat dit is nie. Sy gesig word stil as hy konsentreer. Hy wil ook nie raai nie. Hy lag as hy sy oë oopmaak. Hy sê dat hy nie weet hoe dit hom laat voel nie en hy weet ook nie wat met hom gebeur nie. Hy sê die tassensasie was vir hom lekker en hy lag ingenome. Hy kies die klei om 'n projeksie mee te maak.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Hy sê hy weet nie.

Opmerking

Hy het 'n probleem om sy gevoelens in taal uit te druk, al is dit duidelik dat hy bewustheid van die bal, die stokkie en die skulp ervaar het. Van al die opsies in die speelkamer, kies hy weer 'n speelmedium wat hy met sy hande kan voel. Die bal is sag met punte wat uitstaan en kan hom nie steek of seermaak nie, maar tog ervaar hy dit as pynlik. Sy waarneming is betekenisvol omdat dit moontlik 'n aanduiding kan wees dat hy hipersensitief is wanneer iemand aan hom raak. Hy hou ook nie van die skulp wat hard is nie en die sagte watte kon hy nie uitken en ook nie sy gevoel daaroor identifiseer nie. Die terapeut vra hom om sy gevoel te teken. *Sien skets bylaag 1.4*

Nadia

Skurwe bal

Sy is entoesiasties om deel te neem en kan nie wag om haar oë toe te maak nie. Nadat sy die bal uitgehaal het, knie sy dit in haar handpalms. Sy beskryf die bal met toe oë in detail; dat dit skurf, rond, sag is en punte het wat uitsteek soos dorings. Sy raai reg dat dit ‘n bal is. Dit voel ook vir haar klewerig en sy sê *“I do not like it actually”.* Sy sê sy hou nie van die gevoel van die dorings nie en dit gee haar nie ‘n aangename gevoel nie.

Stokkie

Sy lyk ongeduldig en wip op die stoel rond voordat sy die stokkie uithaal. Sy sê *“ya...what is this?”.* Sy sê dit voel vir haar hard en sy het lus om iemand daarmee te gooi. Sy rol dit tussen haar vingers en probeer dit soos ‘n dromstok op die tafel slaan, terwyl sy sing. Sy raai reg dat dit ‘n stokkie is. Sy sê dit maak haar geïrriteerd en ongeduldig voel en op die terapeut se vraag of sy ongeduldig voel, antwoord sy dat alles vir haar vinnig moet gebeur. Sy sê weer dat sy altyd kopseer het en ‘n skerp *“peep”* geluid in haar kop hoor en dis vir haar baie erg as die kinders in die skool hard skreeu. Die stok laat haar geïrriteerd voel soos wanneer sy ‘n harde geluid hoor. Sy sê sy hou nie daarvan nie.

Skulp

Sy haal die skulp uit, trek haar gesig en maak wilde handgebare in die lug. Sy raai dadelik dat dit ‘n skulp is, reg. Sy lyk opgewonde en glimlag omdat dit haar aan Swakopmund en die see laat dink. Sy sê al die skulpe wat sy daar optel, is gebreek en sy kry nooit ‘n mooi een nie. Sy sit die skulp teen haar oor en maak seegeluide. Sy vryf oor haar oor en die terapeut vra haar of sy pyn het, waarop sy antwoord dat sy sukkel om van geluide in haar oor ontslae te raak. Die skerp klank in haar oor is baie erg. Sy antwoord dat as sy die skulp in haar hande

voel dan dink sy altyd aan die see en hoe die branders klink en dit is vir haar ‘n lekker gevoel.

Watte

Nadat sy die watte uitgehaal het, hou sy dit stil in haar hand vas en besluit op ‘n speletjie om met toe oë daarmee te speel. Sy blaas, trek en druk daaraan en vryf dit oor haar wang. Sy raai tog sonder moeite, asof sy lank al geweet het, reg. Sy sê dit voel ook vir haar kielierig. Sy sê dit voel vir haar *“weird”* of snaaks en dit laat haar ook snaaks voel. Sy kies om haar eie wilde speletjie, met boodskappe vir die terapeut, op ‘n papier, wat sy dan heen en weer gooi te speel.

Waarvan hou sy die meeste/minste?

Die skulp is haar gunsteling omdat sy die aangename herinneringe van die see het. Sy hou die minste van die stokkie want dit herinner haar aan hoë en skerp klanke wat haar kop seer maak.

Opmerking

Die tassensasie was nie vir haar aangenaam nie en sy was ongeduldig en geïrriteerd. Sy het dit ook geassosieer met kopseer en die skerp klank in haar kop. Dit was net die skulp met wie sy aangename assosiasies gehad het, want die ander items het vir haar onaangename gevoelens gegee. Die bal se *“dorings”* was vir haar ongemaklik, die stokkie het haar geïrriteerd en ongeduldig laat voel en die watte was vir haar eienaardig. Die geluid in haar oor pla haar en sy is deurentyd daarvan bewus, ten spyte van die stimulasie van haar ander sintuie. Haar hele lyf was by die tassensasie betrokke. Sy was betrokke, gefokus en het op die tassensasie gereageer al was dit met gevoelens wat vir haar onaangenaam was.

3.2.3.1.6 Sesde sessie : Sigsensasie

Al drie die kinders kyk deur twee verskillende kaleidoskope en vertel wat hulle sien en beskryf hul gevoelens.

Kinders

<u>Mac</u>

Kaleidoskoop Een

Hy sit rustig agteroor, voel en vroetel met sy vingers aan die kaleidoskoop en kyk met groot belangstelling daarna. Hy skud daaraan, hou dit teen sy wang terwyl hy oor die dag se gebeure by die skool vertel. Hy lag en skud dit met albei sy hande. Die terapeut wys hom hoe om in te kyk en hy lewer komentaar met *"oe!"* en *"aa!"* geluide wat daarop dui dat dit vir hom baie mooi is. Hy draai die albaster in die rondte en sien figure wat soos sonneblomme en sirkels lyk. Hy sê hy hou baie daarvan. Hy probeer albei oë om uit te vind met watter oog hy die duidelikste kan sien en besluit op sy regteroog. Hy wil weet hoe hy vir homself een kan maak en dink aan planne hoe hy dit gaan doen. Hoe dit hom laat voel? *"Dit voel soos blomme"* en dit is vir hom baie opwindend en laat hom opgewonde voel.

Kaleidoskoop Twee

Hy kyk daarna en sê hy sien net 'n sirkel, hy draai dit in die rondte terwyl hy daarna kyk en sit dit op die tafel neer en sê dit maak hom duiselig voel. Hy hou nie van die tweede kaleidoskoop nie en dit laat hom nie lekker voel nie.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Van die eerste kaleidoskoop hou hy meer as van die tweede omdat laasgenoemde hom nie lekker laat voel nie.

Opmerking

Mac is entoesiasties en dit was vir hom ‘n aangename ervaring om deur die eerste kaleidoskoop te kyk. Hy kon ook oor prente wat die abstrakte figure maak visualiseer. Hy is ook ondersoekend van geaardheid en wil weet hoe dit ontwerp is. Die bewegings wat hyself met die tweede kaleidoskoop gemaak het, het hom duiselig laat voel. Hy het besonder baie gesels terwyl hy na die beelde van die kaleidoskoop gekyk het. Sy gedrag het verander vanaf afwagting en nuuskierig wees na konsentrasie, stilte en aktiewe deel van dit wat hy sien en emosioneel ervaar wees.

Nataniël

Kaleidoskoop Een

Hy kyk net een keer na die beeld en sit die kaleidoskoop dadelik op die tafel neer. Die terapeut moedig hom aan om weer te kyk en wys hom hoe om die kleure in die rondte te draai. Hy kyk nog een keer, maar wil nie weer nie. Sy gesig is uitdrukkingloos en dit is duidelik dat hy nie weer wil kyk nie. Hy sê dit laat hom *“nice”* voel, maar weerspreek hierdie woorde sy gesigsuitdrukking en stemtoon.

Kaleidoskoop Twee

Hy kyk daarna en sit dit weer op die tafel neer. Hy sê hy sien *“things inside”* wat *“nice”* is. Op ‘n vraag na wat hy sien, lyk van die figure vir hom soos ‘n appel of ‘n driehoek. Hy wil nie weer kyk nie en sit dit op die tafel neer. Sy gesig is sonder emosie. Op aanmoediging van die terapeut kyk hy weer en draai dit in die rondte, maar sit dit beslis op die tafel neer. Hy sê dat hy ook nou duiselig voel en nie weer wil kyk nie. Hy voel *“nice en like”* met geen verdere beskrywing nie.

Waarvan hou hy die meeste/minste?

Hy sê hy hou die meeste van die eerste kaleidoskoop, maar op die terapeut se vraag waarom sê hy net dit was *"nice".*

Opmerking

Hy hanteer die kaleidoskoop net as hy moet. Hy kyk daardeur en sit dit neer. Hy is glad nie ondersoekend en nuuskierig om die verskillende figure wat verander te sien nie. Dit kan wees dat hy nie wil waag nie, of dat dit glad nie vir hom 'n aangename ervaring is om deur die kaleidoskoop te kyk nie. Dit kan ook wees dat hy dit nie kan verwoord nie. Die bewegende kleure en figure maak hom duiselig en dit is vir hom onaangenaam om verder daarna te kyk. Hy was vir 'n tyd lank in die hede, bewus van sy onaangename gevoelens oor die tweede kaleidoskoop.

<u>Nadia</u>

Kaleidoskoop Een

Sy is spelerig en skuif die stoele rond. Sy klap haar hande in afwagting om deur die kaleidoskoop te mag kyk. Sy is baie opgewonde, hou dit met albei hande vas en rol die albaster al in die rondte. Sy sê dit is *"cool"* en 'n ander beskrywing van *"cool"* sal wees dat dit mooi is of haar aan mooi goed laat dink. Sy kyk weer en weer en draai die kaleidoskoop al in die rondte. Sy sê sy sien sterre en draai die kaleidoskoop na die lig toe. Sy raak stil soos sy op dit wat sy sien konsentreer. Sy wil dit ook met die terapeut deel en hou dit vir haar om na te kyk. Sy sê dit laat haar rustig voel. Sy begin sing, maar hou weer op, want haar kop is seer. Sy sê haar kop is elke dag seer, maar behalwe vir die kopseer vandag, voel sy eintlik goed.

Kaleidoskoop Twee

Sy ondersoek ook hierdie kaleidoskoop en kyk daardeur. Sy sê weer dit wat sy sien is *"cool".* Sy wys die *"mannetjies"* wat sy raaksien uit die steentjies wat reflekteer vir die terapeut. Dit is vir haar baie mooi en sy wil dit ook elke keer vir die terapeut wys. Sy het 'n glimlag op haar gesig en dit lyk asof sy dit geniet. Sy sê sy voel goed en dit is vir haar lekker om daarna te kyk.

Waarvan hou sy die meeste/minste?

Die eerste kaleidoskoop is die mooiste, maar eintlik het sy van albei gehou.

Opmerking

Sy het ooglopend baie plesier van die kaleidoskope, al het sy hoofpyn. Sy het bewustheid ervaar terwyl sy na die twee kaleidoskope gekyk het, want haar nie-verbale gedrag was kalm. Sy het gefokus op wat sy ervaar en sy kon haar gevoelens op daardie oomblik aan die terapeut beskryf.

3.2.4 Inligting verkry van die ouers van die kinders

Die ouers is vooraf volledig oor die navorsingsonderwerp en wat sensoriese integrasie is ingelig. Mac en Nataniël het albei arbeidsterapie ontvang. Laasgenoemde het veral as kleuter erge probleme met sensoriese integrasie ervaar en het baat gevind by die arbeidsterapie wat hy ontvang het.

Het jou kind tuis met sensoriese integrasie probleme?

Mac

Die ouers is nie bewus van enige sensoriese integrasieprobleme nie, omdat hy as deel van 'n gesin van drie kinders nie anders as sy broer en suster voorkom nie.

Nataniël

Ja, sy ma is bewus daarvan dat hy gehoorsensitief is, dat sekere klankfrekwensies vir hom irriterend is, soos byvoorbeeld die yskas se geluid en dat hy ander weer nie kan hoor nie. Omdat dit egter nog altyd so was en dit nou eintlik al baie beter is, het hulle geleer om saam te leef daarmee en is dit nie vir hulle ‘n probleem nie. Volgens sy ma is hy smaaksensitief en dat hy op grond van die smaak van kos sal besluit of hy dit sal eet of nie. Hy sal ook sekere teksture van kos vermy en nie maklik waag om nuwe smake te probeer nie.

Nadia

Haar ma is nie bewus van enige probleme nie en sy is nie sensitief vir enige probleme wat sy mag hê nie.

Het jou kind in die verlede probleme met sensoriese integrasie gehad?

Mac

Nie waarvan ouers bewus was nie.

Nataniël

Ouers is daarvan bewus dat hy sensories nie intakt is nie, maar volgens hulle slaag hy daarin om “normaal” te funksioneer.

Nadia

Nee, haar ma is onbewus van enige sensoriese sensitiwiteit en voel dat Nadia haar soms verbeel en sy moet haar net nie daaraan steur nie.

Het jou kind op enige stadium arbeidsterapie ontvang?

Mac

Wel terapie vir een jaar op sewejarige ouderdom ontvang en daarna remediërende onderrig tot op hede.

Nataniël

Hy het voorskools begin en vier jaar lank arbeidsterapie ontvang en daarna remediërende onderrig.

Nadia

Geen arbeidsterapie ontvang nie, maar wel remediërende onderrig.

Wat was die ouer se mening oor die verandering na die arbeidsterapie?

Mac

Sy ouers kon nie ‘n verskil in sy leerprobleem agterkom nie en die terapie is gestaak.

Nataniël

Volgens die ouers het die arbeidsterapie ‘n dramatiese verskil in Nataniël se sensoriese integrasie gemaak. Hulle besef dat hy nooit heeltemal “normaal” sal kan wees nie, maar hy kan nou sosialiseer en aanpas en met behulp van remediërende onderrig in die skool vorder.

Nadia

Geen arbeidsterapie ontvang nie.

3.2.5 Inligting verkry van die remediërende onderwysers

Magda Swanepoel

Remediërende onderwyseres en hoof van EDUHELP Leersentrum

Dit is haar mening dat disleksie die gevolg van swak sensoriese integrasie is. Ouditiewe gebreke is die oorsaak van fonologiese probleme. In die skool vir kinders met disleksie en leergeremdheid ondervind sy dat die meeste kinders sensories nie goed geïntegreerd is nie. Die skool onderneem geen formele toetsing vir sensoriese integrasie nie, maar dit is haar persoonlike waarneming. Die emosionele probleme wat sy in die skool met die kinders met disleksie, ondervind, is probleme met ‘n swak selfbeeld, swak sosiale persepsie en interpersoonlike verhoudingsvaardighede wat ontbreek. Dit is haar ervaring dat die kinders ’n onvermoë het om hul gevoelens in woorde uit te druk.

Rheta Moore

Remediërende onderwyseres en opvoedkundige sielkundige in privaat praktyk

Sy toets gemiddeld drie kinders per week en gebruik gestandaardiseerde en kwalitatiewe toetse. Sy onderskei tussen kliniese en fonologiese disleksie. Kliniese disleksie is ‘n genetiese geremdheid terwyl fonologiese disleksie die gevolg van vreemde klanke in ‘n tweede taal is. Kinders in Namibië moet skoolgaan in ‘n tweede taal waarvoor geen reseptiewe woordeskat bestaan nie. Volgens haar word toetsing dikwels misbruik en toetsresultate verkeerdelik geïnterpreteer omdat die kinders fonologiese probleme ondervind en nie disleksie het nie.

Sy toets nie vir sensoriese integrasie nie en neem ook nie dikwels sensoriese probleme by kinders met disleksie waar nie. Volgens haar is die emosionele probleme wat kinders met disleksie ondervind, die van frustrasie, hul waagmoed ontbreek en hulle raak spelerig in die klassituasie, omdat hulle nie kan lees en saam met die groep vorder nie.

Fransette Vollgraaff

Remediërende onderwyseres by EDUHELP Leersentrum

Sy is die onderwyseres van Mac en Nadia.

Dit is haar ervaring dat daar ‘n direkte verband tussen sensoriese integrasie en disleksie bestaan. Dit is veral ten opsigte van die ouditiewe vaardighede van die kinders. Kinders met disleksie hoor nie boodskappe nie en kan dit ook nie weergee nie. Mac is altyd die laaste in die klas om mondelinge opdragte uit te voer en sy moet dit dikwels ‘n paar keer voordat hy dit hoor herhaal. Hy is ook geselserig in die klas. Nadia is baie emosioneel en huil maklik. Sy huil omdat sy soms van mening is dat opdragte te moeilik is om uit te voer. Sy krimp ineen as sy op die swartbord met die kryt skryf, omdat sy geen toleransie vir hoë frekwensies het nie. Sy is ook oortuig dat Nadia sekere klanke nie kan hoor nie, maar geen formele toetsing is gedoen nie.

3.2.6 Inligting verkry uit die “Sensory Integration and Praxis Test” (SIPT, Ayres 1989) vraelys in die Sensasieteorie-kursus van die SA Institute for Sensory Integration (1996)

Die vraelys word in Namibië deur meeste arbeidsterapeute net so gebruik en beskikbaar gestel aan die navorser. Dit bestaan uit 18 subtoetse en evalueer vaardighede in tas, sig, gehoor, reuk, smaak, beweging en posturele kontrole, en motoriese vaardighede. Dit is ‘n evaluerende meetinstument om te bepaal of kinders probleme ervaar met sensoriese integrasie en word hoofsaaklik deur arbeidsterapeute gebruik. Die vraelys is gebruik om die bevindinge van die spelterapiesituasie met die resultaat van die vraelys te vergelyk, nie as evaluerende studie nie, maar bloot om moontlike ooreenkomste en verskille waar te neem en te beskryf (Brown, Aylward & Keogh 1996:169). Die beskrywing van die prestasie-skaalwaardes is soos volg :

0-25% Baie swak	50-75% Gemiddeld
25-50% Swak	75-100% Bo-gemiddeld

Mac

Gemiddelde telling van 52% vir sensoriese integrasie in al die sensoriese sisteme.

Tas en reukwaarneming toets 30% (Swak)

Hy hou nie van aanraking nie en ook nie van drukkies nie en verkies eerder om aan te raak as om aangeraak te word. Hy isoleer homself met tye van ander kinders. Tog stamp en stoot hy aan ander kinders en het hy wel ‘n behoefte om aan ander te raak. Hy verkies sekere teksture van kledingstukke en hy is baie kielierig. Hy vermy sekere teksture van kos. Toon min reaksie op kosreuke.

Gehoor waarneming toets 0 (Baie Swak)

Hy is baie sensitief vir klank, maar kan nie die rigting van klank bepaal nie. Hy hoor nie alle geluide nie. Hy praat oormatig baie en dit beïnvloed sy vermoë om te luister. Dikwels luister hy nie na wat gesê word of gee nie aandag nie. Tog hou hy ook van geraas.

Sig waarneming toets 25% (Baie Swak)

Hy het probleme met “oog-volging”, is sensitief vir lig, hou nie daarvan om geblinddoek te word nie. Hy raak opgewonde wanneer hy aan ‘n verskeidenheid van visuele inligting blootgestel word.

Posturele kontrole toets 33% (Swak)

Hy het ‘n probleem met enige beweginggekoppelde naarheid. Hy kom lomp voor, stamp dikwels teen voorwerpe en/of val dikwels. Sy postuur is meestal swak en hy stut sy kop as hy lees/skryf. Hy word vinnig moeg en vermy balansaktiwiteite. Hy het ook gedurig bloukolle en skaafplekke.

Growwe motoriese koördinasie toets 100% (Bo-gemiddeld)

Mac toon geen uitvalle nie.

Fyn motoriese koördinasie toets 100% (Bo-gemiddeld)

Mac toon geen uitvalle nie.

Persepsuele ontwikkeling toets 50% (Gemiddeld)

Hy ruil letters as hy skryf om en vermy legkaarte, maar hy kan kleure en vorms onderskei.

Ander inligting

Mac het tydens geboorte ‘n suurstoftekort gehad en sy een been is langer as die ander.

Nataniël

Gemiddelde telling van 54% vir sensoriese integrasie in al die sensoriese sisteme.

Tas en reukwaarneming toets 38% (Swak)

Hy hou nie van aanraking en van drukkies nie en lyk geïrriteerd wanneer hy aangeraak word. Hy verkies eerder om aan te raak as om aangeraak te word. Hy verkies om deel te wees van ander kinders in die speelgroep. Hy verkies sekere teksture van kledingstukke. Hy toon heftige negatiewe reaksies teenoor kosreuke en neem die omgewing deur middel van reuke waar.

Gehoor waarneming toets 0 (Baie Swak)

Hy was baie sensitief vir klank, soos die geluid van die yskas en ‘n gloeilamp en kan nie die rigting van klank bepaal nie. Hy is nie bang vir geluide nie. Hy hoor nie alle geluide nie en hy hou van geraas. Hy hou daarvan om harde geluide te maak.

Sig waarneming toets 50% (Gemiddeld)

Hy maak omdraaifoute met letters as hy van die bord afskryf. Hy raak opgewonde wanneer hy aan ‘n verskeidenheid van visuele inligting blootgestel word.

Posturele kontrole toets 66% (Gemiddeld)

Hy verkies vinnige en spinnende aktiwiteite soos karnavalaktiwiteite. Hy hou sy potlood baie styf vas, en het ‘n swak greep op sy potlood. Hy word nie vinnig moeg nie, maar vermy balansaktiwiteite. Hy het ‘n goeie postuurkontrole.

Growwe motoriese koördinasie toets 100% (Bo-gemiddeld)

Nataniël toon geen uitvalle nie.

Fyn motoriese koördinasie toets 100% (Bo-gemiddeld)

Nataniël toon geen uitvalle nie.

Persepsuele ontwikkeling toets 25% (Swak)

Hy ruil letters as hy skryf om en is traag om te leer lees.

Ander inligting

Hy het drie jaar lank arbeidsterapie ontvang wat sy simptome verbeter het.

Nadia

Gemiddelde telling van 54% vir sensoriese integrasie in al die sensoriese sisteme.

Tas en reukwaarneming toets 30% (Swak)

Sy hou van aanraking en van drukkies, maar verkies eerder om aan te raak as om aangeraak te word. Nadia verkies om deel te wees van ander kinders in die speelgroep, maar wil met tye alleen wees. Soms stamp en stoot sy aan ander kinders en het sy wel ‘n behoefte om aan ander te raak. Sy verkies sekere teksture van kledingstukke en hou nie van die gevoel van nuwe klere nie. Sy toon heftige negatiewe reaksies teenoor kosreuke. Sy neem die omgewing deur middel van reuke waar.

Gehoor waarneming toets 33% (Swak)

Sy is baie sensitief vir klank, soos die geluid van die yskas en ‘n gloeilamp en kan nie die rigting van klank bepaal nie. Sy is nie bang vir geluide nie. Sy hoor nie alle geluide nie en hou nie van geraas nie.

Sig waarneming toets 75% (Gemiddeld)

Sy raak wel opgewonde wanneer sy aan ‘n verskeidenheid van visuele inligting blootgestel word.

Posturele kontrole toets 33% (Swak)

Sy verkies vinnige en spinnende aktiwiteite soos karnavalaktiwiteite. Sy hou haar potlood baie styf vas, maar het weer ‘n swak greep. Sy word vinnig moeg

en vermy balansaktiwiteite en het meestal ‘n swak postuur en hou haar kop vas as sy lees en skryf.

Growwe motoriese koördinasie toets 100% (Bo-gemiddeld)

Nadia toon geen uitvalle nie.

Fyn motoriese koördinasie toets 57% (Gemiddeld)

Nadia sukkel soms met klein objekte soos knope en eet slordig. Sy is die ongeluksvoël en het dikwels bloukolle.

Persepsuele ontwikkeling toets 50% (Gemiddeld)

Sy ruil letters as sy skryf om en vermy legkaarte, maar sy kan kleure en vorms onderskei.

Ander inligting

Opsomming van die inligting van die SIPT toets:

	Mac	**Nataniël**	**Nadia**
Tas en reuk	**swak**	**swak**	**swak**
Gehoor	**baie swak**	**baie swak**	**swak**
Sig	**baie swak**	gemiddeld	gemiddeld
Posturele kontrole	**swak**	gemiddeld	**swak**
Grof motories	bo-gemiddeld	bo-gemiddeld	gemiddeld
Fyn motories	bo-gemiddeld	bo-gemiddeld	gemiddeld
Persepsie	gemiddeld	**swak**	gemiddeld

Dit blyk uit bogenoemde inligting dat al drie die kinders met disleksie se sensoriese funksionering veral ten opsigte van tas, ouditief (gehoor), visueel en

posturele kontrole van baie swak tot gemiddeld wissel. Fyn en growwe motoriese ontwikkeling is gemiddeld tot bo-gemiddeld.

Die opsomming verskaf ‘n beeld van die drie kinders se sensoriese integrasie en help die spelterapeut ook om die kinders te verstaan en hulle te ondersteun om sensoriese boodskappe te prosesseer en te interpreteer.

3.3 Samevatting

Die sensoriese stimulasie was binne die konteks van Gestaltspelterapie gedoen en was deel van die dialoogverhouding waar kontak tussen die spelterapeut en die kind plaasgevind het. Dit het die kinders se bewussynsvlakke volgens elkeen se vermoë verhoog en die kinders instaat gestel om deel aan die projeksies in die terapeutiese proses wat daarop gevolg het te neem. Die projeksies is nie beskryf nie, omdat die navorsing net op die kinders se reaksie op sensoriese en liggaamlike kontak gefokus het. In die projeksies is met die proses van sensoriese en liggaamlike kontak om die kinders se kontak met hulleself te behou, voortgegaan (Bekker, 2003:309). Dit was nooit ‘n toets of ‘n meetinstrument, waar die kinders die ervaring gehad het dat hulle reg of verkeerd was nie. Hulle kon spontaan deelneem en hul ervarings in ‘n ontspanne speelomgewing met die terapeut deel. Die kinders het hulself as positief en goed ervaar omdat hul ervaring en kommentaar ‘n waarde gehad het.

Die bevindings is beskryf aan die hand van die Sensory Integration and Praxis Test (SIPT, Ayres, 1989) in die Sensasieteorie-kursus van die SA Institute for Sensory Integration, (1996), asook na aanleiding van die onderhoude met die kinders se ouers en die remediërende onderwyseres. Volgens die navorser kan sensoriese werk wel met kinders met disleksie gedoen word, omdat hulle bewus van hulself word en hierdie bewuswording gee ook aanleiding tot gedagtes, gevoelens en gedrag. In hoofstuk vier word die bevindinge aan die hand van literatuur bespreek.

Hoofstuk 4 : Literatuurkontrole

4.1 Inleiding

In hierdie navorsingsondersoek is op sensoriese stimulasie, waardeur kinders met disleksie spelterapeuties begelei kan word om sensoriese boodskappe te interpreteer,gefokus. Die klem was op die waarneming van die kinders se interpretasie van die sensoriese boodskappe en of dit vir hulle enige bewustheid tot gevolg gehad het. Die waarneming was nie om die korrektheid van die interpretasie te bepaal nie, maar die kinders se bewuswording van die kwalitatiewe kenmerke van die sensasies, wat ondersoek en beskryf is; met ander woorde die waarde wat die reuk, smaak, geluid of gevoel vir die kinders gehad het. Die vermoede was dat indien die sensoriese ervaring vir die kinders enige waarde gehad het, daar ‘n bewuswording van die self moes wees en gedragsverandering sou plaasvind.

4.2 Die bewuswordingsproses

Volgens Bekker (2003:150) speel sensoriese bewuswording ‘n belangrike rol in die kind se bewuswordingsproses wat tot voorgrondse gedagtes, emosies, begeertes en drome, wense en gedrag lei. Die sterk emosies wat reuke ontketen en vroeë herinneringe en ervarings wat herroep word, word op bladsy 32, punt 2.4.1.1.4.4 bespreek. Die navorser sou dit verder volgens die waarnemings in hierdie ondersoek, wou uitbrei.

Die navorser is van mening dat die dialoogverhouding die ruimte waarbinne sensoriese bewuswording plaasvind, is en al die ander stappe binne hierdie ruimte gebeur. Dit is die eerste stap in terapeutiese verhoudingsbou. Die kinders het in die navorsingsondersoek, nie soos in Bekker (2003:150) begeertes, drome en wense uitgespreek nie, maar die voorgrondse gedagtes het wel herinneringe van ervarings en assosiasies met hul veld na vore gebring. Veral die reuke het sterk herinneringe van aangename en onaangename gebeurtenisse wat in hul gedrag geprojekteer is opgeroep. Die

verloop van sensoriese bewuswording van die self word in hierdie navorsing uitgebeeld en bespreek volgens die proses in figuur 4.1:



Figuur 4.1: Sensoriese bewuswordingsproses
(vergelyk Bekker 2003:150)

4.2.1 Die dialoogverhouding

Die dialoogverhouding is volgens Brody (1995:351) die voertuig waarbinne die interaksie tussen die kind en die terapeut plaasvind en alles wat tussen die kind en die terapeut gebeur, moet gesien word as oefening en ‘n produk van hierdie dialoog. Die dialoogverhouding is met ander woorde ‘n raamwerk waarbinne die sensoriese aksies in die navorsingsondersoek plaasgevind het. In die spelterapie- sessie het die spelterapeut die dialoog geïnisieer en aan die gang gehou, maar dit het nie beteken dat die terapeut die dominerende of sterker persoon was nie, maar slegs haar ware self. In Brody (1995:13) se woorde is

die beskrywing van die ware self "*being, spirit and essence".* Die terapeut was teenwoordig sodat die kind bewus van haar was en aanvanklik was die sensoriese ontmoetings, ontmoetings tussen die spelterapeut se ware self en die kind, maar na 'n tydperk het hierdie ontmoetings ontwikkel en die terapeut het toegang tot die kind se ware self verkry. In Gestalt is dit die "*I-Thou*" verhouding en die dialoog wat plaasgevind het tussen die terapeut en die kind se ware self, ofte wel die "*I-Thou*" verhouding (Brody, 1995: 13).

In die eerste sessie is op assessering en verhoudingsbou met die doel om 'n vertrouensverhouding of *"I-It"* verhouding op te bou gefokus, wat vanaf die tweede sessie en daarna met al drie die kinders in 'n *"I-Thou"* vertrouensverhouding ontwikkel het, omdat hulle spontaan hul gevoelens met die spelterapeut gedeel het. Nataniël het wel nie die woordeskat om sy gevoelens mee te beskryf gehad nie, maar sy gemotiveerdheid om deel aan die sessies te neem, was 'n aanduiding dat hy geborge gevoel het en die spelterapeut vertrou het. Die dialoogverhouding is 'n "*I-Thou*" verhouding volgens Buber (1958) (in Brody, 1995:352). Dit beteken dat die terapeut IN die verhouding MET die kind was en dat beide die kind en die terapeut deelnemers en mede skeppers van die verhouding was (Landreth in Brody, 1995:352).

Die navorser het in die ondersoek deel van die verhouding met die kind en sy sensoriese ervaring geword, deur saam te speel, te ruik, te proe en te kyk as die kinders die ervaring met haar wou deel. Nadia het veral elke keer vir die terapeut gewys wat sy in die kaleidoskoop sien omdat sy na die sesde sessie in die *"I-Thou"* verhouding saam met die terapeut in die verhouding was.

Vir die spelterapeut in die navorsing staan die kwaliteit van die interaksie tussen die terapeut en die kind sentraal in die "*I- Thou*" verhouding. Dit was die kwaliteit energie wat tydens die sensoriese interaksie gevloei het, asof hulle uitgesluit van alles rondom hulle was en dit het die kinders se vertroue gewen en hulle met entoesiasme laat deelneem. (vergelyk Brody,1995:5). Volgens Buber (in Brody, 1995:5) is die enigste manier waarop die individu homself kan ontdek, deur die ontmoeting van 'n ander persoon, met ander woorde die *"I* and *thou*". Die "*I*" is nooit van die persoon alleen nie en kan slegs bestaan as die "*I*

and *thou*" ontmoet. Die kinders was tydens die terapeutiese sessies en die sensoriese stimulasie met die spelterapeut in 'n "I-Thou" ontmoeting.

Die kinders het die spelterapeut genoeg vertrou om te waag om aan slegte geure, soos die ballistol olie te ruik en die zout dropje te proe, al was die sensoriese ervaring vir hulle nie almal aangenaam nie. Die terapeut se liggaamsgedrag was ondersteunend, begrypend en die terapeut het saam met die kinders die humor van hul reaksies op slegte sensoriese ervarings gedeel. Die kinders het hul in die ruimte van 'n vertrouensverhouding met die spelterapeut gewaag en ge-eksperimenteer en in die proses van hulself en die terapeut bewus geword. Volgens Mackewn (1997:115) verander en ontwikkel kinders wanneer hulle tenvolle bewus in 'n dialoogverhouding is en wanneer hulle weet wie hulle is en nie deur wilskrag of opdrag nie.

Hieruit kan afgelei word dat die"*I – thou*" nie net die sensoriese ervaring is, of wat twee persone saam doen nie. Dit is meer as wat in woorde omskryf kan word. Dit is 'n toegewyde verhouding en die een persoon se self ontmoet die ander persoon se self in 'n eksklusiewe ontmoeting. Die kern van hierdie unieke verhouding wat net tussen die spelterapeut en die kind bestaan kan ook in Buber se woorde in Brody (1995:5) opgesom word: "Thou is wholly present with I and is wholly for I".

4.2.2 Sensoriese bewuswording

Die maatstaf waaraan die sensoriese bewuswording as deel van die verloop van die proses wat in die ondersoek plaasgevind het, beoordeel word, is Mackewn (1997:113) en Reber & Reber (2001:300) se beskrywing daarvan. Hiervolgens is bewuswording in Gestalt-teorie 'n holistiese proses waartydens die persoon kontak met homself maak en onttrek van ander in sy veld. Die persoon tree selfregulerend op en vorm betekenis van wat in homself as totale mens plaasvind. Dit skets ons menswees en verander ons. Dit is om waar te neem, te herken, in kontak te wees en dit sluit sy lewenservaring van die fisiese, geestelike, emosionele en spirituele dimensies van die self in. Dit is 'n proses wat die self in totaliteit insluit en die wisselwerking tussen die self en die

omgewing lei onvermydelik tot groei. Ware bewussyn is anders as om te dink en om introspeksie te doen, omdat dit primêr kognitiewe prosesse is en nie noodwendig tot groei in ‘n persoon lei nie. By al drie die kinders wat in die ondersoek gebruik is, was meeste van hierdie elemente teenwoordig. Dit was veral prominent tydens die tassensasie waartydens die kinders hul oë toe gemaak het en ten volle afgesluit van ander was, kontak met hulleself gemaak het toe hulle net op die sensoriese ervaring moes konsentreer om die objek en hul gevoelens te identifiseer. Mac het die tassensasie in die sandbak herhaal in die projeksie wat hy gemaak het, en dit het onvermydelik tot groei gelei.

Die waarneming van wat met bogenoemde kinders gebeur het, bevestig dat bewussyn die manier is waarop die kinders hulself en dit wat hulle nodig gehad het, verstaan het. Dit was ook hoe hulle hul veld ge-organiseer en betekenis aan hul ervarings gegee het. (vergelyk Mackewn, 1997:113.) Die kinders het elke keer betekenis aan hul bewustheid gegee deur dit aan ervarings en herinneringe in hul gesinne te verbind. Dit het vir hulle geruik soos..., geproe soos..., gelyk soos... ensovoorts. Dit was nie alleen die veld buite die kinders self wat betekenis gekry het nie, maar hulle moes ook kontak met hul gevoelens van lekker, aaklig, opgewonde, ensovoorts, maak wat hulle aan die spelterapeut moes beskryf.

Dit was kontak met hulle bestaan en vir hulle om te weet hoe hulle voel, dink, reageer en om van oomblik tot oomblik betekenis daaraan te gee. In Mackewn (1997:113) bevestig Zinker dit as hy sê *“awareness is a blessing”.* Dit stel ‘n persoon instaat om waar te neem en om sin te maak van wat binne en buite homself aangaan. Dit skep ook vir ‘n persoon die moontlikheid om te besluit wat hy gaan doen om homself**,** ander en die omgewing om hom te verbeter (Mackewn, 1997:113; Reber & Reber, 2001:147).

Volgens Kokot (2006:3) is die kind self die maatstaf om te weet hoeveel sensoriese inligting hy kan hanteer voordat hy afsluit as gevolg van oorlading. Die beginsel dat die terapeut altyd liefdevol en stadig teen die kind se tempo beweeg en dat die kind self ‘n aanduiding moet gee wanneer die sensoriese inligting genoeg is, stem ooreen met die Gestalt teoretiese beginsels soos

vermeld (punt 4.4, bladsy 120-123). Mac, Nadia en Nataniël het elke keer verbaal en met gebare aangedui dat hulle die speel met die mediums geniet. Hulle het ook van waarde gevoel omdat hulle bewus was van die navorsing en geweet het dat dit nie ‘n toetsing met regte en verkeerde antwoorde was nie. Nadia en Mac kon vir die terapeut vertel hoe hulle voel en dit dramatiseer, terwyl Nataniël met sy beperkte woordeskat wel te kenne gegee het wanneer hy daarvan hou en wanneer nie.

4.2.3 Bewustheid van voorgrondse gedagtes, herinneringe en emosies

Volgens Melucci (1996: 72) voed sensoriese kontak die emosies met “moods and sounds, odours and vibrations. Fear and joy, tenderness and sorrow are not merely ideas and laughter, but warmth and trembling”.

‘n Sensoriese ervaring is ‘n gevoelsbelewenis of bewuswording wat in woorde omskryf kan word. Die liggaamsensasies verhoog en die kinders ervaar geluk en hartseer en die sintuig of plek van aanraking kan na die tyd in die geheue herroep word (Brody, 1995:19; Reber & Reber, 2001:665). Al beskryf die kinders nie hul sensoriese ervaring in woorde nie, laat blyk hulle dit wel in lyftaal, soos dit wel tydens die ondersoek gebeur het. Dit was veral Nataniël wat nie sy gevoelens kon verbaliseer nie, maar gesigte getrek het om sy misnoeë te kenne te gee.

Die feit dat Nataniël probleme ondervind om sy gevoelens in woorde uit te druk, word bevestig in Clayton & Morrison (1999:15) waar dit as ‘n eienskap van kinders met disleksie beskryf word. Die kinders is gevra om verskillende voorwerpe te ruik, proe, voel en te luister en dan hul gevoelens daaroor weer te gee. In die verdere verloop van die spelterapiesessie moes hulle hul ervarings in ‘n projeksie weergee wat hulle in kontak met hul eie ervarings en onvoltooidheid gebring het en op hierdie manier het die kinders dan die geleentheid gekry om hul probleme deur te werk. (vergelyk Schoeman, 1996:71; Bekker, 2003:140). Volgens Brody (1995:19) verander die kind wat sensories sensitief is se gevoelens ongetwyfeld, soos byvoorbeeld Nadia wat

nie die harde skril klanke van die ratelaar kon verdra het nie, of Nataniël wat weer sensitief vir sagte geluide soos die reënmaker was.

Die sensoriese aanraking van die tas speelmediums soos die skulp, die bal, of die watte is ‘n fisiese ervaring en word in hul gedrag gereflekteer, want hulle word, of meer ontspanne en gemaklik, soos met Nadia en die kaleidoskope, of meer energiek en lewendig soos die suurwurms vir Mac laat voel het. Nadia was gelukkig en het ‘n bewustheid getoon van wie sy is en daarop reageer deur nuwe aktiwiteite te inisieer en anders teenoor die terapeut op te tree. Sy wou die ervaring graag met die terapeut deel, het nader gesit, oorgeleun en die kaleidoskoop vir haar gewys. Dit was vir Nadia ‘n aangename ervaring; wat ook beskryf kan word as ‘n gevoel van plesier om in die oomblik te lewe terwyl sy haarself is en ‘n gevoel wat sy graag sou wou herhaal.

Volgens Kabat-Zinn (2005:207) is sensoriese bewuswording ‘n alles oorheersende ervaring sonder grense en die kind is vir die oomblik van niks anders bewus nie. Tog was Nadia in die navorsing nie net bewus van die sensasies van die speelmediums nie, maar ook van die pyn in haar kop en in haar nek. Sy het vorige ervarings wat vir haar aangenaam of onaangenaam was, op sekere sensasies in die hede geprojekteer. Nadia se reaksie op bewustheid van sekere sensasies word deur White (2002:23) bevestig wanneer beweer word dat bewustheid kan wees vir “iets” wat sigbaar of onsigbaar is en deel van ‘n werklikheid of deel van die verbeelding is. Volgens Bakal (1999:16) word ‘n persoon se waarneming en oordeel deur sy emosies en spanning van die oomblik beïnvloed. Voorts kan die emosies van die voorgrond-sensasies in kompetisie met ander sensasies staan of herinneringe aan ander emosies wat die kinders in die verlede ervaar het, wat hul bewustheid in die hede beïnvloed. Dit kan ook as ‘n manier beskryf word om objektief na die ontmoeting te kyk en om ‘n waarneming van die verhouding en die kwaliteit van die ontmoeting te maak.

4.2.4 Bewuswording van die liggaamlike self en gedragsverandering

Volgens Mackewn (1997:117) kommunikeer kinders nie net met woorde nie, maar met hulle hele menswees – hulle ervaar hul emosies in hul lyf en kommunikeer dit met hulle liggaamsposisie, gebare, gesigsuitdrukkings, postuur en mannerismes. Volgens Kabat-Zinn (2005:168) word kinders van hul veld deur hul sintuie bewus en ervaar hulle emosies op ‘n spesifieke plek in hul liggame. In in die navorsing is hulle gevra op watter plek in hul lyf hulle die bewuswording ervaar het. Die waarnemings in die navorsingsondersoek in hoofstuk drie, het nie net die kinders se woorde beskryf nie, maar ook hoe hulle totale menswees op die sensoriese stimulasie gereageer het. Die kinders is in hul totaliteit sonder skeiding tussen die liggaam en die persoon gesien. Die liggaam, verstand, en emosies vorm die geheel (Mackewn, 1997:113;163). Vir die Gestaltspelterapeut is dit die kontak wat doelbewus deur die spelterapeut geïnisieer word om die kind bewus van sy liggaamlike self te maak en hom op sy fisiese teenwoordigheid in die hede te fokus (Brody, 1995:2). In hierdie navorsing het die kontak plaasgevind deur die sensoriese stimulasie van vyf van die sintuie om die kinders bewus van hul liggaamlike self in die “hier en nou” te maak. Nadia het onder andere die vibrasies van die driehoek se klank in haar arm gevoel en trane in haar oë van die suurwurm gehad.

Volgens Oaklander (in Mortola, 2001:2) word die belangrikheid van sensoriese stimulasie met die stelling dat ‘n kind kontak met homself maak, bevestig wanneer hy bewus van homself is en die inligting wat hy met sy hele liggaam ervaar, gebruik met ander woorde met al vyf sy sintuie en sy gedagtes, sy gevoelens en sy lyf. Die kinders het dikwels meer as een sintuig om bewustheid van die speelmedium te ervaar gebruik. Mac en Nadia het die kaleidoskoop ook met hul tas sintuig ervaar. Die skulp het hulle ook bevoel en teen hul ore gesit om na die suis geluid te luister. Bewuswording het met al drie die kinders in die ondersoek en met al vyf hul sintuiglike ervarings plaasgevind. Volgens Corey (1995:293) is die fokus van Gestaltterapie dit wat die kind in die huidige moment ervaar en op die struikelblokke wat verhinder dat hy volle bewussyn in die “hier en nou” kan ervaar.

Die navorser het met die sensoriese stimulasie die kinders se vlak van bewustheid van hulle liggaamlike self help verhoog en hulle op hul bewustheid van hul voorkeure en afkeure gefokus van dit waarvan hulle op daardie oomblik bewus was. So byvoorbeeld het Nadia die vibrasies van die driehoek in haar arm gevoel en trane in haar oë van die suurwurms gekry. Die spelterapeut moes die verhouding gebruik om die kinders se aandag te fokus, te stimuleer om fisies aktief te wees, entoesiasties deel te neem en te dink. Die kinders was bereid om bewus van die voel, sien, hoor, proe en ruik sensasie te raak. Volgens Bekker (2003:150) speel sensoriese bewuswording ‘n belangrike rol in die kind se bewuswordingsproses wat tot sy gedrag lei. Die kinders het almal volgens hul unieke prosesse en vermoëns op die sensoriese stimulasie gereageer. Vir Mac het die reuke *“awake*” laat voel, die reuke het sy liggaamlike reaksie laat wissel van genot en ‘n plesierige gelag tot ‘n afkeurende gesigtrek. Vir Nataniël het die weersin op sy gesig gewys hoe hy die kontras tussen die parfuum en Ballistol olie sensories ervaar het al kon hy dit nie in woorde beskryf nie.

Dit was ook so met die klanke omdat sy bewustheid van sy liggaam te weeg gebring is deur intense negatiewe fisiese reaksies op sekere geluide waarvoor hy sensitief is. Vir Nadia het die reuke weer rustig en ontspanne laat voel en volgens Bakal (1999:19) word positiewe emosies gewoonlik met sensasies van warmte en ‘n ligte gevoel geassosieer en dit lei daartoe dat die kind ontspanne voel. Haar ervaring stem met die literatuur ooreen.

Nadia ervaar die vibrasies van die driehoek in haar lyf en die ander instrumente ook met haar ander sintuie van tas en sig. Die navorser het waargeneem dat sy in haar totaliteit betrokke by die musiekinstrumente was en dat sy ‘n “hier en nou” ervaring met haar liggaamlike self gehad het. Die smaaksensasie het Mac ook bewus van die oomblik laat voel en dit was veral die kontrasterende smake tussen die rosyntjies en die zout dropje wat hom intens bewus van wat hy op daardie oomblik ervaar en voel gemaak het. Nataniël het ook onmiddellik reageer op sensasies waarvan hy nie hou nie deur die lekker uit te spoeg. Nadia se lyf het gewriemel, sy het gelag, gesigte getrek en trane in haar oë van

die suur smaak gekry. Sy het selfs beweer dat haar ore van die smaak van die zout dropje toeslaan.

Die smaaksensasie was ‘n fisiese ervaring wat sy in haar gedrag gereflekteer het, want sy het haar ore gevryf en haar lyf rond geswaai om aan te dui hoe die smaak haar affekteer. Die tas-sensasie het van al die kinders konsentrasie en fokus op net hul tas sintuig geverg, omdat hulle hul oë toe moes maak en hulle net met hul vingers moes voel. Mac se liggaamsbewustheid het van onbetrokke aan die begin, na ‘n intense sensoriese deelname en bewustheid wat duidelik in sy liggaamsgedrag weerspieël is, verander. Nataniël was so sensitief vir die growwe punte van die bal dat hy dit as pynlik ervaar het. Nadia het met irritasie en ongeduld op die tas-sensasie gereageer en al was dit nie vir haar ‘n aangename ervaring nie, het dit haar aandag op dit wat sy op daardie oomblik ervaar, gedink en op reageer het gefokus.

Die kleure van die kaleidoskoop het Mac fisies opgewonde laat voel en het hom bewus van sy liggaamlike self gemaak omdat die draaiende kleure hom duiselig gemaak het. Nataniël het dadelik besef dat hy onaangename gevoelens van die verskillende helder kleure asook die beweging daarvan ervaar. Nadia het stil en kalm van die verskeidenheid visuele inligting geraak en het met ‘n uitdrukking van plesier bewustelik daarop gereageer. Die belangrikheid van die kinders om betekenisvolle kontak met hulself en hul omgewing te maak word deur Oaklander (in Mortola, 2001:2) beskryf as nie alleen fundamenteel vir die kinders se vermoë om hul basiese behoeftes te bevredig nie, maar ook om selfregulerend te wees. Volgens die navorser se ervaring in die ondersoek kan speelmediums in Gestaltspelterapie soos byvoorbeeld klei, sand, teken en musiek gebruik word om kinders te help om ‘n projeksie te maak en om kontak met hul eie emosies te maak. Die kinders het na die sensoriese stimulasie weer sensoriese mediums gekies om ‘n projeksie te maak; so het Mac sand en, Nataniël klei gekies en Nadia het verkies om boodskappe op papier te skryf en dit na die tas-sensasiesessie te frommel.

Volgens Corey (1995:293) is die momentele bewustheid van ‘n kind se ervaring, saam met die bewustheid van die struikelblokke wat so ‘n ervaring

verhoed, as terapie op sigself gesien. Al beskik die kinders met disleksie in hierdie ondersoek vanweë fisiese gebreke nie die vermoë om sekere klanke te kan hoor of ‘n sensitiwiteit om dit te interpreteer nie, is dit die navorser se mening dat die ervaring vir hulle op sigself was terapeuties, omdat hulle bewus van die gevoelens wat hulle wel ervaar het was. Hulle kon ook daarna oorgaan in die maak van projeksies waarmee terapeuties gewerk kon word.

4.3 Sensoriese stimulasie en disleksie

Die navorser neem waar dat dit veral die tassensasie, ouditiewe en visuele persepsie van al drie die kinders wat in die ondersoek betrek is, wat direkte verband met disleksie gehad het, aangesien hulle almal swak tot baie swak in die SIPT-asseserings skaal presteer het en dit in die sensoriese stimulasie van die spelterapie sessie ook so gevind is.

4.3.1 Tas

Die basiese sensoriese sisteme is aanraking, ruimtelike posisie en beweging en dit verskaf inligting vir die kind van sy liggaamskaart en funksionering. Sommige kinders met leerprobleme ondervind probleme om hierdie basiese sensoriese inligting te prosesseer en is die kaart van hul liggame onakkuraat en onbetroubaar. Hierdie kinders het dan probleme om hul ledemate te gebruik om effektief op hul omgewing te reageer.

Die SIPT-assesseringskaal word alom gebruik om die aard van die basiese sensoriese sisteem te assesseer (Brown, Aylward & Keogh, 1996:169). Volgens die opsomming van die SIPT-skaal op bladsy 102 wat met die kinders in die ondersoek gedoen is het Mac, Nataniël en Nadia almal swak gevaar in die assessering van tas en posturele kontrole. Nataniël was wel gemiddeld vir posturele kontrole. Nadia het met irritasie en ongeduld reageer op die tas-sensasie en dit was nie vir haar lekker nie. Vir Nataniël was die gehoor en veral die sigsensasie onaangenaam en hy het daarop reageer deur dit te vermy en te onttrek. Hierdie gedrag word in Brown, Aylward & Keogh (1996:172) as tiperend beskryf van kinders met sensomotoriese probleme.

Volgens laasgenoemde skrywer reageer kinders met frustrasie, aggressie en onttrekking. Hulle kan ook baie emosioneel reageer op aanraking van sekere teksture soos Nadia wel gedoen het.

4.3.2 Sig en persepsie

Volgens die SIPT-assesseringskaal op bladsy 102, het al die kinders in die ondersoek, ten opsigte van die sigsensasie, van baie swak tot gemiddeld presteer. Vir die gestalt bestaan visuele persepsie uit die interpretasie van al die visuele insette van die objek waarna die kind kyk, met ander woorde die geheel en is dit nie net ‘n groep afsonderlike sensasie komponente nie (Ash, 1998:144). Die kinders in die ondersoek het outomaties en ‘n spontane behoefte gehad om die individuele sensasies van die kleurpatrone van die kaleidoskoop te voltooi en betekenis daaraan gegee sodat dit meer was as, en verskil het van, die som van die dele. Die kinders kon almal meer as die kleure in die kaleidoskoop sien en dit het vir hulle soos blomme, appels, ensovoorts gelyk.

Volgens Davis (2004:76) is dit juis die voltooiing van gefragmenteerde persepsies by kinders met disleksie wat aanleidend is tot die probleem. Sekere persepsuele vaardighede het vinniger as ander ontwikkel, maar die kinders voltooi altyd die visuele beeld en gee daaraan betekenis al is dit nie korrek nie. Die navorser is van mening dat alle mense volgens gestalt onvoltooide patrone voltooi en dat dit moeilik sou wees om in die spelterapiesessie te bepaal of die kind met disleksie se voltooide beelde anders of verkeerd is. Dit was ook nie die doel van hierdie navorsing om te besluit oor die korrektheid van die beeld nie, maar eerder die staat van bewustheid wat die kinders ervaar het. Volgens Mackewn (1997:15) maak die Gestaltwette van persepsuele organisasie dit vir ‘n kind moontlik om betekenis aan strukture en patrone in sy visuele omgewing te gee omdat ‘n objek binne konteks waargeneem word, soos byvoorbeeld by die kaleidoskoop waar die kinders kon sê waarna die beeld vir hulle lyk.

Volgens laasgenoemde skrywer is beide natuurlike persepsie en die persepsie van ‘n beeld, primêr geïnteresseerd in die groot geheel van vorm en struktuur en slegs sekondêr met die onderskeid van detail.

Die navorser is van mening dat ‘n kind sien wat hy sien en die persepsie van dit wat die kinders in die kaleidoskoop gesien het is ten nouste verbind met hul persepsies van hul eie wêreld of veld. Die beelde wat hulle in die kaleidoskoop sien kan ook ‘n vermenging met ander beelde in hul geestesoog van vorige ervarings wees, soos byvoorbeeld die blomme of appels wat hulle gesien het. Kinders gee individuele betekenis aan dit wat hulle sien; volgens hul sosio-kulturele agtergrond en ekologiese omgewing omdat hulle volgens die veld teorie van Gestalt nie in isolasie leef nie. (Mackewn, 1997:49; Davis, 2004:77).

Volgens Muter (2003:86) hang kinders met disleksie se leesvaardigheid van hul vermoë om inligting vinnig vooruit te kan volg af, maar hulle is oor die algemeen minder sensitief vir vinnig bewegende stimuli, veral as die tempo of die temporale frekwensie van die flikkering verhoog. Dit is nie die geval met stadig bewegende en helder stimuli nie. Bo en behalwe dat hulle nie vinnig bewegende stimuli kan volg nie, het hulle ook gedisoriënteer deur die stimuli gevoel. Volgens Davis (2004:19) is disoriëntasie ‘n natuurlike reaksie van ‘n normale brein en dit vind plaas wanneer ’n persoon deur stimuli of gedagtes oorweldig word, maar kinders met disleksie ervaar dit dikwels baie erger. Dit vind plaas wanneer die kinders soos in die navorsingsondersoek, konflikterende inligting van die verskillende sintuie ontvang en dit met mekaar in verband bring.

Die kinders het na die draaiende kleure gekyk en gedisoriënteerd gevoel omdat hulle ook die persepsie van beweging ervaar het. Dit het vir hulle werklik gevoel asof hulle beweeg het, terwyl dit nie die geval was nie. Dit was veral vir Mac en Nataniël ‘n onaangename ervaring wat hulle nie alleen nie-verbaal uitgedruk het nie, maar deur hul gedrag laat blyk het. In Chivers (2001:34) word uitputting en hoofpyn aangedui as ‘n gevolg van leerprobleme wat verband met visie hou omdat die kinders soveel harder moet konsentreer en werk vir visuele kontrole. Hulle het almal die eerste kaleidoskoop verkies omdat die kleurbal vooraan

stadig verander het en hulle self die bal kon draai en sodoende beheer oor die spoed van die bewegende kleure kon uitoefen. Nadia het dikwels gekla van hoofpyne. Mac het spontaan sy oë geruil om uit te vind watter oog die beste met visuele en perseptuele stabiliteit is, omdat kinders met disleksie se oë dikwels verskillende en kompeterende weergawes van woorde op ‘n bladsy bied. (vergelyk Muter, 2003:86; Chivers, 2001:34). Hy het voorkeur aan sy regteroog gegee. Volgens die SIPT-assesseringskaal op bladsy 102 is sy visueel sensoriese funksionering baie swak.

4.3.3 Gehoor

Volgens Muter (2003:84) bestaan daar ‘n verband tussen taalonvermoë en disleksie en daar word beweer dat kinders met disleksie in hul ouditiewe temporale prosessering gestrem is. Kinders met spesifieke taalgebreke ondervind probleme om gesproke taalvaardighede te bemeester, omdat die onderliggende rede vir die kinders se taalonvermoë in die prosessering van taalverwante klanke wat hulle hoor, geleë is (Muter, 2003:86). Mac en Nadia het nie probleme om hul gevoelens in woorde uit te druk ondervind nie, maar vir Nataniël was dit baie moeilik en in sekere situasies kon hy dit gladnie regkry nie. Nataniël mag na aanleiding van die navorser en sy ouers se waarneming sowel as die SIPT op bladsy 102, probleme met prosessering van klanke ondervind, wat verklaar waarom hy nie sy ervaring en emosies in taal kan uitdruk nie. Hy het net ‘n paar woorde soos “cool”, “nice”, “not good” waarmee hy homself uitdruk.

Nadia en Mac kan ook sekere klanke nie hoor nie, maar het nie probleme om hulself te verwoord nie, want hulle kon hul gevoelens en emosies in woorde beskryf. In Davis (2004:100) word daarop gewys dat kinders met disleksie se denkproses ook primêr nie-verbaal in prentjies is en dat een prentjie-konsep, tot honderde woorde sou nodig hê om dit te beskryf. Sommige kinders met leerprobleme is in onvermoë om hul gedrag volgens die aard van die sensoriese impulse wat ontvang word te reguleer, en wanneer ‘n kind nie bykomende impulse kan akkommodeer nie, word dit as hiper-responsief of hiper-sensitief vir stimuli beskryf. In die geval waar kinders meer stimuli nodig

het om te reageer op hul omgewing word dit hipo-responsief of hipo-sensitief genoem. (Brown, Aylward & Keogh, 1996:169). In die navorsingsondersoek was dit duidelik dat Mac, Nataniël en Nadia hipo-sensitief vir sekere toonhoogtes is. Mac praat besonder baie in die klas en by die huis, hy hou van geraas en om harde geluide te maak omdat hy sekere klanke nie kan hoor nie. Nataniël hou ook van geraas en het die harde klank van die ratelaar weer en weer herhaal. Nadia kan die geluid van skryf op die swartbord in die skool nie verdra nie.

Volgens Howard & Angus (2002:82) is die hardheid van ‘n geluid afhanklik van die luisteraar se subjektiewe ervaring daarvan en is dit nie meetbaar nie. Indien die klank vir Nadia baie hard is, is dit haar interpretasie daarvan en word dit so aanvaar. Al drie die kinders was ook hiper-sensitief vir ander toonhoogtes soos byvoorbeeld Mac vir die ratelaar, Nataniël vir die sagte klank van die reënmaker en Nadia vir die skerp, hoë klank van die “bird caller”. Nadia het op die skerp klanke reageer deur haar ore toe te druk. Hierdie waarneming word in Muter (2003:85) bevestig wat bevind het dat kinders met disleksie, probleme met die prosessering van net sekere klanke ondervind. Dit sou ook waar kon wees vir Nataniël, Nadia en Mac wat almal probleme het om sekere klanke te hoor en te prosesseer, maar nog steeds bewustheid ervaar het, ten spyte daarvan en sin gemaak het van wat hulle wel gehoor het.

Die klanke wat vir hulle mooi of onaanvaarbaar was, het duidelik vir die kinders ‘n emosionele reaksie ontlok en dit word in Woodward (1996:26) bevestig, want volgens laasgenoemde word alle klank deur die sintuie in die liggaam ervaar (soos Nadia wat die vibrasies in haar arm kon voel) en bring musiek dikwels vergete en onbewuste herinneringe en emosies weer na vore (die voëlfluit het haar aan die voëls in hulle tuin laat dink). Die waarneming is ook gemaak dat die kinders nie alleen meer of minder sensitief was nie, maar ook ‘n behoefte gehad het om sensasie te ervaar, al was dit nie noodwendig vir hulle ‘n positiewe ervaring nie. Nadia se behoefte om onaangename sensasies soos klanke en smake te herhaal, al reageer sy fisies daarop, dui op haar behoefte aan hoë sensasiesoeke soos in hoofstuk twee bespreek. Nataniël was tipies

van ‘n kind wat ‘n lae sensasie drempel het en eerder sensasie vermy soos met die kaleidoskoop toe hy die intense negatiewe sensasie vermy het.

Die navorser se mening is dat dit nie altyd moontlik sal wees om vooraf te weet of ‘n sensasie positief of negatief ervaar sal word deur kinders met sensoriese integrasie disfunksie nie, omdat hulle probleme het om inligting te prosesseer en betekenis daaraan te gee. Soos uit die navorsing geblyk het, was die klank van die “bird caller” vir Mac positief en aangenaam terwyl dit vir Nadia onaangenaam was. Dit wil voorkom asof elke sensasie uniek deur die kinders ervaar word.

4.4 Sensoriese stimulasie en Gestaltspelterapie

Die beginsels van Gestaltspelterapie is ingeweef in die sensoriese stimulasie van die spelterapiesessies. Die doel van die sensoriese kontakmaking was om die kinders in **kontak** met hulself te bring. Sensoriese en liggaamlike kontakmaking dra tot die kinders se holistiese funksionering as mens by, waar denke, emosie en liggaam ‘n eenheid vorm (Bekker, 2003:307). Volgens Mackewn (1997:117) kan kinders se bewussyn van kontak verhoog word deur te fokus op die hier-en-nou interaksie tussen die spelterapeut en die kind.

Deur die spelterapeut wat die kinders bewus gemaak het van wat hulle op daardie oomblik ervaar en wat hulle gevoelens daaroor was, was hulle in kontak met hulself. Deur die kind geleentheid te gee om beheer van homself te neem en kontakgrense te respekteer en keuses wat sy ware self erken, te maak, word dit vir hom moontlik om in **verhouding** met ander mense te tree (Brody, 1995:12). Hierdie beginsel word ook bevestig deur Oaklander (in Mortola, 2001:2) waarin beweer word dat volgens die Gestaltspelterapieperspektief, die kern van kinders se probleme toegeskryf kon word aan gebrekkige **kontak** met hulself en hul omgewing. Met ander woorde, kontakgrensversteurings wat uiteindelik tot isolasie lei en verhinder dat hulle volle bewussyn beleef in die huidige en kontak met hulself en ander maak. Volgens Oaklander (in Mortola, 2001:2) se woorde: “ a lack of good sense of self”. Die spelterapeut het **grense** gestel om die kinders veilig te laat voel en

hulle die vrymoedigheid te gee om deel te neem, te waag en met vrymoedigheid hul gevoelens met die terapeut te kon deel.

Gedurende die eerste sessie is die werkswyse verduidelik en ook hoe die sensoriese stimulasie gaan verloop. Die kinders is ook van die vertroulikheid van die inligting verseker. Volgens Mackewn (1997:89) is die definiëring van die werksverhouding en ooreenkomste tussen die terapeut en die kind vir die veilige ruimte waarbinne die terapeutiese werk kan plaasvind belangrik. Aanvanklik het die terapeut **beheer** geneem deur die kontakverhouding te inisieer en die kind het die terapeut se teenwoordigheid ervaar. Die kinders het nie nodig gehad om ‘n aktiwiteit uit te dink nie, alhoewel die kinders tog dikwels vooruit beplan het wat hulle gaan doen en wou weet wat in die volgende sessie gaan gebeur.

Die sentrale paradoks in hierdie verhouding met die kinders is die beheer wat die spelterapeut met die kinders uitgeoefen het, wat gerig was om vir hulle beheer te gee van hulself en om ook vir die kinders keuses te gee. (vergelyk Brody,1995:12). Alhoewel die terapeut in beheer van die terapiesessies was, het sy nie die kind beheer nie. Die aktiewe rol van die terapeut het nie met die kind se **beheer oor homself** ingemeng nie, omdat die kind self oor sy reaksie op die spelterapeut se inisiatief, wat in hierdie geval sensoriese stimulasie was, kon besluit. Die sukses van die spelterapie word immers aan die kind se groei en sy vermoë om uitdrukking te gee, verbaal of nie-verbaal van wat hy ervaar het gemeet. (vergelyk Brody, 1995:12).

Binne die **verhouding** het die spelterapeut nooit die kinders gedwing om aan die spel deel te neem nie en was hulle die hele tyd entoesiasties. Die kinders was die maatstaf en omdat hulle verder wou speel, is voort gegaan met die sensoriese speelmediums. Al was die ervaring van die sensasie minder aangenaam, wou hulle verder speel omdat die terapeut met hulle in **samevloeiing** gegaan het deur te lag en saam te stem as die reuk of smaak vir hulle sleg was. Die kinders was vry om hul gevoelens te dramatiseer en daaroor te praat. Nadia en Mac het veral daarvan gehou om met gebare hul gevoelens te dramatiseer en dan daaroor te lag. Hulle is ook elke keer gevra

hoe hulle voel en wat hulle ervaring was. Volgens Ayres (in Kranowitz, 1998:179) “sensations that make a child happy tend to be integrating. When a child is actively involved in his own therapy, he becomes more organized, he has fun, and he feels in sync” en dit is hoe hierdie ervaring vir die kinders was (Kranowitz, 179-180).

Die spelterapeut het self saam geruik, geproe en gekyk en hulle was daarvan bewus dat hulle ‘n vrye **keuse** het en enige tyd kon ophou. Dit was duidelik dat die kinders die terapeut vertrou het en die selfvertroue gehad het om te waag en te eksperimenteer. Die kinders wou graag weer die volgende sessie kom en daar was geen teken dat die onaangename sensasies die terapeutiese proses in hierdie navorsing benadeel het nie. Die terapeut het binne die raamwerk van die navorsing in samevloeiing met die kinders se besluit op ‘n sensoriese aktiwiteit gegaan, op voorwaarde dat die sensoriese aktiwiteit sal lei tot **bewustheid** en ‘n **“*I-Thou* verhouding”** met die spelterapeut (Brody, 1995:12). In die sessies het die sensoriese stimulasie deur die musiek, smake en reuke die kinders gehelp om **bewustelik** te ervaar, hul eie liggaamsseine te erken en die verhouding met die spelterapeut in die hede en in die werklikheid te ervaar. Die fokus van Gestaltterapie is op dit wat die kind in die huidige moment ervaar en op die struikelblokke wat verhinder dat hy volle **bewustheid in die hier en nou** kan ervaar. (vergelyk Brody, 1995:8; Corey, 1995:293).

Die kinders kan ook deur ander sensoriese mediums gestimuleer en bewus gemaak word, soos byvoorbeeld, musiek, vingerverf en teken om in kontak met hul emosies te kom. Die belangrikheid vir ‘n kind om betekenisvolle kontak met homself en sy omgewing te maak word deur Oaklander (in Mortola, 2001:2) beskryf as nie alleen fundamenteel vir ‘n kind se vermoë om sy basiese behoeftes te bevredig nie, maar ook om **selfregulerend** te wees. Dit stem met die inligting wat van kundiges oor kinders met disleksie se emosionele probleme verkry is ooreen, naamlik dat hulle dikwels ‘n swak selfbeeld het, swak sosiale persepsie het en met interpersoonlike verhoudingsvaardighede wat ontbreek. Dit is ook die ervaring dat hulle ’n onvermoë om hul gevoelens in woorde uit te druk, het.

Dit was vir hulle ‘n subjektiewe ervaring en die kinders kon getuig dat hulle dit self ervaar het en dat dit vir hulle ‘n ware **bewustheid** was. (vergelyk Meltzoff, 1998:5). Die navorser kan volgens die waarneming bevestig dat **“**sensoriese stimulasie, gee tot bewuswording, voorgrondgedagtes, gevoelens en herinneringe wat lei tot gedrag aanleiding” (vergelyk Bekker, 2003:150). Dit is wat in die spelterapiesessies gebeur het. Volgens die inligting wat in die ondersoek van die kinders se sensoriese waarneming en interpretasie verkry is, het die proses van sensoriese bewuswording van die self wel plaasgevind.

4.5 Samevatting

Hierdie hoofstuk kan saamgevat word met die bevestiging dat in hierdie navorsing die kinders se persoonlike sensoriese ervarings deur die navorser waargeneem is.

Die waarnemings van Mac, Nadia en Nataniël se sensoriese bewuswording van hulself en ook hoe dit hul gedrag deur uitdrukkings en liggaamstaal verander het, is gekontroleer met die literatuur oor sensoriese integrasie en sensoriese stimulasie in die Gestalt teorie.

Dit was vir die kinders ‘n aangename ervaring om deel te neem aan die terapeutiese proses en tot voordeel van die dialoog verhouding tussen die terapeut en die kinders.

Hoofstuk 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings

5.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die navorsingsprobleem beantwoord. Die gevolgtrekkings en aanbevelings verduidelik hoe die doelstelling en doelwitte bereik is. Laastens word die beperkings aangespreek en ‘n samevatting van die verloop van die ondersoek gemaak.

5.2 Navorsingsprobleem en doel van die studie

Die navorsingsprobleem en doel van die studie is soos volg aangespreek:

5.2.1 Navorsingsprobleem

Die ondersoek het op ‘n antwoord vir die navorsingsprobleem, soos aan die begin geformuleer, gefokus, naamlik: “Kinders met disleksie ervaar meestal emosionele probleme as gevolg van die neurologiese onvermoë om sensoriese boodskappe te interpreteer”. Die navorsingsvraag wat uit die probleem ontstaan het, het die riglyn vir die ondersoek verskaf en is soos volg geformuleer: Hoe kan kinders met disleksie spelterapeuties ondersteun word om sensoriese boodskappe te prosesseer en te interpreteer?”. Die sensoriese stimulasie in die spelterapie sessies was deel van die terapeutiese proses om die kinders te ondersteun om bewustheid van hulself te ervaar. Die navorser is van mening dat die kinders binne die veilige ruimte van die dialoogverhouding ondersteun was om te ervaar, te reageer en bewus te raak van hul liggaamlike self.

5.2.2 Doel van die navorsingsondersoek

Die doel van die studie was om Gestaltspelterapiemediums wat gerig is op sensoriese stimulasie, op laerskoolkinders met disleksie toe te pas, ten einde bewusmaking te bevorder, sodat hulle gemotiveerd saamwerk om hul

emosionele probleme in die spelterapiesessie aan te spreek, wat die terapeutiese proses sal bevorder. Nadat die navorsingsvraag beantwoord is kan tot die gevolgtrekking gekom word dat die doel van die navorsing bereik is, deurdat die kinders in die ondersoek ‘n vlak van bewustheid bereik het en gemotiveerd was om met die terapeutiese proses in die spelterapie voort te gaan. Deur die sensoriese stimulasie het die kinders bewus van hul gevoelens geraak en het hul gedrag verander. Hulle het ontspanne voorgekom en entoesiasties gelyk om saam te speel. Al het al die kinders wat in die ondersoek betrek is, probleme met sensoriese integrasie gehad, was daar wel ‘n fisiese of emosionele reaksie op die stimulasie wat hulle vlak van bewustheid en gereedheid vir terapie verhoog het.

5.2.3 Gevolgtrekkings en aanbevelings volgens die doelwitte van die ondersoek

Vanuit die gestelde navorsingsprobleem, die vraag en die bereiking van die doel kan die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings ten opsigte van die doelwitbereiking van die ondersoek gemaak word. Doelwit een en twee is saam in hoofstuk twee aangespreek en die gevolgtrekking kan gemaak word dat dit wel nodig was om die navorser met kennis toe te rus om ‘n besluit te kon neem of die studie bruikbaar sou wees of nie.

5.2.3.1 Doelwit 1 : Die voorondersoek

Om deur middel van ‘n voorondersoek ‘n spesifieke area af te baken en om sekere vrae te toets en aanpassings te maak sodat die navorsingsondersoek daarop kon volg. Hierdie doelwit is in hoofstuk twee bereik en die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings kan oor hierdie doelwit gemaak word. Vier van die ses kinders in die voorondersoek het probleme met sensoriese integrasie ondervind en kon die sensoriese boodskappe wat in die spelterapeutiese situasie toegepas is, nie prosesseer en interpreteer nie. Dit het die navorser gehelp om die navorsingsprobleem te definieer.

- Die area waaroor navorsing gedoen sou word, is tot die sensoriese stimulasie, afgebaken wat ‘n deel van die spelterapeutiese sessie was.
- Die keuse van spelterapiemediums is getoets en ‘n besluit is geneem oor watter wel bruikbaar in die navorsingsondersoek sou wees.
- Die vrae wat die spelterapeut elke keer gevra het is ook in die voorondersoek, nadat die kinders se reaksie daarop waargeneem is, geformuleer.
- Daar kan aanbeveel word dat in toekomstige navorsing dieselfde prosedure gevolg word omdat dit in hierdie ondersoek ‘n oefening vir die navorsingsondersoek wat daarop gevolg het, was.

5.2.3.2 Doelwit 2 : Literatuurstudie

Om die bestaande literatuur en gesprekke met kundiges oor disleksie en sensoriese stimulasie, asook Gestaltspelterapiemediums wat gebruik kan word in sensoriese stimulasie met kinders met disleksie, te verken en te beskryf. Hierdie doelwit is as deel van die voorondersoek in hoofstuk twee uitgevoer en die volgende gevolgtrekkings en aanbevelings kan hieroor gemaak word. In hierdie literatuurstudie is slegs inligting oor die prominente aspekte van die studie ingesamel en kan in toekomstige navorsing baie meer en in diepte ondersoek en beskryf word. Die inligting wat uit die literatuur en van kundiges verkry is het die navorser die agtergrond gegee om die navorsingsprobleem te herken. Die inligting uit die voorondersoek in hoofstuk twee en die literatuurstudie het die navorser gehelp om die vrae wat in die sensoriese bewusmaking gevra is, te formuleer om uit te vind of dit wel waar is of kinders met disleksie, emosionele probleme sodoende as gevolg van die onvermoë om sensoriese boodskappe korrek te interpreteer ervaar. Die literatuurstudie het die navorser instaat gestel om die verskillende spelterapiemediums wat die kinders se vyf sintuie in die spelterapeutiese sessies gestimuleer het, te kies. Navorsing oor kinders met disleksie se sensoriese funksionering behoort in toekomstige navorsing ondersoek te word, omdat dit volgens beskikbare literatuur nog min aandag geniet het.

5.2.3.3 Doelwit 3 : Beskrywing van die empiriese ondersoek

Om die sensoriese stimulasieproses waartydens drie kinders in ses spelterapiesessies deel van die navorsing was, te beskryf. Hierdie doelwit is in hoofstuk drie as ‘n empiriese perspektief en die integrering van die navorsingsbevindings beskryf.

- Al drie kinders is vir ses sessies deel van die navorsing gemaak om uitvoering aan die beplanning te kon gee.
- Semi-gestruktureerde onderhoude en terapeutiese intervensie is met die kinders gedoen om hul ervaring en emosionele belewenisse te kon weergee.
- Die doelwit is bereik toe die navorser die waarnemings van die kinders in die gevallestudies in detail neergeskryf het.
- Die waarneming van die navorser, video’s, klankopname, veldnotas en detail verslae het in hierdie navorsing die akkuraatheid van die weergawes in die navorsingsverslag verhoog en kan ook so in toekomstige navorsing aanbeveel word.

5.2.3.4 Doelwit 4: Literatuurkontrole

Om die waarnemings wat in die ondersoek gemaak is, met bestaande literatuur te kontroleer en om daarna die inligting tot voordeel van Gestaltspelterapie te evalueer. In hoofstuk vier en vyf is die literatuurkontrole gedoen.

- Dit was moontlik om die waarnemings oor die kinders se reaksies op die sensoriese stimulasie wat tydens die ondersoek gemaak is, na aanleiding van beskikbare literatuur te beskryf.
- Die kinders se reaksies was sigbaar in hul liggaamsgedrag en dit kon neergeskryf word. Die reaksies het gewissel van weersin tot plesier en deelname met oorgawe.
- Die kinders se reaksies kan in toekomstige kwantitatiewe navorsing met ‘n meetinstrument wat spesifiek vir die ondersoek ontwerp word, gemeet word.

- Die resultate van ‘n groter steekproef, waar meer kinders in toekomstige kwantitatiewe of kwalitatiewe navorsing, betrek sou word, behoort insiggewende vergelykende inligting aan te bied.

5.2.3.5 Doelwit 5 : Gevolgtrekkings en aanbevelings

Om gevolgtrekkings en aanbevelings tot voordeel van die terapeutiese proses te maak.

- Die gevolgtrekkings en aanbevelings in hierdie hoofstuk maak dit moontlik om ‘n opvolgstudie en navorsing te beplan oor sensoriese integrasie en disleksie.
- Die inligting wat uit die waarneming bekend geword het, is vir terapeute, onderwysers en ouers van waarde, omdat dit meer kennis en begrip vir die sensoriese beperkings van kinders met disleksie, aanbied. Almal kan nou op die moontlikheid dat kinders met disleksie verder gerem word, as gevolg van swak sensoriese integrasie, bedag wees.
- Arbeidsterapeute is kundiges op die terrein van sensoriese integrasie disfunksie en behandel kinders daarvolgens. Spelterapeute kan kinders help om hul emosies oor disleksie en sensoriese integrasie disfunksie te hanteer. Dit is ‘n spanbenadering tussen al die terapeute wat by die kinders betrokke is.
- Swak sensoriese integrasie kan ook die oorsaak van emosionele en gedragsprobleme by kinders met disleksie, wees.

5.3 Gevolgtrekking

Daar kan tot die gevolgtrekking gekom word dat kinders met disleksie wel die sensoriese impulse wat hulle ervaar, prosesseer en interpreteer. Hulle ervaar individuele gevoelens en emosies wat toepaslik of ontoepaslik is en dit stel hulle instaat om ‘n vlak van bewustheid te bereik. Hierdie vlak van bewustheid is vir die spelterapeutiese proses wat daarop volg bevorderlik. Uit hierdie gevolgtrekking kan afgelei word dat sensoriese stimulasie wel met kinders met disleksie, om hulle bewus te maak, gedoen kan word. In hierdie kwalitatiewe

navorsing waar die waarneming van laerskoolkinders met disleksie gedoen is, blyk dit dat hulle probleme ervaar om boodskappe van veral die ouditiewe en tas sensasie te prosesseer en te interpreteer. Dit stem ooreen met ander kinders met disleksie wat dikwels probleme met die visuele, tas en ouditiewe integrasie ervaar. Die swak sensoriese integrasie mag emosionele en gedragsprobleme veroorsaak en in toekomstige navorsing kan hierdie onderwerp spesifiek ondersoek en weer getoets word. Die navorsing was beskrywend van aard en die navorser het daarin geslaag om die verskynsel van sensoriese integrasie by kinders met disleksie, te beskryf.

5.4 Aanbevelings

Die volgende aanbevelings vir ‘n opvolgstudie kan gemaak word:

- Hierdie studie oor kinders met disleksie se sensoriese belewenis in spelterapie behoort opgevolg te word met verdere navorsing wat in diepte gedoen word en waar die tegnieke deur middel van kwalitatiewe of kwantitatiewe navorsing getoets kan word.

- In ‘n doktorale studie waarin kwantitatiewe navorsing gedoen word behoort ‘n assesseringsriglyn ontwikkel te word wat die kinders met disleksie se sensoriese belewenisse en gedragsverandering in die spelterapeutiese situasie meet . ‘n Meetinstrument vir die bereiking van verhoogde bewuswording, om te voorkom dat die interpretasie van die ruseltate nie gemanipuleer word nie.

- Die moontlikheid van ‘n kontrole groep ondersoek word om te bepaal of dieselfde resultate bereik sal word met alle kinders met sensoriese integrasie disfunksie en of dit slegs van toepassing is op kinders met disleksie.

- Dit kan met ‘n spelterapeutiese program vir sensoriese stimulasie met laerskool kinders met disleksie opgevolg word. Die spelterapeutiese program behoort vir ouers, remediërende onderwysers en arbeidsterapeute,

as riglyn waarvolgens kinders met disleksie sensories gestimuleer kan word beskikbaar te wees. Met die doel om ‘n vlak van bewustheid te bereik waar onderrig en terapie kan plaasvind.

- Indiepte studie oor disleksie, sensoriese integrasie disfunksie en ander meetinstrumente wat moontlik gebruik kan word.

5.5 Beperkings van hierdie navorsing

Die belangrikste beperking van die ondersoek is die klein omvang omdat drie kinders gebruik is en beperk is tot laerskoolkinders met disleksie. Dit kan met ‘n meer omvangryke kwalitatiewe of kwantitatiewe studie opgevolg word. Dit is nie moontlik om veralgemenings met drie kinders te maak nie.

Min inligting oor die spesifieke onderwerp van sensoriese integrasie van kinders met disleksie is beskikbaar en kennis berus dikwels op afleidings en aannames van alle kinders met ernstige leerprobleme.

5.6 Samevatting

In hierdie navorsing is ‘n literatuurstudie om ‘n teoretiese perspektief op disleksie en sensoriese stimulasie vanuit ‘n gestalt benadering en spelterapie te gee gedoen. Uit die voorondersoek is die kwalitatiewe navorsingsondersoek om waarnemings te maak van die kinders se interpretasie, bewuswording en kontakmaking geloods.

‘n Empiriese studie met drie respondente is gedoen en vir ses sessies is hul belewenisse en reaksies in veldnotas neergeskryf, video’s opgeneem en deur middel van deelnemende waarnemings is hul nie-verbale gedrag opgeteken. Die kinders se gedrag is na die sensoriese stimulasie, om vas te stel of enige bewuswording en gedragsverandering plaasgevind het, waargeneem.

Die menings van kundiges, soos ouers, ‘n opvoedkundige sielkundige en remediërende onderwysers is verkry en die onafhanklike SIPT-

assesseringskaal van Ayres (1972), is deur die kinders se ouers ingevul om vas te stel of die kinders probleme met sensoriese integrasie het. Die waarnemings wat gemaak is, is aan die literatuur in hoofstuk vier getoets. Aan die hand van die empiriese studie en die literatuurstudie word gevolgtrekkings en aanbevelings in hoofstuk vyf gemaak.

Die navorsingsvraag is beantwoord en dit is die navorser se mening dat die doel van die navorsing bereik is, omdat sensoriese bewusmaking plaasgevind het en die kinders gemotiveerd was om met die terapeutiese proses in die spelterapie voort te gaan. Deur die sensoriese stimulasie het die kinders bewus geraak van hul emosies en het hul gedrag verander. Al het al die kinders wat in hierdie ondersoek betrek is, probleme met sensoriese integrasie gehad, was daar wel ‘n fisiese of emosionele reaksie op die stimulasie wat hul vlak van bewustheid en gereedheid vir terapie verhoog het.

Bronnelys

Amen, D. G. 2001. *Healing ADD. The breakthrough Program That Allows You to See and Heal the Six Types of ADD.* USA. Penguin Group, (USA) Inc.

Ash, M.G. 1998. *Gestalt Psychology in German Culture. Holism and the Quest for Objectivity.* United Kingdom. Cambridge University Press.

Bakal, D. 1999. *Minding the body*. New York. USA. The Guilford Press. Guilford Publications, Inc.

Bekker, G. 2003. *'n Spelterapeutiese program vir die emosioneel beseerde pre-adolessent: 'n Gestaltbenadering*. UNISA.

Benjamin, C. L., Garman G. R. & Funston J. H. 1997. *Human Biology*. Inc. USA. McGraw-Hill Companies.

Brems, C. A. 2002. *A Comprehensive Guide to Child Psychotherapy*. 2nd edition. USA. Allyn & Bacon.

Brown, F. R., Aylward, E. H. & Keogh, B. K. 1996. *Diagnosis and Management of Learning Disabilities. An Interdisciplinary Lifespan Approach*. third edition. California. USA . Singular Publishing Group, Inc.

Brody, V. A. 1995. *The Dialogue of Touch. Developmental Play Therapy*. USA: 2nd printing. Developmental Play Training Associates.

Chivers. M. 2001. *Practical Strategies for Living with Dyslexia.* United Kingdom. Jessica Kingsley Publishers Ltd.

Coon, D. & Van Deventer, A. D. 2004. *Gateways to Psychology: Visual Guides and Technology Tools.* USA. Thomson Learning, Inc.

Corey. G. 1995. *Theory and Practice of Group Counceling*. 4th edition. USA. Brooks / Cole Publishing Company. California.

Davis, R. D. 2004. *The Gift of Dyslexia*. California. USA. Ability Workshop Press.

De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delport, C.S.L. 2002. *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* 2nd edition. Pretoria. Van Schaik Uitgewers.

Dunn, D.S. 1999. *The Practical Researcher: a Student Guide to Conducting Psychological Research*. Morovian College. USA. McGraw- Hill College.

Edwards, J. H. 1994. *The Scars of Dyslex*ia. Cassell. Great Britain. Library of Congress Cataloging-in-Publication Data.

Faure, M. & Richardson, A. 2002. *Koester jou baba*. Suid Afrika. Metz Press.

Fourie, M. 22 Januarie 2005. Gesprek gevoer met Arbeidsterapeut. Arbeidsterapie Klein Windhoek. Starkstraat 4. Klein Windhoek. Telefoonnommer: 0926461-223380 Windhoek. Namibië.

Fouché, C.B. 2002. Selection of a researchable topic. *In Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* Geredigeer deur De Vos, A.S. 2de uitgawe. Pretoria. Van Schaik Uitgewers, p 95-103.

Fouchè, C.B. 2002. Research strategies. In De Vos, A.S., H. Strydom., C.B. Fouché, & C.S.L. Delport, 2002. In *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* Geredigeer deur De Vos, A.S. 2de uitgawe. Pretoria. Van Schaik Uitgewers, p 270-276.

Grobler, H. B. Supervisie. 25 January 2005-02-28

Hart, C. 1998. *Doing a Literature Review. Releasing the Social Science Research Imagination.* Londen. England. Sage Publications.

Hatcher, C. & Himelstein, P. 1995. The Handbook of Gestalt Therapy. USA. Jason Aronson Inc.

Hayes, N. 2000. *Doing Psychological Research Gathering and analysing data*. USA. Open University Press.

Heiman, G .W. 2002. *Research Methods in Psychology* 3rd edition. Buffalo State College. USA. Hougton Mifflin Company.

Hoffmann, J. 2005. Onderhoud met kundige oor disleksie gevoer. Sielkundige. Telefoon: 09264 61 252388 Windhoek. Namibië.

Hornsby, B. 1997. *Overcoming Dyslexia*. Vermilion Press. London. England. Random House UK Ltd.

Howard, D. M. & Angus, J. 2002. *Acoustics and Psychoacoustics*. 2nd edition. Great Britain. Elsevier Science.

Kabat-Zinn, J. 2005. Coming To Our Senses. Great Britain. Piatkus Books Ltd.

Kaplan, P. S. 1998. *The Human Odyssey: Life Span Development*. 3rd edition. USA. Brooks/Cole Publishing Co.

Kokot, S. J. 2006. *An eco-systemic approach to neurodevelopment*. Centurion. RSA. Centre for Integrated Learning Therapy.

Kranowitz, C. S. 1998. *The Out of Sync Child: Recognising and Coping with Sensory Integration Dysfunction*. USA. Skylight Press. The Berkley Publishing Group.

Lerner, L. 1997. *Learning Disabilities. Theories, Diagnosis, and Teaching Strategies*. 7th edition, USA. Houghton Mifflin Company.

Louw, D. A. & Edwards, D. J. A. 1998. Psychology; *An Introduction for students in Southern Africa.* 2nd edition. Johannesburg. RSA. Heinemann.

Mackewn, J. 1997. *Developing: Gestalt Counselling*. Great Brittain. Sage Publications Ltd.

Melluci, A. 1996. *The Playing Self: Person and Meaning in the planetary society*. Great Britain. Cambridge University Press.

Meltzoff, J. 1998. *Critical Thinking About Research: Psychology and related fields*. USA. American Psychological Association.

Moore, R. 2005. Onderhoud gevoer met kundige. EDU Dynamics. Telefoon 09264-61-811241256. Windhoek. Namibië.

Mortola, P. 2001. *Sharing Disequilibrium: A Link Between Gestalt Therapy Theory and Child Development Theory*. Gestalt Review. Vol 5. No 1. (2001).

Muter, V. 2003. *Early Reading Development and Dyslexia*. England. Whurr Publishers Ltd.

Naranjo, C. 2000. *Gestalt Therapy. The Attitude and Practice of an Atheoretical Experientialism*. UK: Crown House Publishing Limited.

O'Conner, K. & Braverman, L. M. 1997. *Play Therapy Theory and Practice; A comparative Presentation.* New York. USA. John Wiley and Sons. Inc.

Reber, A.S. & Reber, S. 2001. S.. 3rd edition. England. Penguin Group.

Riddick, B. 1996. *Living with Dyslexia. The social and emotional consequences of specific learning difficulties*. Londen and New York. Routledge.

Santrock, J. W. 1999. *Life-Span Development*. 7th edition. University of Texas Dallas. USA. McGraw-Hill College.

Schoeman, J. P. 2002. *Advanced Course in Play Therapy: Notes and Reading Material.* RSA. Centre for Playtherapy.

Schoeman, J P. & Van der Merwe, M. 1996. Entering the child's world: A play therapy approach. Pretoria. RSA. Kagiso Publishers.

Seifert, K.L.,. Hoffnung, R.J. & Hoffnung, M. 2000. *Lifespan Development*. 2nd edition. Houghton Mifflin Company. USA.

Standing, E. M. 1998. *Maria Montessori: Her Life And Work*. USA. Penguin Group.

Strydom, H. 2002. The pilot study. In *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* Geredigeer deur De Vos, A.S. 2de uitgawe. Pretoria. Van Schaik Uitgewers, p 210-221.

Strydom, H. & Delport, C.S.L. 2002. Sampling and pilot study in qualitative research. In *Research at Grass Roots for the social sciences and human service professions.* Geredigeer deur De Vos, A.S. 2de uitgawe. Pretoria. Van Schaik Uitgewers, p 333-338.

Swanepoel, M. 2005. Onderhoud gevoer met kundige. Eduhelp Leersentrum. Telefoon 09264-61-255367. Windhoek. Namibië.

The Concise Oxford English Diary. 2002. Oxford. England. Oxford University Press.

Van Niekerk, E. & Prins, A. 2001. *Counseling in South Africa: A youth perspective*. RSA. Heineman.

Venter, D. 2005. Onderhoud met kundige gevoer. Telfoon: 09264 61 250369. Klein Windhoek Arbeidsterapie. Windhoek. Namibië.

Vollfraaff, F. 2005. Onderhoud gevoer met kundige. Eduhelp Leersentrum. Telefoon 09264-61-255367. Windhoek. Namibië.

White, J. 2002. *The Child's Mind*. London. UK. Routledge Falmer.

Woodward, S. C. 1996. *Music in Medicine*. RSA. Music Therapy Society of Southern Africa.

Zaaiman, S.J. 2003. Navorsing: M.DIAC. Wellington. RSA. Hugenote Kollege aantekeninge.

Zuckerman, M. 1994. *Behavioral Expressions and Biososial Basis of Sensation Seeking.* USA. Cambridge University Press.

Leeslys

Amendt-Lyon, N. 2001. Art and Creativity in Gestalt Therapy. Volume 5. Gestalt Review. http://www.gestaltreview.com.2001/amendt-lyon.html

Broomfield, H. & Turner, M. 1997. *Overcoming Dyslexia*. England. Whurr Publishers Ltd.

Campbell, D. 2002. *The Mozart Effect. Tapping the Power of Music to Heal the Body, Strengthen the Mind and Unlock the Creative Spirit*. Great Britain. Hodder and Stoughton.

Gil, E. 1994. *Play in Family Therapy*. USA. The Guilford Press.

Clayton, L. & Morrison, P. 1999. *Coping with Learning Disability*. New York. USA. The Rosen Publishing Group, Inc.

Goodwin, J. C. 1995. *Research in Psychology: Methods and Design*. Wheeling Jesuit College. Canada. John Wiley & Sons, Inc.

Green, S. 1995. *Principles of Biopsychology*. Lawrence Erlbaum Associates UK. Ltd., Publishers.

Hatcher, C. & Himelstein, P. 1995. *The Handbook of Gestalt Therapy*. USA. Jason Aronson Inc.

Hill, C.S. 1991. *Sensations: A Defense of type Materialism*. Great Britain. Cambridge University Press.

Jones, P. 2005. *The Arts Therapies. A revolution in health care*. England. Brunner-Routledge.

Kaplan, PS. 1998. *The Human Odyssey: Life Span Development*. 3rd edition. USA. Brooks/Cole Publishing Co.

Kirk, S.A., Gallagher, S.J.J. & Anastasiow, N.J. 1997. *Educating Exceptional Children*. 8th edition. Houghton Mifflin Company. USA.

Pert, C.B. 1997. *Molecules of Emotions: Why you Feel The Way You Feel*. USA. Simon & Schuster Inc.

Raymond, S. 2001. *Supporting dyslexic pupils.* London. United Kingdom. David Fulton Publishers.

Robbins, A. 1994. *A Multi-Modal Approach to Creative Art Therapy*. USA. Jessica Kingsley Publishers.

Sweeney, D. S. & Hofmeyer, C. 1999. *Handbook of group play therapy: How to do it, how it works, whom its best for.* San Francisco. USA. Jossy-Bass Publishers.

Townend, J. & Turner, M. 2000. *Dyslexia in Practice: A Guide for Teachers*. United Kingdom. Kluwer Academic/Plenum Publishers.

Thomas, G. V. & A. M. J. Silk, 1990. An Introduction to the Psychology of Childrens Drawings. Great Britain. Harvester Wheatsheaf.

Wild, S. 2000. *Sixth Sense*. USA. Hay House Inc.

SENSORY STIMULATION OF THE PRIMARY SCHOOL CHILD WITH DYSLEXIA

by

ELSIE SUSANNA ELIZABETH SWART

Submitted in part fulfilment of the requirements
for the degree of

MASTER DIACONIOLOGIAE
(PLAYTHERAPY)

at the

UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA

SUPERVISOR: MNR H B GROBLER

NOVEMBER 2005

Bylaag 1.1

Elzabeth Swart

BA(SW)Pret
Practice number: 089 000 0179213

PO Box 30
Windhoek
228613
0812626640

Play Therapy

Play Therapy Study

I am Elzabeth Swart and is an experienced social worker, studying M Diac. (Play Therapy) and specialise in sensory perception with children in Play Therapy. I have successfully done Play Therapy with some of the children at EDUHELP during 2004 and decided to do research on the sensory perception of children with learning challenges.

What is going to happen in the Play Therapy session?

We are going to play!!!! Especially sensory games like music making, trying our tastebuds and doing touch riddles and lots more. The aim is for the children to learn more about themselves including confidence building. I can promise that it will make a difference in your child's life and that he/she is going to enjoy it. We would really want your child to participate in the Play Therapy research and will appreciate your consent.

Remember!

Knowledge can make a difference!

The following conditions apply :

Participation is voluntary and you may at any time withdraw from the study

- All information is confidential.
- The sessions will be videotaped for control purpose by UNISA.
- The Play Therapy sessions will be free of charge.
- Your child must attend the weekly sessions at the Therapist's consulting rooms on the pre-arranged time, in the afternoon.
- Feedback will be given to the children and parents at the end of the six sessions.

Please send this information form back to school as soon as possible.

My child, ... would like to participate in the Play Therapy study with Elzabeth Swart.

If you want to join, please complete the following information.

Learner information

Name & Surname:.....

Tel / Cell no:.....

Parent(s) Information

Father

Name:.....

Physical address:.....

Tel home:.....

Tel work:.....

Cell no:.....

E.mail:.....

Mother

Name:.....

Physical address:.....

Tel home:.....

Tel work:.....

Cell no:.....

E.mail:.....

I ..... hereby give my consent for the participation of my child in the Play Therapy study.

.....

Parent / Guardian

Thank you,

_____

Elzabeth Swart

Bylaag 1.8

Die Schoeman Model

- Terapeutiese verhoudingsbou

- Sensoriese kontakmaking

- Eksploreer die kind se proses

- Laat die kind ‘n projeksie maak. Besluit of dit ‘n oop of geslote projeksie gaan wees

- Neem ‘n besluit oor: vorm van spel
  Medium (Die kind kan enige medium kies).
  Tegniek (Die tegniek kan die droom, roosbos, Oaklander se model of monster tegniek wees en die volgende stappe kan gevolg word)

- Die kind beskryf sy projeksie en die volgende vrae kan gevra word

  Hoe oud?
  Watter kleur?
  Watter emosies?
  Waar leef hy?
  Waar werk hy?
  Vertel my van sy vriende?
  Enige ander vrae wat die terapeut dink is belangrik

- Die kind moet besitneem van die projeksie

- Speel die rol wanneer ddit gebeur het

- Bespreek alternatiewe in terme van die verlede (wat reeds gedoen is)
  Hede (wat gedoen kan word)
  Toekoms (wat gedoen kan word)

- Die kind moet self keuses maak
- Die kind moet verantwoordelikheid aanvaar vir sy emosies
- Werk in samevloeïing indien nodig
- Werk in polariteite indien nodig
- Klarifieer of somop omdat dit belangrik is vir die kind se gevoel van veiligheid
- Bemagtig die kind met positiewe dinge in sy lewe
- Help die kind om homself te vertroetel
- Help die kind om ‘n veilige ruimte te vind.

Schoeman (2002:12)